# DIE WATERVERDELING AAN DIE SCHOONSPRUIT MET VERWYSING NA KLERKSDORP EN VENTERSDORP, 1839 - 1899.

deur P.W. BUTLER
BA(Hons), THOD, VDO (JW)

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereiste vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

STUDIELEIER: Prof. P.F. van der Schyff

VEREENIGING
Junie 1986

INHOUD BLADSY

VOORWOORD i

INLEIDING iii

LYS VAN KAARTE vi

1. DIE ROL VAN WATER IN DIE VESTIGING VAN DIE EERSTE GEMEENSKAPPE IN DIE KAAPKOLONIE EN TRANSVAAL: 1652 TOT DIE EERSTE HELFTE VAN DIE NEGENTIENDE EEU 1

2. VESTIGING AAN DIE SCHOONSPRUIT EN DIE EERSTE WATERREëLINGS TOT 1875 18

2.1 Die vestiging en aard van die Elandsheuwel-nedersetting (Klerksdorp) 18

2.2 Waterreëlings aan die Schoonspruit tot 1858 25

2.3 Waterregulasies vir die Schoonspruit (1859) en die ordening van die Klerksdorp- en Ventersdorpnedersettings tot 1875 32

3. WATERREGULASIES VIR DIE SCHOONSPRUIT, 1875 - 1887 42

3.1 Die ordening van die Ventersdorpgebied deur Adriaan Röscher 42

3.2 Adriaan Röscher se rol in die verkryging van waterregulasies vir die Schoonspruit 48

3.3 Die finale afronding van waterregulasies vir die Schoonspruit: 1884 - 1887 58

INHOUD (vervolg)


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 3.4 | Joubert-kommissie se evaluering en aanbevelings aan die Uitvoerende Raad rakende die waterprobleme van Schoonspruit | 74 |
| 3.5 | Die Volksraad se hantering van die waterregulasies van die Schoonspruit, 22 - 23 Junie 1887 | 77 |
| 3.6 | Probleme in die Ventersdorpomgewing na die aanvaarding van Wet nr. 17 van 1887 deur die Volksraad | 82 |
| 4. | INTERNE WATERPROBLEME VAN VENTERSDORP | 88 |
| 4.1 | Die Ventersdorpstigting en die verkryging van waterregulasies vir Ventersdorp | 88 |
| 4.2 | Die waterkommissie van Ventersdorp en die waterfiskaal van die Schoonspruit | 102 |
| 4.3 | Die Ventersdorpwatervoor en die ontbinding van die waterkommissie: 1896 - 1899 | 116 |
| 5. | INTERNE WATERPROBLEME, WATERREëLINGS EN VERDELINGS IN KLERKSDORP | 130 |
| 5.1 | Klerksdorp verkry dorpstatus | 130 |
| 5.2 | Die Klerksdorp-waterskema | 134 |
| 5.3 | Die stryd om waterregte tussen Klerksdorp en Elandsheuwel | 147 |
| 5.4 | Die Neethling-kommissie se ondersoek na die Klerksdorp - Elandsheuwel waterverdeling | 153 |

INHOUD (vervolg) BLADSY

5.5 Die Neethling-kommissieverslag oor die water-verdelings tussen Klerksdorp en Elandsheuwel 158

6. SLOTBESKOUINGE EN BEVINDINGE: WATERVERDELING AAN DIE SCHOONSPRUIT, 1839 TOT 1899 161

BRONNE 170

SYNOPSIS 176

# VOORWOORD

Sonder die insiggewende advies van 'n studieleier wat met entoesiasme saam met my die Schoonspruit verken het, sou hierdie opdrag moeilik uitvoerbaar gewees het. Daarom wil ek in besonder professor P.F. van der Schyff bedank vir die effektiewe leiding wat ek van hom ontvang het.

Mnr. Roelf Marx, kurator van die Klerksdorpse museum, se aanmoediging om my op die terrein van die plaaslike geskiedenis te begeef, het baie bygedra tot die keuse van hierdie onderwerp.

Die personeel van die Transvaalse Argiefbewaarplek in Pretoria wat met welwillendheid en kundigheid my op die spoor van talle dokumente geplaas het, verdien spesiale dank vir die besondere hulpverlening.

Die personeel van die Departement van Waterwese (Potchefstroom) word bedank vir die beskikbaarstelling van kaarte en inligting oor die kontemporêre waterprobleme van die Schoonspruit. Andrew Brown, as skrywer van "Golden Heritage", se hulpverlening met sommige kaarte wat in die verhandeling voorkom, word hoog op prys gestel.

Die boeregemeenskap langs die Schoonspruit se toenemende belangstelling in die historiese agtergrond van hulle kontemporêre waterproblematiek het genoeg aanmoediging verskaf om hierdie studieterrein te verken.

My dank gaan ook uit aan mev. P. Enslin en mnr. J. Marais vir die kritiese taalversorging van die verhandeling. Die hulp met tikwerk wat ek van mevv. R. van der Merwe en J. Jovner ontvang het, het my taak aansienlik vergemaklik.

Die finansiële bystand en geleentheid wat die Transvaalse

Onderwysdepartement my gebied het om my studie tot hiertoe te voltooi, verdien spesiale erkenning.

Die morele ondersteuning van my familielede Eleanor, Catherin, David en Richard bly 'n bron van inspirasie.

Omdat die hart vir die arbeid en die arbeid vir die hart bedoel is - dáárom het die Skepper albei gegee as "lewensaar". Daarom my grootste dank aan Hom wat alles harmonieer tot 'n sinvolle samehang!

P.W. Butler
VEREENIGING
Junie 1986

# INLEIDING

Die vestiging van die eerste Voortrekkers op die walle van die Schoonspruit teen ongeveer 1838 het die grondslag gelê vir die totstandkoming van die Elandsheuwelnedersetting (die latere Klerksdorp). Die wisselvallige reënval en die dikwels beperkte vloei van die Schoonspruit het meegewerk dat nuwe intrekkers langs die spruit op beweeg het waar hulle reeds teen die middel van die negentiende eeu in groot getalle in die omgewing van die huidige Ventersdorp gevestig was.

Water as die lewensaar vir die voortbestaan en ontwikkeling van gemeenskappe moes soos in die geval van Klerksdorp en Ventersdorp deur die owerheid oor 'n afstand van byna 70 kilometer beheer en gekontroleer word. My studieterrein is gerig op die administratiewe ordening van die gebied aan die hand van waterregulasies en reëlings wat langs die Schoonspruit van toepassing gemaak is. Die sieninge en motiewe van die oewerbewoners van die Schoonspruit word gereleveer wat uiteraard die basis gevorm het van interne vetes en botsings oor waterverdelings tussen Klerksdorp en Ventersdorp.

Struwelings en konflikte tussen oewerbewoners langs die Schoonspruit word in die twintigste eeu voortgesit. Die opvallende dispute tussen die hoërliggende oewerbewoners (Ventersdorp) en die laerliggende deel (Klerksdorp) duur steeds uit die tagtigerjare van die negentiende eeu voort.

Ten spyte van die bemiddelingsrol van die Schoonspruitse Staatswaterskema met sy advieskomitee het die eise van die opponerende oewerbewoners om groter waterregte te verkry, gelei tot onmin en konflik tussen die belanghebbendes. Indringende historiese navorsing oor die tydperk 1900 - 1985 oor hoe waterregte en serwitute aan oewerbewoners toegeken is, kan 'n groot bydrae lewer om groter duidelikheid te verskaf oor kontemporêre waterprobleme langs die Schoonspruit. Hierdie omvattende taak sou egter groot eise aan die historikus stel

aangesien die studie van die waterreg 'n integrale deel van sodanige studie sou vorm.

Ek het dus in die onderhawige studie gepoog deur die gebruikmaking van hoofsaaklik argivale materiaal om die probleme rondom waterverdelings in die tydperk 1839 - 1899 in 'n historiese perspektief te plaas wat sodoende as aanloop kan dien vir die twintigste eeuse waterproblematiek.

Verder is ek in die geleentheid geplaas om myself te oriënteer rondom die geografiese probleme van die spruit wat in die negentiende eeu 'n knelpunt vir die oewerbewoners was.

My navorsing is hoofsaaklik in die Transvaalse Argiefbewaarplek in Pretoria gedoen en die argiefbewaarplek van die Staatssekretaris het in hierdie verband die basis vir dokumentestudie gevorm.

'n Groot leemte wat ondervind is, is die feit dat ten spyte van enkele sekondêre bronne van die plaaslike geskiedskrywer van Klerksdorp, Herman Guest, weinig inligting oor die vroeë geskiedenis van Klerksdorp beskikbaar was. Dié probleem ten opsigte van Ventersdorp rakende sekondêre bronne was selfs groter.


Andersins is ek dankbaar dat daar ten opsigte van die watergeskiedenis van die Schoonspruit genoeg inligting hieroor in die Transvaalse Argiefbewaarplek beskikbaar is.

In hierdie studie word die volgende afkortings ten opsigte van voetnote gebruik, naamlik S.S. (Argief van die Staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek), U.R. (Uitvoerende Raadsbesluite), V.R.B. (Volksraadsbesluite) en Kp. (Argief Klerksdorpse Delwerye). Die benaming "Schoonspruitgebied" omskryf die gebied vanaf Klerksdorp tot Ventersdorp. "Bo-Schoonspruit"

dui die Ventersdorpomgewing aan vanaf die plaas Oog van Schoonspruit. "Erwe" dui op die benaming wat aan plase gegee is met die vestiging van die eerste nedersetters by Elandsheuwel. Vir Jacob de Clercq (De Klerk) na wie Klerksdorp vernoem is, word laasgenoemde spelwyse deurgaans gevolg.

LYS VAN KAARTE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | Studieterrein Schoonspruit | vii |
| 2. | Klerksdorp 1871: sketskaart van Klerksdorp soos geïnspekteer op 27 en 28 Maart 1871. | tussen bl. 24 en 25 |
| 3. | Die Ventersdorpwatervoor: Waterkommissie se beplande nuwe watervoor 19/2/1896. | tussen bl. 116 en 117 |
| 4. | Die Ventersdorpwatervoor: detailplan van nuwe watervoor 1896. | tussen bl. 116 en 117 |
| 5. | Die Klerksdorpwaterskema 1889: "Anglo Transvaal Land en Goud Gezelschap", algemene plan. | tussen bl. 141 en 142 |
| 6. | Klerksdorp 1896 | tussen bl. 143 en 144 |


STUDIETERREIN
SCHOONSPRUIT (A – B)
A
B
VENTERSDORP
KLERKSDORP
STILFONTEIN
IP
SCHOONSPRUIT
NATUURRESERVAAT
27°
45'
WES-RAND DR 2626

# DIE WATERVERDELING AAN DIE SCHOONSPRUIT MET VERWYSING NA KLERKSDORP EN VENTERSDORP 1839 - 1899

## HOOFSTUK 1

## DIE ROL VAN WATER IN DIE VESTIGING VAN DIE EERSTE GEMEENSKAPPE IN DIE KAAPKOLONIE EN TRANSVAAL: 1652 TOT DIE EERSTE HELFTE VAN DIE NEGENTIENDE EEU

Dit is 'n feit dat die mens se geskiedenis diep wortel geskiet het in die aardse materiële dinge. F.J. Potgieter konstateer dat daar 'n noue verband tussen die mens en sy omgewing bestaan. Ook beklemtoon I. Bowman hierdie verband: "The history of a people is inseperable from the country it inhabits."(1)

Die mens se gebondenheid aan sy omgewing wat hy beset en later bewoon, word in 'n groot mate bepaal deur die aanwesigheid van 'n bepaalde lewensbron: water! Die beskikbaarheid van of die gebrek daaraan is bepalende faktore in die bestaansontwikkeling van die individu en sy gemeenskap. Waar beperkte watervoorrade vir 'n gemeenskap aanwesig is, het dit regstreeks tot gevolg die regulering en beheer daarvan deur die owerheid of gemeenskap. Gebrekkige regulering of kontrole sal uiteraard tot wrywing en botsings binne 'n gemeenskap lei.

Die beheer en kontrole wat sedert die volksplanting aan die Kaap ontstaan het, het die grondslag gevorm van die waterregstelsel in Suid-Afrika. Die verspreide aanwesigheid van water het ook die vestiging van gemeenskappe oor 'n wye front van die gebiede wat gekoloniseer en beset is, bepaal. Suid-Afrika se

---

(1) I. Bowman, Geography in relation to the social sciences, p. 218, soos aangehaal deur F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal, 1837 - 1866, pp. 2 - 3.

geskiedenis is inderdaad in 'n groot mate beïnvloed deur die verspreidheid van dié allesbepalende lewensbron.

Die eerste dag na die aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap, 7 April 1652, het hy aan wal gegaan ten einde 'n geskikte terrein vir die oprigting van 'n vesting te ondersoek. Die eerste vergadering van die Politieke Raad die volgende dag is gewy aan die besprekingspunt om aan die Verserivier "een generaal rendevous te begrijpen ende tot dien eijnde op die bequaemste plaatse een deffencief fortresse ofte sterckte op te werpen" en om ná die voltooiing van die fort "onder faveur van dien sodanige landerijen vorders in possessie te nemen als tot cultivatie ende aenfockinge van allerhande vee ende verversinge voor Comps respektive heen ende weder nagiverende schepen."(2)

Die keuse vir die oprigting van 'n fort het geval op 'n stuk grond "dichte bij de strandt op die cant aen de Oostsijde van't Oostelijkste Versse Revierken" om, soos vooraf deur die Here XVII beplan was, die rivierwater in gragte om die fort te lei.(3) Vanweë die waterrykheid van Nederland het die watergragte hier kenmerkend van die Nederlandse vestingsboukunde geword. Die beplanning van die fort is sodanig gedoen dat een van die bolwerke tot aan die rivier gestrek het om die lei van die water in die grag te vergemaklik.(4)

Die eerste tekens van staatsbeheer oor publieke strome in Suid-Afrika vind sy neerslag in 'n plakkaat van Jan van Riebeeck

---

(2) G. Molsbergen, De Stichter van Hollands Zuid Afrika: Jan van Riebeeck, p. 65, soos aangehaal deur A.C. Ras, Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingswerke, 1652 - 1713, p. 8.

(3) J. Colenbrander, J.P. Coen - Levensbeschrijving, p. 196, soos aangehaal deur A.C. Ras, Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingswerke, 1652 - 1713, p. 8.

(4) A.C. Ras, Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingswerke, 1652 - 1713, pp. 8 en 12.

op 10 April 1655: onsuiwere drinkwater in die strome van die Tafelbergvallei het aanleiding gegee tot siektes onder die matrose van die N.O.I.K. wat groot kommer by die owerheid gewek het. Hierdie plakkaat het "aancomende opperhoofde en minder gequalifiseerde" persone verbied om die waterstrome as bad- en wasplek te gebruik. Hierdie verbod word herhaal in 'n algemene plakkaat op 25 April 1657 met 'n uiteensetting van strawwe wat opgelê sou word by die miskenning daarvan. Hierdie plakkaat se hoofdoel was om die gesondheid van die inwoners, wat deur onsuiwer water benadeel kon word, te verseker. Wat die plakkaat verder releveer, is die feit dat die Kompanjie as staatsinstelling die beheer oor die water wat in die gebied vloei, gehad het.(5)

Die Here XVII gee in April 1665 opdrag dat die kleifort met 'n sterk klipkasteel vervang moet word vanweë sy bouvalligheid en beperkte verdedigingsmoontlikhede.(6) Die nuwe kasteel is beplan om ongeveer 240 treë vanaf die ou fort gebou te word waar drinkwaterputte makliker gegrawe kon word. Hierdie waterputte sou 'n belangrike funksie vervul ingeval van 'n vyandige beleëring aangesien dit die inwoners die geleentheid sou bied om langer weerstand te bied. 'n Verdere voordeel was dat die varswaterstroompies van Tafelberg beter deur die inwoners benut kon word vir besproeiing van hulle tuine en dié van die Kompanjie.(7) Die werk aan die beplande grag van die kasteel is in Februarie 1681 laat vaar aangesien die ongelykheid van die grond 'n oneweredige watergrag tot gevolg sou

---

(5) C.G. Hall, The origin and development of waterrights in South Africa, p. 11.

(6) A.C. Ras, Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingswerke, 1652 - 1713, pp. 32 en 55.

(7) A.C. Ras, Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingswerke, 1652 - 1713, pp. 57 - 58.

hê. Vir hierdie jong Nederlandse verversingspos het die kasteel die middelpunt van die regerings-, militêre -, siviele - en sosiale aktiwiteite geword.(8)

Die vestiging van die landbou is een van die vernaamste mikpunte wat Jan van Riebeeck vir homself aan die Kaap gestel het. Die eerste pogings om koring te verbou, het skipbreuk gelei as gevolg van die suidoostewind wat die Kaap gedurig geteister het. Proefnemings is vanaf 1655 by Rondebosch gedoen ten einde die sukses van aangeplante gesaaides soos koring, hawer en gars te bepaal. Van Riebeeck het reeds die toestemming van die Here XVII gehad om dienare van die Kompanjie wat bereid was om ten minste 10 jaar aan die Kaap te bly woon, as vryburgers te verklaar. Die suksesvolle proefnemings by Rondebosch het hom daarvan oortuig om geskikte amptenare aan te moedig om vryburgers te word. In Februarie 1657 is die eerste vrybriewe uitgereik: ten ooste van die Verserivier, later bekend as die Liesbeek, is grond aan 5 persone toegewys, die Harmanskolonie wat die plasie Groenevelt moes bewerk. Aan die westekant van die riviertjie moes 'n geselskap van 4 persone in die Stevenskolonie die boerderybelange van die Kaap bevorder. Die vryburgers moes hulle hoofsaaklik op koringverbouing toespits en binne enkele maande is 84 morg reeds geploeg.(9) In Mei 1657 is die eerste koringmeul - 'n sogenaamde perdemeul - uit Nederland ingevoer(10) en langs die Verserivier opgerig onder toesig van die meulenaar Wouter Mostert.(11)

---

(8) A.C. Ras, Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingswerke, 1652 - 1713, pp. 82 en 96.

(9) A.J. Böeseken, "Jan van Riebeeck en sy stigtingswerk, 1652 - 1662", in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 44 - 47.

(10) P. Calitz, "Die eerste stukkie Suid-Afrikaanse bodem is op 1 Mei 1652 omgespit", in Die Landbouweekblad, 26/3/1952, p. 12.

(11) H.G. Lintvelt, "Die Vryburgers was die eerste Suid-Afrikaners", in Die Huisgenoot, 7/3/1952, p. 53.

Die Kompanjie se beheer oor waterstrome is met die instelling van die vryburgers verder uitgebrei. Die waterstrome van die Tafelbergvallei is aanvanklik gebruik vir die besproeiing van die Kompanjiestuine, maar 'n plakkaat van 16 Desember 1661 verbied Kompanjiesamptenare en vryburgers "de water spruiten in deze tavel valley te stuten over of op't lant te verleyden in wat maniere ende onder welchen schyn sulcx ook mochte wezen ... alzoo de meulen ende onder saecken daar door verhindert worden."(12) Die belange van die koringmeul en die Kompanjie se beheer oor die waterstrome word hiermee weer eens bevestig.

Die koms van Simon van der Stel in 1679 is van besondere betekenis vir die Kaap ten opsigte van die ontwikkeling en kolonisasie wat in sy bewindstydperk plaasgevind het.(13) In hierdie kolonisasieprogram van Van der Stel sou water weer eens die bepalende rol in die uitbreiding van die Kaap speel.

Toe Van der Stel sy opdrag van die Here XVII moes uitvoer ten opsigte van groter landbouaktiwiteite was dit byna vanselfsprekend dat sy aandag op die bergreeks naby Valsbaai, wat ongeveer vier kilometer vanaf Tafelbaai is, sou val: die sanderige Kaapse vlakte was onaantreklik teenoor die vrugbare bergvalleispoelgrond, standhoudende water en 'n oorvloed van hout.

---

(12) C680.: Origineel Placcaat Boek, p. 26, soos aangehaal deur C.G. Hall, The origin and development of water-rights in South Africa, pp. 12 - 13. In 1761 ontvang die oewerbewoners die vergunning van goewerneur Ryk Tulbach en die Politieke Raad om twee uur per dag water uit die Tafelbergstroom te onttrek. Na aanleiding van die klagte van die meulenaar dat oewerbewoners ook die water gedurende die nag gebruik, word waterleibeurte ingestel. Ten spyte hiervan was dit duidelik dat die Kompanjie vir homself die reg voorbehou het om soveel water te gebruik as wat die koringmeul sou benodig. Die vryburgers wat langs die stroom gewoon óf deur wie se grond die stroom gevloei het, het dus geen waterregte gehad nie.

(13) P.J. van der Merwe, "Van verversingspos tot landbou-kolonie", in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 65.

Slegs drie rivierlope kon vir 'n nuwe nedersetting in aanmerking kom, naamlik die Bergrivier (waar Franschoek en Paarl later aangelê is), die Lourensrivier in Hottentots-Holland waar koring reeds verbou word met 'n bestaande veepos òf die Eersterivier. Die ligging van laasgenoemde en sy afstand vanaf die Kaap het dit die aangewese vestigingsplek gemaak.(14)

Simon van der Stel het waarskynlik die terrein van die Eersterivier op 6 November 1679 besoek. Die vrugbaarheid van die vallei en die digte houtbos op die oewers moes hom beïndruk het. Die eerste boer het hom reeds teen die einde van 1679 in die gebied gevestig terwyl in die volgende jaar nog 12 vryburgergesinne hulle daar gevestig het. Hierdie vestiging by Stellenbosch word 'n belangrike keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika. Deur hierdie optrede het die Kompanjie gebreek met die gedagte dat die Kaap slegs 'n verversingstasie sou wees. Stellenbosch se stigting vorm die vertrekpunt van die kolonialisering van die land: die eerste stap vanaf die see na die binneland!(15)

Stellenbosch se groei is in 'n groot mate beïnvloed deur die loop of vloei van die rivier. Vrugbare spoelgrond en besproeiingswater het die rigting bepaal waarin die dorp ontwikkel het: (in die lengte) van wes na oos.(16) Eers onder die Betaafse bewind (1805) het die werklike probleme oor

---

(14) P. Serton, "Geografiese beskrywing", in (Stadsraad), Stellenbosch, 1679 - 1929, p. 121.

(15) J. du Plessis, "Grepe uit die Geskiedenis", in (Stadsraad), Stellenbosch, 1679 - 1929, p. 51

(16) P. Serton, "Geografiese beskrywing", in (Stadsraad), Stellenbosch, 1679 - 1929, pp. 123 - 124

waterverdeling langs die Eersterivier opgeduik. Uit die oorspronklike afloop van die Eersterivier het 'n nuwe systroom ontstaan, naamlik die Meulstroom wat hoofsaaklik die Kompanjie se koringmeul bedien het.(17)

Die dorpsinwoners het gaandeweg die gewoonte ontwikkel om water uit die Meulstroom te onttrek tot nadeel van die laerliggende plase. Om dit te bekamp, het die amptenare van die Kompanjie regulasies opgestel wat die inwoners dit verbied het. Sluise moes gebou word uit die Mostertdrifvoor en enige wateronttrekking met die oog op besproeiing is onder die toesig en beheer van die landdros en heemrade geplaas. Boere wat water uit die Eersterivier onttrek het, kon die water slegs gebruik het vir "noodzaakelyke einden" en moes die oorskot in die voor terugkeer.(18) Die begrip "noodzaakelyke einden" het die maatstaf geword vir die gebruik van water deur die dorpsinwoners en laerliggende plase. Dat die laerliggende plase se behoeftes nie in hierdie verband bevredigend opgelos is nie, blyk uit die talle botsings vanaf 1805 tot diep in die twintigste eeu oor hierdie waterverdeling.(19)

Na die stigting van Stellenbosch in 1679 het Simon van der Stel die kolonisasieprogram verder voortgesit deur in 1687 vrybriewe uit te reik langs die Bergrivier waar Drakenstein later ontstaan het. Die oorgrote meerderheid van die Franse

---

(17) C.G. Hall, The origin and development of waterrights in South Africa, pp. 19 - 20.

(18) C.G. Hall, The origin and development of waterrights in South Africa, pp. 19 - 20.

(19) C.G. Hall, The origin and development of waterrights in South Africa, p. 20. Die laaste waterhofsaak wat in November 1932 in Stellenbosch plaasgevind het, is buite die hof geskik.

Hugenote wat hulle in 1688 aan die Kaap gevestig het, het grond in die Bergriviervallei ontvang.(20)

Veeboerdery wat aanvanklik as 'n bybedryf aan die Kaap ontwikkel het, was van die begin af gewilder as akkerbou aangesien laasgenoemde in 'n groot mate van die natuurelemente afhanklik was. Vryburgers wat as landbouers begin het, het hulle al hoe meer op veeboerdery toegespits en sommiges het selfs die akkerbou laat vaar. Terwyl Simon van der Stel bang was dat die trekkery met vee oor die grense die akkerbou sou benadeel, het sy seun W.A. van der Stel vanaf 1699 die groot veeboerpionier aan die Kaap geword.(21)

In 1699 het W.A. van der Stel noordwaarts die gebiede vanaf die Kaap ondersoek en stel hy die vrugbare Tulbachkom tot die beskikking van die koloniste.(22) Weilisensies word vanaf 1703 aan veeboere uitgereik om vir 'n tydperk van drie maande buite die grense van die Kaap te vertoef - hierdie vergunning word in 1721 uitgebrei tot een jaar. Die feit dat die veeboere vir 'n jaar buite die grense kon vertoef, het 'n sekere permanensie aan die veeboerbeweging begin gee.(23)

Die eerste veeposte is opgerig in die Groenkloof aan die Dassenberg, Sout-, Berg- en Vier-en-Twintigriviere.
Die gebied oos van die Hottentots Hollandberge, wat W.A. van der Stel vir homself uitgehou het, is met die herroeping van Van der Stel ook deur die veeboere beset. By die vestiging van 'n veepos moes die terrein voldoen het aan sekere vereistes: bereikbare riviere òf spruite òf standhoudende kuile

---

(20) P.J. van der Merwe, "Van verversingspos tot landbou-kolonie", in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 67 - 70.

(21) P.J. van der Merwe, "Van verversingspos tot landbou-kolonie", in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 75 - 76.

(22) A.J.H. van der Walt, "Die eeu van die veeboer-pionier, 1707 - 1779, in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 86.

(23) J.B. Scott, The Eastern Cape, 1700 - 1800, pp. 33 - 35.

òf fonteine. Teen 1717 was die voorste veeposte in die Verlore Vallei geleë langs die Kruisrivier in die noorde, die Breërivier in die ooste en langs die Hexrivier.(24)

Teen 1732 kon veeposte aangetref word naby die samevloeiing van die Olifants- en Doornriviere, en langs die Gourits- en Groot Brakrivier. In die veertigerjare word die noordwaartse beweging van die veeboere gestuit deur woestynagtige dele met beperkte watervoorsiening. Die trekbeweging het meer ooswaarts begin beweeg langs die noordelike hange van die Roggeveldberge waar die besetting beperk was tot valleie en bergdele met die meeste standhoudende water.(25)

Die gebrek aan kapitaal vir die benutting van landbougrond aan die Kaap het met die instelling van die leningsplaasstelsel op veeposte 'n nuwe geslag gekry wat hierdie gebiede hulle tuiste gemaak het.(26) Na 1714 is daar reeds deur die Kompanjiesregering 'n heffing geplaas op elke leningsplaas as erkenning van die regering se eienaarskap op die plase. Teoreties kon die regering hierdie vergunning opsê, maar in die praktyk het dit egter nooit gebeur nie.(27)

Weens die klimaat- en bodemgesteldheid van die land, wisselvallige reënval, gebrek aan standhoudende water en weidingstekorte het die veeboere steeds dieper die onbewoonde gebiede

---

(24) A.J.H. van der Walt, "Die eeu van die veeboer-pionier, 1707 - 1779, in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 86 - 87.

(25) P.J. van der Merwe, Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770 - 1842, pp. 2 - 3.

(26) A.J.H. van der Walt, "Die eeu van die veeboer-pionier 1707 - 1779, in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 88 - 89.

(27) C.G. Hall, The origin and development of waterrights in South Africa, p. 27.

binnegedring.[28] Teen 1778 was gebiede aan die oosgrens van die Kaap reeds beset, naamlik 'n strook tussen die Gamtoos- en die Visrivier[29] waar reeds talle boere met groot troppe vee aangetref is en daagliks vanaf hulle leningsplase as basis heen en weer geswerf het. Die onmag van die owerheid om hierdie rondswerwery te bekamp, het meegebring dat die Politieke Raad in 1780 die Visrivier as oosgrens tussen die kolonie en die Xhosas bepaal het. Hiermee het die veeboer- en kolonie-uitbreiding tot stilstand gekom hoofsaaklik as gevolg van die Bantoe-immigrantestroom van veetelers en landbouers wat hulle oorkant die Visrivier gevestig het. Hierdeur word die blanke uitbreiding na die ooste gestuit, maar sou hulle alles in hulle vermoë doen om die Bantoe-indringing in die volgende jare te stuit.[30]

Die aanwesigheid van voldoende water het in die Kaapkolonie van gebied tot gebied verskil. So het die landdros en heemrade in 1808, na aanleiding van verslae oor 113 leningsplase in die Graaff Reinetomgewing, bevind dat 60% van die plase voldoende water vir gebruik en selfs vir tuinbou gehad het. Die meeste plase het oor twee of meer fonteine òf rivier- òf kuilwater beskik.[31] In die meeste gebiede is die veeboerdery op 'n lukraak manier aangepak. Daar is geen voorsiening gemaak vir voer vir droogtetye nie asook geen waterskemas aangepak nie. Groot gebiede is deur oorbeweiding en gronderosie braakgelê weens die feit dat die veeboer, ná die

---

(28) A.J.H. van der Walt, "Die eeu van die veeboer-pionier, 1707 - 1779, in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 88 - 89.

(29) P.J. van der Merwe, Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770 - 1842, p. 3.

(30) A.J.H. van der Walt, "Die eeu van die veeboer-pionier, 1707 - 1779, in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 97 - 99.

(31) P.J. van der Merwe, Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770 - 1842, p. 192.

benutting van sy grond, verder getrek het opsoek na meer water en weiding.(32)

Standhoudende watervoorsiening het in die besette gebiede steeds 'n probleem gebly en dit het al moeiliker geword om plase te vind wat dwarsdeur die jaar water gehad het.(33) Reeds vanaf 1819 kry ons die tendens dat boere oor die Oranjerivier trek om tydelike weivelde te soek in tye van droogte.(34) Selfs waar goeie weiveld beskikbaar was, het die opdroog van panne en fonteine die boere verplig om te trek om na standhoudende water te soek.(35) Die droogtes van 1837 en 1838 het boere in die rigting van die Transoranje gedwing en talle vestig hulle toe aan die Modder-, Riet- en Kafferriviere. Teen 1844 het 1500 blankes hulle reeds tussen die Oranje- en Modderrivier gevestig.(36)

In teenstelling met die trekboere wat ekonomies geïnspireerd die grense oorgesteek het, het die Groot Trek as georganiseerde beweging met erkende leiers plaasgevind. Die Voortrekkers het self geen belangstelling gehad in die gebiede van die trekboere nie, maar wou hulle so ver moontlik buite die koloniale grense gaan vestig.(37)

Die drie kommissies wat voor die Groot Trek uitgestuur is om

---

(32) J.B. Scott, The Eastern Cape, 1700 - 1800, p. 39.

(33) P.J. van der Merwe, Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770 - 1842, p. 192.

(34) A.J.H. van der Walt, "Die Groot Trek tot 1838", in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 189.

(35) P.J. van der Merwe, Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770 - 1842, p. 302.

(36) A.J.H. van der Walt, "Die Groot Trek tot 1838", in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 189 - 190

(37) A.J.H. van der Walt, "Die Groot Trek tot 1838", in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 191.

die binneland te verken, het veral op die volgende faktore gelet: of dit onbevolkte gebiede was en of genoegsame water en hout vir die oprigting van huise beskikbaar was. Alhoewel die gebied ten noorde van die Vaalrivier grootliks onbeken en ver van 'n hawe af was, was dit van die begin af 'n belangrike oorweging vir die Trekkerleiers. Die heuwelryke gebiede en natuurskoon met voldoende water en hout, het 'n bepalende rol gespeel in die besluit van die Voortrekkers om hulle in Port Natal te vestig.(38)

In die lotsbestemming van die Voortrekkers speel riviere 'n deurslaggewende rol as vestigingspunte of oorlewingspunte. Bloukransrivier en Boesmansrivier vorm die vertrekpunt van 'n donker tydvak in die Voortrekkergeskiedenis, terwyl die slag van Bloedrivier die eerste skof van die okkupasie van die binneland ingelei het.

Teen 1840 het die Voortrekkergebied uit die streek tussen die Tugela, die Swart Umfolozi, die Drakensberge en die see bestaan. Die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier is as onbetwiste Voortrekkergebied beskou, terwyl A.H. Potgieter reeds in 1837 die grondgebied noord van die Vaalrivier tot aan die Limpopo van die Matebele verower het. Die gebied tussen die Vet- en die Oranjerivier was nie 'n suiwer Voortrekkergebied nie en Voortrekkers, Trekboere, Griekwas, Basoetoes en Barolongs het naas- en deurmekaar gewoon.(39)

Die Voortrekkers het teen 1855 reeds vyf dorpe in die gebied tussen die Vaal- en Limpoporiviere aangelê: Potchefstroom (1838), Schoemansdal (1848), Lydenburg (1850), Rustenburg (1851) en Pretoria in 1855.(40)

---

(38) J. Meintjes, The Voortrekkers, pp. 18 - 19.

(39) I.D. Bosman, "Die Groot Trek, 1838 - 1854", in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 221.

(40) D.W. Krüger, "Britse kolonies en Boererepublieke, 1854 - 1872", in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 250.

Die houding van "geen water, geen dorp" was die norm van 'n leefwyse en die ervaring van baie jare. So is na die aanleg van Potchefstroom in November 1841 besluit om die dorp 'n uur te perd langs die oewer van die rivier af te skuif weens die swak dreinering van die gebied waar die Voortrekkers hulle aanvanklik gevestig het.(41) Ook Lydenburg word in 1850 verskuif na 'n plek waar daar voldoende water sou wees.(42)

'n Voldoende watervoorraad was nie net belangrik vir dorpsbewoners nie, maar die eerste intrekkers in Transvaal het net soveel waarde aan water op hul plase geheg. Voordat 'n plaashuis gebou is, moes 'n fontein opgespoor en uitgehaal word - soms tot vyf of selfs tien kilometer van die beplande plaashuis af.(43) Hoe meer water die fontein lewer, hoe groter waarde het die plaas verkry. Die water is as drinkwater, water vir die vee en leiwater gebruik.(44) Gewoonlik is 'n studam in die fontein gemaak met 'n watervoor wat daarvandaan gegrawe is. Hierdie vore is soms drie tot vier meter diep gegrawe sodat die water die geskikte dele kon bereik waar die landerye aangelê moes word. Die woning is naby die fontein self aangelê of andersins so na moontlik aan die watervoor. Die grootte van die dam en die aantal vore wat uitgehaal kon word, is in sommige gevalle deur die owerheid bepaal.(45) Hierdie reëling het later 'n heftige reaksie

---

(41) F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal, 1837 - 1886, p. 55.

(42) F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal, 1837 - 1886, p. 243.

(43) F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal, 1837 - 1886, p. 244.

(44) Lautsversameling, band 16, Nederlandse koerante, 1856: "Toestande in Transvaal", s.n., en sonder datum.

(45) F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal, 1837 - 1886, p. 244.

en wrywing veroorsaak tussen die inwoners van die Schoonspruit (Ventersdorp) en dié van Klerksdorp.(46)

Die metode waarvolgens plase uitgemeet is - te perd - het ook 'n rol gespeel in die hele waterkwessie. In die "Instruksie aan Plaasinspekteurs" word in 1853 bepaal dat elke plaas "een uur gaans over kruis" groot moet wees, en nie langer as 'n driekwart uur in die breedte nie. In 1861 is hierdie instruksie sodanig gewysig dat, waar twee fonteine 'n halfuur van mekaar geleë is, die grond in twee plase in plaas van een verdeel kon word.(47) Omdat die boer se plaas dikwels nie so ver gestrek het as die plek waar dit moontlik was om die fontein of rivier uit te haal nie, moes dit noodwendig op 'n buurman se plaas geskied.(48) Hierdie praktyk het tot talle geskille tussen bure aanleiding gegee.

Ook die feit dat die hele Transvaal in die somerreënvalgebied val, het 'n rol gespeel by die uitsoek van 'n plaas, omdat die aanwesigheid van 'n watervoorraad vir die winter 'n belangrike oorweging was. Die wisselvallige aard van die Transvaalse reënval het daartoe bygedra dat op feitlik elke plaas een of ander vorm van besproeiing ontwikkel is.(49) Dat besproeiing wel deur middel van 'n voorstelsel geskied het, beteken geensins dat grootskaalse produksie plaasgevind het nie. Akkerbou is hoofsaaklik bedryf vir produksie vir huishoudelike gebruik. Oorskotte vir eie gebruik het wel voorgekom soos

---

(46) S.S. 29, R3262/59: C.J.P. Otto/Uitvoerende Raad, 14/11/1859.

(47) F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal, 1837 - 1886, p. 217.

(48) F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal, 1837 - 1886, p. 244.

(49) F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal, 1837 - 1886, pp. 264 - 265.

dit blyk uit die petisie van die inwoners van die Schoonspruit en Klerksdorp se erfeienaars in 1859 waarin onder meer beweer word dat hulle "produkten jaarlijks op die mark word gebracht".(50) Akkerbou kan egter meer as 'n plaaslike bedrywigheid eerder as 'n aanvulling van die veeteelt beskou word. Volgens Pelzer het die gemiddelde boer min kennis van en waarskynlik nog minder liefde vir die akkerbou gehad.(51) Met die stigting en aanleg van Klerksdorp het die inwoners hulle dus uitsluitlik op veeboerdery toegespits. Mielies is in 1873 vir die eerste keer in hierdie gebied verbou.(52)

Die Nederlandse en Britse bewindhebbers aan die Kaap het in 'n groot mate bygedra tot die vestiging van waterreëlings en regulasies van die Voortrekkers in Transvaal. Die basiese beginsels ten opsigte van waterreëlings, soos beproef aan die Kaap, moes ook in die plaaslike waterreëling in Transvaal sy neerslag vind.

Onder die Kompanjiesregering het die staat die volle beheer oor waterstrome aan die Kaap en omgewing gehad. In die Tafelbergvallei het die Kompanjie vir homself die reg voorbehou om soveel water te gebruik soos wat die koringmeule benodig het. Dit was duidelik dat die vryburgers langs die Eersterivier en Tafelbergvallei geen waterregte gehad het nie. Waterleibeurte is wel met die verloop van tyd ingestel, maar dit was duidelik dat 'n eienaar wat teenaan 'n waterstroom gewoon het nie outomaties die regte verkry het om water uit die stroom te onttrek nie. Alle waterregte moes van die staat

---

(50) S.S. 24, R2557/59: Klerksdorpinwoners/M.W. Pretorius, Witpoort, 24/1/1859.

(51) A.N. Pelzer, **Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek**, deel I, p. 11.

(52) Western Transvaal Record, Spesiale bylae, Mei 1957: "Klerksdorp Mining Fields, 1887 - 1957", p. 11.

verkry word as 'n voorreg en nie as 'n wetlike reg nie.(53)

Aanvanklik het die Politieke Raad as wetgewende en administratiewe liggaam ook die waterprobleme aan die Kaap hanteer. Met die uitbreiding van die Kaap is hierdie taak aan die landdros en heemrade oorgedra vir Stellenbosch (1685) en Swellendam (1745). Die landdros en heemrade moes twispunte oor water onder die inwoners besleg en toestemming aan inwoners verleen om water uit 'n publieke stroom te gebruik. Die landdros en heemrade het hiermee 'n regsfunksie as gedelegeerde mag van die Politieke Raad ontvang. Met die ontstaan van 'n ernstige waterdispuut tussen inwoners het die landdros en heemrade gewoonlik 'n kommissie benoem om die aangeleentheid te ondersoek en 'n verslag daaroor op te stel. Die beslissings van die landdros en heemrade het egter weinig uitwerking op die ontwikkeling van waterwette in Suid-Afrika gehad. Die landdros en heemrade wou tevredenheid onder die inwoners bewerkstellig en het in hierdie proses min permanente waterregbeginsels daargestel. As gevolg van die feit dat min lede van die Politieke Raad of landdroste en heemrade oor regsopleiding beskik het, is geen erkende regsbeginsel gebruik wanneer die aspek van waterregte in dispute na vore gekom het nie.(54)

Met die Britse anneksasie van die Kaap in 1806 het die nuwe bewindhebbers aanvanklik besluit dat die Romeins-Hollandse regstelsel aan die Kaap behoue sou bly. Een van die belangrikste veranderings wat onder die Britse bewind na vore getree het, was naamlik die vervanging van die leningsplaas-

---

(53) C.G. Hall, The origin and the development of water-rights in South Africa, pp. 12 - 15.

(54) C.G. Hall, The origin and the development of water-rights in South Africa, p. 25.

stelsel na volle eiendomsreg wat aan die boere toegeken is.(55) Hierdie veranderinge moes noodwendig ook die regte van die grondeienaars op water in die negentiende eeu beïnvloed.

Met die afskaffing van die landdros en heemrade in 1827 is die plaaslike regspraak aan die Kaap hanteer deur resident-magistrate en siviele kommissarisse. Die Romeins-Hollandse regstelsel het egter weinig leiding aan die Britse regslui verskaf rakende uitsprake oor watergeskille.(56)

Die geskiedenis van die Schoonspruit met sy toenemende getal oewerbewoners na 1838 moes eenvoudig lei tot 'n stadium waar die bewoners sou bekommerd begin raak het oor die watervermoë van die spruit. Die vrese wat in konflikte na vore gekom het, is naamlik dat die eise van die oewerbewoners die potensiaal van die spruit sou oorskrei. Dit moes noodwendig aanleiding tot botsings gee.

Watergeskille in die Kaapkolonie lê nogtans die grondslag vir waterreëlings wat ook later in die binneland van toepassing gemaak sou word. So het die Kaapse Hooggeregshof se uitspraak van 1855 ook basiese riglyne bevat in die waterregulasies van die Schoonspruit wat in 1859 tot stand gekom het. Hierdie uitspraak het 'n beginsel neergelê wat bepaal het dat grondeienaars langs 'n standhoudende stroom 'n gemeenskaplike reg op water het, maar dat elke eienaar se reg beperk word deur die regte van ander eienaars.(57)

---

(55) G.C. Steyl, "Van die placaate tot 'n moderne waterwet", in F.A. Venter e.a. (reds.), Water, p. 453.

(56) G.C. Steyl, "Van die placaate tot 'n moderne waterwet", in F.A. Venter e.a. (reds.), Water, pp. 453 - 454.

(57) G.C. Steyl, "Van die placaate tot 'n moderne waterwet", in F.A. Venter e.a. (reds.), Water, pp. 453 - 454.

# HOOFSTUK 2

# VESTIGING AAN DIE SCHOONSPRUIT EN DIE EERSTE WATERREëLINGS TOT 1875

## 2.1 Die vestiging en aard van die Elandsheuwelnedersetting (Klerksdorp)

Om met absolute sekerheid die besettingsdatum van Elandsheuwel te bepaal, is moeilik "weens die gebrek aan geskrewe stukke aan die heel begin toe mense nie die gevolge van hulle handelinge vooruit kon sien en derhalwe nie iets konkreets op skrif gestel het met die oog op die toekoms nie. Daarom dat daar dikwels agterna dispute oor datums of eiendom ontstaan het wat dan 'n element van mondelinge oorlewering vanuit die toekoms en die verlede geprojekteer het."(1)

Herman Guest, as een van die min geskiedskrywers oor die Klerksdorpgeskiedenis meld in sy werk Voortrekkerdorp dat een van die oorspronklike nedersetters in 1892 die jaar 1837 as die besettingsdatum van Elandsheuwel aangetoon het. Volgens Guest word hierdie datum bevraagteken omrede dit op mondelinge oorlewering berus.(2) Dat daar besliste verwarring by Guest bestaan het word bevestig met 'n vroeëre studie saam met sy seun H.H. Guest waarin 1838 as die moontlike vestigingsdatum van die nedersetters by Elandsheuwel aangedui word.(3)

Indien dit aanvaar word dat die toekomstige Schoonspruiters lede was van die Potgietertrek(4), kon van hierdie Voortrek-

---

(1) Stadsraad Klerksdorp, Verw. 6634/10/1/4/1-28/6/1985: F.A. van Jaarsveld/Stadsklerk Klerksdorp, 15/7/1985, p.3.

(2) H.M. Guest, Voortrekkerdorp, pp. 27 - 28.

(3) Die Volkstem, 9/12/1938: "Klerksdorp op een na die oudste nedersetting in Transvaal", p. 14.

(4) H.M. Guest, Voortrekkerdorp, p. 27.

kers met die omgewing langs die Schoonspruit kennis gemaak het tydens Potgieter se strafekspedisies teen die Matebeles. Die eerste moontlikheid is dat die Schoonspruitvoortrekkers ná die tweede strafekspedisie teen Silkaats (4 - 12 November 1837) nie vanaf Suikerbosrand (Heidelberg) saam met die ander in die rigting van Natal getrek het nie, maar na die Schoonspruit beweeg het waar water, weiding, brandhout en 'n geskikte terrein vir landerye beskikbaar was.(5) Indien die tydsverloop tussen die tweede strafekspedisie en die terugtog met 'n veebuit na Suikerbosrand en die trek terug na die Schoonspruit in aanmerking geneem word, is dit hoogs onwaarskynlik dat die Voortrekkers reeds voor die einde van 1837 hulle op Elandsheuwel kon gevestig het.

Alhoewel geen dokumentêre bewys opgespoor kon word nie, beweer Guest dat 'n sekere C.M. du Plooy reeds voor die Groot Trek die plaas Elandsheuwel wat die huidige dorpsgronde van Klerksdorp insluit, beset het.(6) Die eerste nedersetters het waarskynlik in 1838 oor die Vaalrivier getrek en 'n klein stroom water ongeveer 8 kilometer lank en 0,05 kilometer breed bereik - met 'n vrugbare vallei aan die westekant en 'n reeks heuwels wat parallel met die vloei van die spruit loop. Hierdie stroom of spruit het sy oorsprong in die dolomietlaag van die plaas Oog van Schoonspruit ongeveer 70 kilometer vanaf die huidige Klerksdorp. Die spruit word gevoed deur kleinere stroompies wat in droë seisoene weinig bydra om die inhoud van

---

(5) Stadsraad Klerksdorp, Verw. 6634/10/1/4/1 - 28/6/1985: F.A. van Jaarsveld/Stadsklerk Klerksdorp, 15/7/1985, p. 2. Hierdie moontlikheid word ook deur F.A. van Jaarsveld ondersteun.

(6) H.M. Guest, Voortrekkerdorp, p. 27.

die spruit te verhoog. Vanaf Klerksdorp vloei die spruit ongeveer 20 kilometer verder met 'n aansluiting aan die Vaalrivier by Goedgenoeg.(7)

Dit is moontlik dat die Voortrekkers hulle nie in hierdie omgewing wou vestig nie, maar dat C.M. du Plooy hulle oorreed en oortuig het om hulle daar te vestig.(8) Du Plooy het in 1839 aan die Voortrekkers die helfte van sy grond gegee in ruil vir hulle dienste vir die bou van 'n watervoor en dam op Elandsheuwel.(9) Du Plooy se afstanddoening van die helfte van sy 40,000 akker kan moontlik ook gesien word as 'n poging om sy eie veiligheid te verseker deur 'n groter konsentrasie Voortrekkers in hierdie gebied te vestig.(10)

Die hoofdoel van die eerste nedersetters was om so gou moontlik met akkerbou te begin en het geensins dit ten doel gehad om 'n dorp te stig nie. Weens die besondere ligging van die Elandsheuwelterrein wat in die weste deur 'n rant en in die ooste deur die spruit begrens word, is die eerste nedersetters gedwing om aan die voet van die rant te vestig om sodoen-

---

(7) G.A. Denny, The Klerksdorp Gold Fields, pp. 1 - 2. Vgl. ook H.M. Guest, Voortrekkerdorp, pp. 28 en 157. Die eerste twaalf Voortrekkerintrekkers was naamlik J.C. du Plooy, F.C. van Staden, G.L. Roos, J.L. du Preez, F.J. Naude, P. Pretorius, P.D. du Preez, D. Jacobs, J. Roos, A.D. de Clerq, D.M. du Plooy en J. de Clerq. In Die Volkstem, 9/12/1938, "Klerksdorp op een na die oudste nedersetting in Transvaal", p. 14, noem Guest egter ook die volgende vanne as deel van die eerste Voortrekkerintrekkers naamlik Beukes, Botha, Burger, Delport, Fourie, Koekemoer, van Eck en van Jaarsveld.

(8) Western Transvaal Record, Spesiale bylae, Mei 1957: "Klerksdorp Mining Fields, 1887 - 1957", p. 45.

(9) S.S. 7744, R3448/99, V.R. 505/99: Aantekeninge Gouverments kantoor Z.A.R., in R4889/99 en R3448/99, 5/7/1899. Na die Neethling-kommissieverslag, 17/5/1899, word 1839 as die datum aanvaar waarop C.M. du Plooy die ooreenkoms met die eerste nedersetters aangegaan het. Vgl. ook hoofstuk 5, pp. 157 - 158.

(10) Western Transvaal Record, Spesiale bylae, Mei 1957: "Klerksdorp Mining Fields, 1887 - 1957", p. 45.

de soveel moontlik grond ooswaarts tot teen die spruit vir akkerboudoeleindes beskikbaar te stel.(11) Terwyl die spruit gedurende droë seisoene slegs in 'n klein stroompie gevloei het, het dit gedurende die reënmaande gereeld oor sy walle gestroom. Dit is duidelik dat die eerste intrekkers hierdie probleem moes ervaar het: die huise is bokant die hoogwatermerk van die Schoonspruit gebou.(12) Ook latere nedersetters wat hulle langs die Schoonspruit in die rigting van Ventersdorp gevestig het, het dieselfde patroon gevolg deur hulle plase en erwe op die oewers van die spruit uit te lê waar voldoende water vir hul vee en landerye sou wees.

In 1840 het landdros Jacob de Klerk (na wie Klerksdorp vernoem sou word en een van die eerste setlaars van Elandsheuwel) begin met die inspeksie en uitgee van plase langs die Schoonspruit. Hierdie plase is uitgegee ooreenkomstig die "Schoonspruitse Regulatien van Waterlyding" met die bepaling dat elke plaas oor slegs een dam en een watervoor mag beskik. Elandsheuwel het ook onder hierdie bepaling geval en is deur de Klerk in hierdie verband as 'n eenheid beskou.(13)

Die inspeksie van die gronde van Elandsheuwel wat op 6 Junie 1841 deur P.D. du Preez en J. Botha uitgevoer is, het 'n verdeling van die noordelike helfte van die plaas (tans Klerks-

---

(11) Stadsraad Klerksdorp, R.S. 5344, 10/1/4/1: Stadsraad Klerksdorp/Prof. N.G. Garson e.a., 13/9/1985, p. 5. Vgl. ook vroegste kaart van Klerksdorp in S.S. 133, Klerksdorp (1871), pp. 205 - 206.

(12) H.M. Guest, Voortrekkerdorp, pp. 157 - 158.

(13) S.S. 117, R1586/69: Aantekeninge "Gouvernementskennisgewing", 28/10/1859. Vgl. ook S.S. 1121, R5458/85: Kopie van verslag J.H. Visser/Volksraad gemaak deur W.J. Fockens, 24/2/1886.

dorp noord van Hoofrifweg) tussen Hendrik Grobb(e)laar en C.M. du Plooy (junior) plaasgevind.(14) Dat daar blykbaar 'n fout ingesluip het met die omskrywing van die "dorpsgronde" word weerspieël in die hernude twis oor die eienaarskap van die dorpsgronde met die ontdekking van goud in die tagtigerjare.(15)

Wanneer die presiese naamsverandering van Elandsheuwel na Klerksdorp plaasgevind het, kan nie met sekerheid bepaal word nie. Volgens 'n inspeksieverslag van Desember 1850 word daar reeds van Klerksdorp gepraat in hierdie verslag van veldkornet Thomas Dreyer wat uitgevoer is op 'n stuk grond aan die ooste- en westekant van die Schoonspruit waarvoor Sophia Britz van Stilfontein aansoek gedoen het.(16)

Die feit dat die owerheid die grond aan Sophia Britz toegestaan het, bevraagteken die ooreenkoms wat C.M. du Plooy met die eerste twaalf Voortrekkers aangegaan het. Daar moes beslis- te verwarring by die inwoners bestaan het oor die eiendoms- reg van die grond anders sou sy nie hierdie versoek tot die owerheid gerig het nie.(17) Die eerste twaalf Voortrekkers het eers in 1859 registrasiedokumente vir hulle grond ontvang; die res van die grond het ongeregistreerd gebly totdat die eerste probleme oor eiendomsreg in die laat sestigerjare ont- staan het.(18)

---

(14) G.N. van den Bergh, "Is Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal?", in Contree, nr. 18, Julie 1985, p. 6.

(15) H.M. Guest, Voortrekkerdorp, p. 35.

(16) S.S. 1289, p. 86: R5131/86. Vgl. ook S.S. 1385, R1495/88: E. Bok/D. Tom, 20/2/1888 met verklaring P.F. Britz voor vrederegter J.J. Roos, 11/3/1887.

(17) H.M. Guest, Voortrekkerdorp, p. 37.

(18) H.M. Guest, Portfolio of Klerksdorp views, p. 4.

Die bevolkingskonsentrasie het egter nie noemenswaardig toegeneem in die Klerksdorp-Elandsheuwelgebied nie, maar 'n gedurige stroom intrekkers het langs die Schoonspruit op beweeg tot aan die bolope van die spruit naby die teenswoordige Ventersdorp. Dat J.H. Venter al in 1859 op sy plaas Elandskuil 'n dorp wou vestig,(19) dui op die verspreiding en hergroepering van die eerste intrekkers in die gebied. Hierdie trekbeweging langs die Schoonspruit op in die rigting van Ventersdorp laat die vraag ontstaan of die Voortrekkers dalk aan die waterpotensiaal van die spruit getwyfel het en op soek was na groter waterbronne.

Na meer as 'n dekade het die Uitvoerende Raad in 1870 begin met die eerste doelgerigte ordening van Klerksdorp deur die opstel van 'n "Instructie voor Klerksdorp." Alhoewel die "Instructie voor Klerksdorp" grotendeels om die regulering van die dorp se water sentreer,(20) dui dit tog aan dat die groter getal nedersetters of intrekkers op die dorpsgronde sodanige reëling regverdig het.

B.H. Swart, wat later 'n belangrike rol sou speel in dorpstigting en wateraangeleenthede (in die tagtigerjare), het ook op hierdie stadium sy bydrae tot die ordening van Klerksdorp gelewer. Die vroegste beskikbare kaart wat in die Transvaalse Argiefbewaarplek gevind kon word, is geteken deur kommandant

---

(19) S.S. 24, R2557/59: Klerksdorpinwoners/M.W. Pretorius, Witpoort, 24/1/1859.

(20) S.S. 133: "Instructie voor Klerksdorp", volgens Uitvoerende Raadsbesluit, art. 60, 23/6/1870, pp. 202 - 205.

B.H. Swart[21] ooreenkomstig 'n Uitvoerende Raadsbesluit van 9 Januarie 1871.[22] 'n Inspeksiekommissie onder leiding van veldkornet S.D.J. van der Merwe bepaal op 27 en 28 Maart die bakens van 25 erwe vir Klerksdorp.[23] Aangesien die 1871-kaart nie volgens skaal geteken is nie, is dit onmoontlik om die grootte van die erwe of die afstand tussen die erwe te bepaal. Dit blyk egter dat die grootte van erwe teen dié tyd gewissel het van een tot sewe hektaar.[24] Die feit dat meer as een naam by 'n betrokke erf voorkom, toon dat 'n onderverdeling van erwe reeds voor 1871 plaasgevind het.[25]

---

(21) Record of Klerksdorp and the Western Transvaal, 15/9/1916: "An old Voortrekker's death - Barend Hermanus Swart". Vanaf 1862 het Swart vir byna 18 jaar in diens van die Suid-Afrikaanse Republiek gestaan as assistent-veldkornet, veldkornet en kommandant van die distrik Potchefstroom. Hy beklee ook later die pos as inspekteur van plase waar sy vernaamste funksie was om dispute tussen plaaseienaars op te los rondom bakens en die uitmeet van plase. G.N. van den Bergh, "Is Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal?", in Contree, nr. 18, Julie 1985, p. 9, meld dat die hoogste regeringsamptenaar in Klerksdorp voor 1888 die wyksveldkornet was. Volgens Landdros Potchefstroom, Inkomende stukke, 1870, B. Proes/Landdros Potchefstroom, 19/3/1870, word vermeld dat B.H. Swart die vorige dag (18/3/1870), ingesweer is as kommandant van die distrik Potchefstroom. Die wyk-Schoonspruit is vir administratiewe doeleindes as 'n distrik van Potchefstroom beskou.

(22) S.S. 133, pp. 205 - 206. Vgl. ook S.S. 1385, R5131/86: Verklaring B.H. Swart, Potchefstroom, 18/3/1887. G.N. van den Berg, "Is Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal?", in Contree, nr. 18, Julie 1985, p.6, meld dat die vroegste oorblywende kaart wat in die Transvaalse Argiefbewaarplek gevind kon word, dateer Mei 1889 in T.A.B. S1/21. Vgl. inspeksiekaart 1871, tussen p. 24 en p. 25.

(23) S.S. 133, pp. 205 - 206.

(24) G.N. van den Bergh, "Is Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal?", in Contree, nr. 18, Julie 1985, p. 6.

(25) S.S. 133, pp. 205 - 206.

# KLERKSDORP — 1871

(S.S. 133)

**KLERKSDORP — ERFEIENAARS**

1 P D Delport
2 L S van der Merwe
3 L Visagie
4 J J Strydom
5 L A Opperman
6 J P Delport en P J Pienaar
7 J Shulze
8 G L Strydom
9 C J P Roos
10 C J Delport
11 J J Roos
12 J L Strydom
13 J P Jacobs
14 J P Jacobs
15 J P Janse van Rensburg en G Lubbe
16 C J Coetzee
17 J Joosste
18 H J Kriel
19 H J Smit
20 H J Smit
21 J P Pretorius
22 A Botha
23 B H Swart
24 A Botha, M Botha en P L Botha
25 L H Coetzee en A Brink

Schets kaart Van De Oorspt Klerksdorp
De Enspektrice opgedaan De 27 En 28 Maart 1871
Volgens ie Moeront Raads Besluit dd 9 Januarij 1871
Art 19 Door de Heeren Schalk Jan Jacobs
Van de merwe J.P. Coronet En Coosette
Jacobs Petrus Delport Z Enspektrices
Petrus Johannes Pienaar
C.S.D.J. Van der Merwe Mgd Pelt Coronet
P.J. Pienaar
A.P. Delport

Coosette
Enspektrice
Enspektrices

Ten spyte van hierdie voorbereidingswerk in die rigting van dorpstigting het geen formele versoek voor 1887 die regering bereik om hier 'n dorp aan te lê nie. Die beperkte invloei van nuwe intrekkers sou in 'n groot mate bygedra het dat die uitleg van 'n dorp voor 1885 nie as 'n noodsaaklikheid beskou is nie. Die toepassing van die "Instructie voor Klerksdorp" (1870) het die belangrike ordening verskaf waarin die inwoners belang gestel het, naamlik water! Weens die gestadigde fisiese ontwikkeling as landbounedersetting sou die ontdekking van goud in 1885 dus die aard en wese van Klerksdorp beïnvloed - waarop die dorp totaal onvoorbereid was.

## 2.2 Waterreëlings aan die Schoonspruit tot 1858

Nadat C.M. du Plooy in 1839 die helfte van sy grond aan die eerste twaalf intrekkers gegee het in ruil vir die bou van 'n dam en watervoor, het hierdie nedersetters van die onderste gedeelte van die plaas Elandsheuwel (die huidige Klerksdorp) begin met die grawe van die voor en bou van die dam op die boonste deel van die plaas.(26) Water het vir die eerste nedersetters in 'n dubbele behoefte voorsien: drink- en leiwater. Om dié rede is streng regulasies neergelê vir die skoonhou van die watervore.(27) Elke nedersetter het die reg gehad om een- of tweemaal per week al die spruitwater deur middel van stuwalle af te keer - 'n noodsaaklikheid weens die onbestendigheid van die reënval.(28) Vanweë die belangrikheid van die hoofwatervoor vir inwoners is die toesig oor die versorging

---

(26) S.S. 7744, R3448/99, V.R. 505/99, bylae B: Verklaring S.I. Strydom, 16/5/1899.

(27) F. Jeppe, De Locale Wetten der Z.A.R., 1849 - 1885, p. 85.

(28) Lautsversameling, band 16, Nederlandse koerante, 1856: "Toestande in Transvaal", s.n., en sonder datum.

daarvan aan die landdros van Potchefstroom opgedra.[29]

Aangesien geen dokumentasie bestaan oor hierdie eerste grondooreenkoms van Du Plooy en die eerste onderlinge waterreëlings tussen die nedersetters nie, kan daar slegs gesteun word op verklarings wat in 1899 afgelê is tydens die Klerksdorp-Elandsheuwelwatergeskil. Hiervolgens moes daar wel sodanige ooreenkoms(te) bestaan het.[30]

Solomon Ignatius Strydom van Wolwerand beweer in sy verklaring in die 1899-watergeskil dat hy woonagtig was vanaf 1847 - 1880 in die gebied. Hy was bekend met 'n sekere geskrewe ooreenkoms waarin Hendrik Grobb(e)laar as eienaar van die plaas Elandsheuwel waterregte verleen aan twaalf nedersetters van die plaas. Hy het die oorspronklike dokument gelees, 'n kopie daarvan gemaak en moontlik die kopie aan B.H. Swart gegee. As gevolg van die lang tydsverloop tot en met sy verklaring in 1899 kon hy slegs die name van Roos, Du Preez, Minnaar en Jacobs in herinnering roep as persone wat by hierdie ooreenkoms betrek was. Met die voltooiing van die dam en watervoor het die oorspronklike nedersetters van die onderste deel van Elandsheuwel, volgens hom, hulle ooreenkoms nagekom waarvolgens hulle ook die beheer oor die watervoor en dam sou behou.[31]

---

(29) Die landdros het 'n groot aandeel gehad in die beheer van dorpsake. Hierdie situasie dat die landdros die prominente figuur in dorpsake was, het vir baie jare voortgeduur totdat dorpsbesture tot stand gekom het. Die landdros, as amptenaar van die regering, het sy opdragte direk van die regering ontvang en was direk aan die regering verantwoordelik. Vgl. hieroor D.J.P. Haasbroek, Die Geskiedenis van Potchefstroom, 1838 - 1881, pp. 70 - 71.

(30) S.S. 7744, R3448/99: W.H. Neethling/Uitvoerende Raad, 17/5/1899. Kyk ook hoofstuk 5, pp. 157 - 158.

(31) S.S. 7744, R3448/99, V.R. 505/99: Verklaring S.I. Strydom, 16/5/1899. Kyk ook hoofstuk 5, p. 147.

B.H. Swart het in 'n "tydgenootlike" verklaring daarvan melding gemaak dat hy, sedert hy Klerksdorp toe getrek het op 23 Februarie 1852, hy gemoeid was met die Schoonspruitse waterregulasies. Volgens Swart het die watervoor as besproeiingskanaal met sy aankoms in Klerksdorp in 1852 reeds bestaan.(32) Die Swart-verklaring kon egter geen lig werp oor hoe die waterverdeling of waterleibeurte voor 1852 in die praktyk toegepas was nie. Aangesien waterleibeurte as metode van waterverdeling reeds deel was van die Voortrekkerwetgewing in Natal in 1839,(33) kan dit geredelik aanvaar word dat dit ook op die Elandsheuwel nedersetting so hanteer is omrede die Adjunk-Raad van Potchefstroom sedert 1841 die regulasies en wetgewing van die Natalse Volksraad ook in sy gebied van toepassing gemaak het.(34)

Dat daar wel onenigheid en wanpraktyke in die gebruik van water uit die voor ontstaan het, blyk uit die eerste amptelike bron oor 'n klagte wat sy beslag vind in 'n memorie(35) aan

---

(32) S.S. 7744, R3448/99, V.R. 505/99, bylae C: Verklaring B.H. Swart, 4/3/1899. Kyk ook hoofstuk 5, p. 148.

(33) G.S. Preller, Voortrekkerwetgewing, p. XVII.

(34) G.S. Preller, Voortrekkerwetgewing, p. IX.

(35) Alle versoeke of vertoë aan die regering, van watter aard ook al, was bekend as memories, petisies of versoekskrifte en daar is van owerheidsweë geen onderskeid tussen die verskillende benamings gemaak nie. Die sukses van volksregering in die Suid-Afrikaanse Republiek het afgehang van die doeltreffende gebruik van memories deur die inwoners en die suksesvolle afhandeling daarvan deur die owerheid. Memories moes aan die behoeftes voldoen van 'n aanvanklike ylverspreide bevolking binne 'n uitgestrekte geografiese gebied. Vgl. hieroor W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, pp. 50 en 96.

Die gebruik van die memoriestelsel wat sedert 1845 in die Boerewetgewing posgevat het, beskou Pelzer as waarskynlik enig in sy soort in die wêreld. Die volk het deur middel van memories die geleentheid gekry om sy standpunte kenbaar te maak aan die regering. Die aanvanklike motief met die memoriestelsel was om die bevolking se sienswyse te toets met betrekking tot voorgestelde wetgewing. Die volk het terselfdertyd die stelsel gebruik om spesifieke versoeke onder die aandag van die owerheid te bring. Sodoende het 'n stelsel ontwikkel wat 'n belangrike rol in die proses van wetgewing sou speel. Nuwe idees en gedagterigtings het so na vore gekom - wat waarskynlik deur die regering verwelkom is. Vgl. hieroor A.N. Pelzer, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel I, p. 124.

die begin van 1853 aan die landdros van Potchefstroom waarin die inwoners van Klerksdorp kla dat hulle 'n gebrek aan water het. Die saak is na die landdros en heemrade verwys om te bepaal volgens welke "wet" die grond in Klerksdorp-Elandsheuwel uitgegee is. Indien dit nie bepaal kon word nie, sou die landdros verplig wees om die nodige verklarings van die inwoners af te neem en sy uitspraak daarop te grond.(36) Geen dokumentasie kon egter gevind word om te bepaal of die landdros wel hierdie saak tot bevrediging van die inwoners opgelos het nie. In werklikheid moes hierdie probleem oor waterregte tussen die Klerksdorpinwoners voortgeduur het, aangesien die staatsprokureur as gevolg van hierdie konflikte in 1857 genoodsaak was om die regering te versoek om vir Klerksdorp dorpsregulasies op te stel. Hierdie taak wat aan die landdros van Potchefstroom opgedra is, is egter nooit uitgevoer nie.(37)

Toe landdros J.C. Steyn van Potchefstroom egter herhaalde klagtes van die Potchefstromers gekry het oor die gebrek aan dorpsregulasies daar, het die Uitvoerende Raad die regulasies vir dorpe in die Suid-Afrikaanse Republiek op 5 Augustus 1858 goedgekeur.(38) Hierdie regulasies het gehandel oor die magte en bevoegdhede van die landdros terwyl die waterreëlings vir 'n dorp omskryf is. Daarvolgens moes die landdros of die dorpsbestuur sorg dra dat die hoofwatervoor skoon en in stand gehou word. Waar enige vore op regeringserwe of -grond of in die strate nodig sou wees, moes behoorlike sluise gemaak word sodat die water onbelemmerd en skoon deur die dorp kon vloei.

---

(36) V.R.B. 14/3/1853, art. 63.

(37) A.N. Pelzer, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel I, p. 140.

(38) Die hiernavolgende omskrywing van die regulasies vir dorpe in die Suid-Afrikaanse Republiek, is ontleen aan F. Jeppe, De Locale Wetten der Z.A.R., 1849 - 1885, pp. 85 - 86.

Die landdros was verantwoordelik om toesig te hou oor die algemene watervoor om dit in 'n skoon en sindelike toestand te hou.

Elke eienaar van een of meer erwe kon die water wat aan hom toegeken is, gebruik, maar sou nie toegelaat word om dit buite sy toegestane ure te benut nie. By die afkeer van water moes voldoende drinkwater in die vore deurgelaat word. Sodra die toegekende besproeiingstyd verstreke was, was elke eienaar verplig om dadelik die water af te keer in die algemene watervoor. Die erwe aan die onderpunt van die voor sou geregtig wees om van die afloopwater te gebruik. Niemand sou die reg hê om op Sondae water te lei nie, tensy toestemming van die owerheid verkry is. Geen vore of slote kon in die regeringsgronde gegrawe word sonder die toestemming van die landdros of dorpsbestuur nie. Verder sou alle loslopende vee en perde wat binne vyf tree van die damme of waterlope gevind word na die plaaslike skut gestuur word.

Bogenoemde regulasies is blykbaar nooit deur die Volksraad goedgekeur nie, alhoewel dit as wetties korrek beskou is en algemeen in die dorpe van die Suid-Afrikaanse Republiek gebruik is.(39) Alhoewel in die dorpsregulasies melding van 'n dorpsbestuur gemaak is, het die landdros steeds sy pligte soos voorheen volgens die bepalings van artikels 178 en 179 van die Grondwet behartig. Hierdie regulasies het die basis gevorm waarvolgens dorpe na 1858 in Transvaal bestuur is.(40)

---

(39) F. Jeppe, De Locale Wetten der Z.A.R., 1849 - 1885, voetnoot, p. 86.

(40) D.J.P. Haasbroek, Die Geskiedenis van Potchefstroom, p. 75 en pp. 86 - 87. Eers onder die Britse bewind is Wet nr. 16 van 1880 in werking gestel wat alle vorige dorps- en munisipale regulasies herroep het. Hierdie wet behandel die samestelling van 'n munisipaliteit en die kwalifikasies van die kiesers en persone wat hulle as kommissarisse beskikbaar sou stel. Potchefstroom en alle Transvaalse dorpe met 'n inwonertal van meer as 300 is vir die doel van die wet tot stad verklaar.

Met die gedagte van die inwoners in die omgewing van bo-Schoonspruit dat dorpstigting met die gepaardgaande regulasies dalk 'n groter ordening in die gebied kon bewerkstellig, het die moontlikhede van 'n dorpstigting al hoe meer 'n werklikheid begin word. Die eerste poging om oor te gaan tot die stigting van 'n dorp te Elandskuil naby die teenswoordige Ventersdorp in 1859 het egter hewige reaksie van die inwoners van Klerksdorp en langs die Schoonspruit ontlok.(41)

Voor die instelling van die Uitvoerende Raad in 1857 is president M.W. Pretorius as staatshoof oorval met alle persoonlike probleme van landsburgers wat hy moes probeer oplos.(42) Hierdie gebruik het selfs hierna nog voortgegaan - soos blyk uit die memorie van die inwoners van die Schoonspruit en Klerksdorp wat op 24 Januarie 1859 aan hom persoonlik gerig is. Hierop het die inwoners gereageer na aanleiding van 'n advertensie in die staatskoerant van ene J.H. Venter se voorneme om op sy plaas Elandskuil, aan die bolope van die Schoonspruit, 'n dorp uit te lê. Hulle het hierdie optrede as onverstaanbaar beskou en het die regering versoek dat, by wyse van 'n proklamasie, Venter verbied moet word. As motivering het hulle aangedui dat die aanleg van 'n dorp aan die bopunt van die Schoonspruit, naby die latere Ventersdorp, die plase en erwe se pryse laer af teen die Schoonspruit sou laat daal. Hierdie daling in pryse sou noodwendig aanleiding gee tot die onttrekking van inwoners uit die gebied wat reeds jaarliks produkte aan die mark lewer - dit moes die regering ten alle koste verhoed. Hulle het dus die regering versoek om bestaande wette rakende die "Schoonspruitse Regulatien van Waterlyding" in die staatskoerant te publiseer. Wat in hierdie

---

(41) S.S. 24, R2557/59: Klerksdorpinwoners/M.W. Pretorius, Witpoort, 24/1/1859.

(42) A.N. Pelzer, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel I, pp. 155 - 156.

verband belangrik is, is die bepaling dat daar slegs een watervoor op elke plaas sou wees en dat die nagwater afgekeer moes word. Daar was reeds plase waarop twee tot drie watervore uitgehaal is en boere wat hulle nie gesteur het aan die reëling betreffende nagwater nie. Hulle het verklaar dat hulle as grondeienaars belasting betaal, maar as hulle in die watertoevoer na hulle gronde verhinder sou word, betaling van belastings in heroorweging geneem sou word.(43)

In 'n regeringsondersoek oor die waterprobleme en verdelings langs die Schoonspruit, dui F. Wolmarans, J. Delport, P. Strydom en J. Steyn in beëdigde verklarings in 1859 aan dat hulle plase uitgegee is onder die voorwaarde van slegs een watervoor en dat geen dam gebou kon word hoër as die wal van die spruit nie.(44) Hierdie verklarings het die basis gevorm van die besluit van die Uitvoerende Raad op 4 Mei 1859 dat waterregulasies vir Klerksdorp opgestel moes word om die waterverdeling met die boonste deel van die Schoonspruit (die latere Ventersdorp) te beplan.(45)

Aangesien Klerksdorp vir sy voortbestaan afhanklik was van die Schoonspruit, was die owerheid nou genoodsaak om die watervoorsiening na die dorp te verskans deur doeltreffende waterregulasies vir die spruit daar te stel.

---

(43) S.S. 24, R2557/59: Klerksdorpinwoners/M.W. Pretorius, Witpoort, 24/1/1859.

(44) S.S. 117, R1586/69: Aantekeninge op "Gouvernmentskennisgewing", 28/10/1859.

(45) U.R.-besluit, nr. 1, 4/5/1859.

## 2.3 Waterregulasies vir die Schoonspruit (1859) en die ordening van die Klerksdorp- en Ventersdorpnedersettings tot 1875

Dit is opmerklik dat beginsels wat in die vorige eeu in die Kaap neergelê is, uiteindelik ook in Transvaal sy neerslag gevind het. Reeds teen 1774 is die verdeling van water in die Kaap hanteer deur die gebruikmaking van waterleibeurte waar die owerheid in hierdie proses 'n prominente rol gespeel het in die bepaling van die waterleibeurte.(46) Teen 1805 het dit onder oewereienaars reeds algemene praktyk geword om water vanuit die stroom deur middel van afleivore te onttrek ten einde die besproeiing van hulle landerye te hanteer. Voorskrifte is neergelê waaraan hierdie watervore moes voldoen en water kon slegs vir "noodzaaklike einden" gebruik word waarna dit weer na die hoofstroom teruggelei moes word vir gebruik deur die ander oewereienaars.(47) Die beginsel van 'n eweredige waterverdeling uit 'n standhoudende stroom is dus reeds vroeg in die negentiende eeu as norm vasgelê.

So het die Kaapse Hooggeregshof se uitspraak van 1855 ook basiese riglyne bevat in die "Water Regulatien voor de plaatsen van Schoonspruit" wat in 1859 onder leiding van president M.W. Pretorius tot stand gekom het. Hierdie uitspraak het 'n beginsel neergelê wat bepaal het dat grondeienaars langs 'n standhoudende stroom 'n gemeenskaplike reg op water het, maar dat elke eienaar se reg beperk word deur die regte van ander eienaars.(48)

Na aanleiding van die toenemende aandrang van die inwoners van

---

(46) C.G. Hall, The origin and development of waterrights in South Africa, p. 16. Kyk hoofstuk 1, p. 5.

(47) C.G. Hall, The origin and development of waterrights in South Africa, pp. 19 - 20. Kyk hoofstuk 1, p. 7.

(48) G.C. Steyl, "Van die placaate tot 'n moderne waterwet", in F.A. Venter e.a. (reds.), Water p. 453. Kyk hoofstuk 1, p. 17.

Schoonspruit en Klerksdorp dat die waterverdeling op 'n hegte grondslag geplaas moes word, het president M.W. Pretorius op 28 Oktober 1859 die waterregulasies vir die Schoonspruit in 'n regeringskennisgewing bekend gemaak.(49)

'n Belangrike bepaling in die regulasies wat later tot verskeie probleme sou lei, was dat elke plaas aan die Schoonspruit slegs een watervoor vir waterleiding uit die spruit kon gebruik het. Talle plase aan die bolope van die spruit in die omgewing van Ventersdorp het reeds meer as een voor uit die spruit gehaal.(50) Verder mag geen dam hoër as die wal van die spruit gemaak word nie om te verhoed dat water in die vallei afloop. Die nagwater moes met sonsondergang met 'n voor in die spruit uitgekeer word vir gebruik deur die onderste plase. Oortredings in dié verband kon met vyf tot vyftig riksdaalders beboet word. Eienaars van plase en erwe moes sorg dat hul vore dig was en vry van enige lekkasies.(51)

'n Duideliker omlyning van die werksopdragte van die waterfiskaal is ook in die waterregulasies uitgespel. 'n Belangrike taak van die waterfiskaal sou wees om toe te sien dat daar altyd voldoende water in die hoofwatervoor was. Hy het ook die reg gehad om een persoon per gesin in Klerksdorp op te roep om hom behulpsaam te wees wanneer herstelwerk aan die vore gedoen word. Laksheid of weiering kon lei tot 'n boete-oplegging van vyf riksdaalders deur die waterfiskaal.(52)

---

(49) F. Jeppe, De Locale Wetten der Z.A.R., 1849 - 1885, pp. 128 - 129.

(50) S.S. 24, R2557/59: Klerksdorpinwoners/M.W. Pretorius, Witpoort, 24/1/1859.

(51) F. Jeppe, De Locale Wetten der Z.A.R., 1849 - 1885, pp. 128 - 129.

(52) S.S. 117, R1586/69: "Gouvermentskennisgewing", art. 1, 28/10/1859.

Indien die waterfiskaal nie sy pligte na behore uitgevoer het nie, kon die inwoners 'n amptelike klag by die landdros van Potchefstroom aanhangig gemaak het. 'n Waterfiskaal wat hom aan pligsversuim skuldig gemaak het, kon ook 'n boete van vyf riksdaalders opgelê word. Hy moes noukeurig let op die skoonhou van die watervoor en moes oortreders in hierdie verband beboet. Die waterfiskaal, as arbiter, moes sorg dat die water in die vore eweredig onder die inwoners verdeel word. Indien dit in die algemene belang van die inwoners sou wees om die watervoor te verlê, het die waterfiskaal die nodige magtiging daartoe gehad.(53)

Verder mag elke eienaar van 'n erf of erwe die water wat aan hom toegeken is, slegs binne sy toegestane tyd gebruik. Die waterfiskaal sou 'n volledige lys byhou van toegestane ure vir waterleibeurte aan die inwoners van Klerksdorp.(54)

Dat die regeringskennisgewing van 28 Oktober 1859 twee weke later nog nie al die inwoners bereik het nie, blyk uit 'n memorie van C.J.P. Otto op 14 November 1859 aan president M.W. Pretorius. Hy beweer dat die eienaars langs die Schoonspruit 'n skrywe gesien het wat die Uitvoerende Raad aan J.H. Venter geskryf het. (Hierdie skrywe was blykbaar die waterregulasies vir Klerksdorp wat in die regeringskennisgewing bekend gemaak is). Otto het in die memorie ernstig beswaar gemaak teen die bepaling dat elke plaas slegs een watervoor kon hê, aangesien die inwoners se koopbriewe, inspeksiebriewe en transportaktes nêrens daarvan melding gemaak het nie. Hulle het die gronde gekoop met die uitdruklike gedagte om die volle voordeel van die water en grond te benut. Die optrede van die regering in hierdie verband is as 'n beperking op die be-

---

(53) S.S. 117, R15686/69: "Gouvermentskennisgewing", art. 2, 4 en 7, 28/10/1859.

(54) S.S. 117, R1586/69: "Gouvermentskennisgewing", art. 10, 28/10/1859.

lange van die inwoners beskou. Daar was reeds plase waarop daar meer as twee vore uitgehaal is en die doelwit was tog duidelik om meer mense op die grensgebiede te vestig. 'n Geregverdigde vrees het by die memoraliste bestaan dat die water van die Schoonspruit deur die boonste plase opgedam sou word tot nadeel van die inwoners van Klerksdorp.(55)

Ten spyte van die waterregulasies het wanpraktyke in die gebruik van die water van die Schoonspruit steeds voortgegaan. Veldkornet F.B.J. Brits het op 26 Oktober 1860 opdrag ontvang van die landdros van Potchefstroom, J.C. Steyn, om ondersoek in te stel en verslag te doen oor wie verantwoordelik is vir die misbruik van die spruit se water. Op 14 November 1860 het Brits sy verslag aan die landdros deurgestuur. Dit handel oor die verwaarloosde toestand van die plase van bo-Schoonspruit (Ventersdorp) na 1840.(56) Die tydelike besetting van dié plase en die soeke na beter plase het daartoe bygedra dat die watervore ná 1840 nooit doeltreffend in stand gehou is nie.

Hierdie gebruik om die eindomsreg van 'n plaas te laat verval indien die eienaar nie daarmee tevrede is nie, was blykbaar die algemene praktyk. Toe die Instruksies vir Inspekteurs op 1 Februarie 1861 opgestel is, is dit ook as bepaling vervat in artikel 10.(57) Daar is dus met die gebruik voortgegaan.

---

(55) S.S. 29, R3262/59: C.J.P. Otto/Uitvoerende Raad, 14/11/1859.

(56) Landdros Potchefstroom, Inkomende stukke, 1864 - 1867, band 3: F.B.J. Brits/J.C. Steyn, 14/11/1860.

(57) F. Jeppe, De Locale Wetten der Z.A.R., 1849 - 1885, p. 146.

Vanweë besware van die eienaars van die plaas Oog van Schoonspruit het president M.W. Pretorius die vergunning gemaak aan J.H. Venter van die plaas Rooipoort (die latere Ventersdorp) dat 'n addisionele watervoor daar uitgegrawe kon word. Met die herverkiesing van M.W. Pretorius as president in 1861 word die "Water Regulatien voor de plaatsen van Schoonspruit" in die Staats Courant gepubliseer op 12 April 1861. Die bepaling dat elke plaas slegs op een watervoor en dam geregtig sou wees, het in hierdie regulasies behoue gebly. Die eienaars van plase in die Ventersdorpomgewing het hulle egter weinig aan hierdie bepaling gesteur en van meet af meer watervore langs die spruit uitgegrawe as waarop hulle geregtig was.(58)

J.J. Venter kla in 1862 vanuit Klerksdorp in 'n skrywe aan B.C.E. Proes as staatsprokureur dat die waterstelsel langs die Schoonspruit in 'n verwaarloosde toestand was en dat sekere inwoners hulle nie aan die waterregulasies wou onderwerp nie.(59) Proes stuur toe hierdie klagte op 20 Maart 1862 deur aan die waarnemende president van die Uitvoerende Raad, H. Schoeman. Hy het versoek dat 'n spesiale kommissie na die Schoonspruit gestuur word aangesien daar tot geen vergelyk oor die waterverdeling gekom kon word nie.(60) Geen dokumentasie kan egter opgespoor word om vas te stel of so 'n kommissie wel benoem is om die saak te ondersoek nie.

Venter het die landdros daarop gewys dat die kopers van plase en kwartplase reeds damme en vore tot hul eie voordeel gemaak het. Hy het verder beklemtoon dat daar reeds vyftig mud in die omgewing gesaai is en dat die verkopers van plase in daardie stadium geen serwituut op hulle plase geregistreer

---

(58) S.S. 1121, R5458/85: S.I. Strydom/Uitvoerende Raad, 6/2/1884.

(59) S.S. 41, R148/62: J.J. Venter/B.C.E. Proes, 8/3/1862.

(60) S.S. 42, R184/62: B.C.E. Proes/H. Schoeman, 20/3/1862.

het nie. Venter het beweer dat die inwoners van Klerksdorp gevrees het dat hulle benadeel sou word en hy het na Nabot se wingerd verwys ooreenkomstig 1 Konings 21.[61] Dié verwysing beklemtoon die godsdienstige benadering waarmee hierdie eerste nedersetters hulle probleme hanteer het. Die gesag van God en sy Woord het ook in hierdie probleem vir hulle as rigsnoer gedien.

Volgens verklarings afgelê deur inwoners in die Klerksdorp-Elandsheuwelgeskil (1898 - 1899) het 'n hofsaak oor die gebruik van water uit die Klerksdorpse watervoor in 1863 plaasgevind tussen D. Jacobs van Klerksdorp en E. le Grange van Elandsheuwel. In hierdie saak is die inwoners van Klerksdorp gelyk gegee en het die landdros en heemrade beslis dat Elandsheuwel net twee dae per week water uit die voor kon lei. Daarna het B.H. Swart blykbaar regulasies vir die dorp in oorleg met die landdros van Potchefstroom opgestel (1864) wat van krag gebly het tot 1898[62] waarna dit weer deur die eienaars van Elandsheuwel betwis is.

Dokumentasie oor die waterprobleem langs die Schoonspruit gedurende die tydperk 1865 tot 1876 is redelik beperk sodat 'n duidelike beeld moeilik gevorm kon word. Hierdie relatiewe rustigheid kon dalk toegeskryf gewees het aan die konsolidering van die boerderygemeenskap en die uitbreiding van boerderybelange gedurende hierdie jare. Dat 'n stewige grondslag gelê is met die regulasies vir dorpe, waterregulasies vir die Schoonspruit en instruksies vir inspekteurs van plase, is deels waar.

Een aspek kom veral duidelik na vore: die talle registrasies van eiendomme wat langs die Schoonspruit geleë is gedurende

---

(61) Landdros Potchefstroom, Inkomende stukke, 1864 - 1867, band 3: J.J. Venter/C. Lombaard, ongedateerd.

(62) S.S. 7744, R3448/99: Verklaring B.H. Swart, 16/5/1899. Kyk hoofstuk 5, p. 152.

hierdie tydperk.(63) Dit wil voorkom asof die eienaars besef het dat gebrekkige registrasie van eiendomme hulle duur te staan kon kom in gevalle van eiendoms- en waterkonflikte.

Nogtans was daar teen 1870 steeds verwarring oor waterregulasies langs die Schoonspruit soos dit blyk uit 'n besluit van die Uitvoerende Raad om 'n "Instructie voor Klerksdorp" goed te keur. Hierdie "Instructie" is eintlik 'n bekragtiging van 'n besluit wat nooit deur die Volksraad gewettig is nie. Volgens artikel 22 word die regeringskennisgewing nr. 32 van 28 Oktober 1859 nou wet.(64)

Dié regulasie het grotendeels die reëlings bekragtig wat algemeen in gebruik was in Klerksdorp en langs die Schoonspruit. Hiermee verkry grondeienaars die vergunning om krale of huise bokant die watervoor te bou, maar krale mag nie nader as vyftig treë van die algemene watervoor af gewees het nie. Inwoners moes streng hou by natleitye en die skoonmaakreëlings vir die voor. Daar moes te alle tye voldoende drinkwater in die voor vloei om in almal se behoeftes te voorsien. Die waterfiskaal se verpligtinge is ook aangedui: hy het magtiging verkry om

---

(63) Belangrike registrasies van eiendomme het veral aan die boonste deel van die Schoonspruit plaasgevind. 1) J.H. Venter se plaas Roodepoort is op 6/7/1866 getransporteer aan H.S. Lombaard. Vgl. Landdros Potchefstroom Inkomende stukke, 1866. Die dorp, Ventersdorp is later op hierdie grond aangelê. Kyk hoofstuk 3, p. 44. 2) J.H. Venter se plaas Oog van Schoonspruit is op 5/3/1870 getransporteer aan R.C. Wilson. Vgl. Landdros Inkomende stukke, 1870. R.C. Wilson neem later besliste standpunte in oor die watervoor van Ventersdorp. Kyk hoofstuk 4, pp. 111, 113 en 116. 3) I. Krige se deel van die plaas Oog van Schoonspruit (nr. 575) getransporteer aan Raymond en Bray op 23/12/1873. Vgl. Landdros Potchefstroom Inkomende stukke, 1874. Die Bray-familie teken later sterk protes aan teen Wet nr. 17 van 1887. Kyk hoofstuk 3, pp. 84 - 87.

(64) S.S. 133, R464/71: "Instructie voor Klerksdorp", 23/6/1870, pp. 202 - 205.

inwoners viermaal per jaar op te roep om die nodige instandhoudingswerk aan die voor en dam te doen; hy was ook verplig om driemaandeliks verslag aan die landdros te doen rakende boetes en ander waterprobleme.(65)

Op 'n vergadering op 25 Maart 1871 is hierdie "Instructie voor Klerksdorp" deur die inwoners van die dorp goedgekeur. Landdros Goetz van Potchefstroom het dit so aan die Staatsekretaris deurgestuur met 'n besondere pleidooi vir die aanstelling van 'n waterfiskaal teen vergoeding van vyftien pond per jaar.(66)

Op die latere Ventersdorp het Adriaan Röscher, 'n onderwyser wat hom in 1874 daar gevestig het, 'n belangrike rol gespeel in die registrasie van erwe en plase in die omgewing.(67)

Hy het in 1875 'n memorie namens dertig ondertekenaars aan die Uitvoerende Raad gerig waarin gevra is dat Ventersdorp as 'n regeringsdorp verklaar moes word sodra die landmeter sy taak van die opmeting van plase en erwe afgehandel het.(68) Met die opstel van dié memorie tydens 'n openbare vergadering op 7 Mei 1875, is besluit om 'n waterfiskaal aan te stel teen betaling van 24 pond per jaar. Die fondse hiervoor sou verkry word deur die heffing van twee sjielings per persoon. Die pligte van die waterfiskaal sou sentreer rondom die instandhouding van die dam en watervoor. Sou skade deur oorstromings aangerig word, sou die waterfiskaal die reg hê om erfeienaars

---

(65) S.S. 133, R464/71: "Instructie voor Klerksdorp", 23/6/1870, pp. 202 - 205.

(66) S.S. 133, R464/71: M.A. Goetz/Staatsekretaris, 25/3/1871.

(67) The Potchefstroom Herald, 29/3/1912: "Huldeblyk A.F.C. Röscher". Kyk ook hoofstuk 3, p. 43.

(68) S.S. 188, R1067/75: Ventersdorp openbare vergadering, 7/5/1875.

te gebruik om die skade te herstel ooreenkomstig die algemene dorpsregulasies wat deur die inwoners aanvaar is. A.J. Gous is as waterfiskaal verkies en hy moes driemaandeliks verslag doen aan die komitee bestaande uit Jan Ells, R.C. Wilson en D. Kretzen. Dit is algemeen aanvaar dat die waterfiskaal sy opdragte volgens die waterregulasies moes uitvoer, anders het hy hom blootgestel aan 'n boete van vyftien sjielings. Die vergadering het besluit dat die waterfiskaal vanaf 15 Mei 1875 alle pluimvee wat naby die drinkvoor aangetref word voor die voet sou doodmaak.(69)

Dis duidelik dat 'n besondere behoefte by die inwoners van Ventersdorp en Klerksdorp bestaan het aan 'n waterfiskaal wat effektief volgens die neergelegde regulasies die water sou kon beheer. Die omvang van die werksterreine van die waterfiskaal het van die beroep 'n veeleisende en ondankbare een gemaak. Die kontrole en beheer oor die dam en algemene watervoor het die voortdurende aandag van die waterfiskaal vereis. Omdat hy maar 'n karige vergoeding van die inwoners ontvang het en soms selfs sonder vergoeding moes werk, is al meer gevoel dat hy 'n regeringsamptenaar met 'n vaste salaris moes word.(70)

Maar tot 1887 het daar uiteenlopende menings oor die posisie en status van die waterfiskaal in die gemeenskap bestaan. In die plaaslike bestuurshiërargie het die waterfiskaal dikwels in gedrang gekom juis vanweë sy beperkte status en jurisdiksie in sy gebied.(71)

---

(69) S.S. 188, R1068/75: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 8/5/1875.

(70) S.S. 133, R464/71: M.A. Goetz/Staatsekretaris, 25/3/1871.

(71) Staats Courant der Z.A.R., "Bijvoegsel", 24/8/1887, pp. 2 - 3.

Dat Klerksdorp en Ventersdorp soortgelyke probleme ten opsigte van water ervaar het en soortgelyke behoeftes gehad het ten opsigte van watervoorsiening, het hulle juis nie nouer laat saamwerk nie. Sedert 1859 het daar langs die Schoonspruit twee belangegroepe na vore getree: Klerksdorp en Ventersdorp wou elkeen sy eie belange hanteer en bevorder.

Die ontwikkeling van 'n lokale patriotisme en die gehegtheid aan die eie omgewing het die verdeeldheid oor waterkwessies verder aangewakker en versoening tussen Klerksdorp en Ventersdorp moeilik uitvoerbaar gemaak. Dit was duidelik dat Ventersdorp sedert die vestiging van Adriaan Röscher in die gebied in 1874 'n eie rigting ten opsigte van waterprobleme ingeslaan het. Hierdie onafhanklike houding jeens Klerksdorp en die waterreëlings van die gebied moes noodwendig botsings meebring, want albei groepe inwoners was immers vir hul lewensbestaan van die Schoonspruit afhanklik.

# HOOFSTUK 3

# WATERREGULASIES VIR DIE SCHOONSPRUIT

## 3.1 Die ordening van die Ventersdorpgebied deur Adriaan Röscher

Die eerste nedersetters wat na 1841 in die Ventersdorpomgewing naby Sterkstroom gevestig het, het aan die beginjare nie veel belang gestel om hulle permanent op 'n spesifieke plaas te vestig nie. Hierdie nedersetters het eenvoudig hulle plase ontruim en verder met die spruit opbeweeg in hul soeke na beter plase.(1) Hierdie gedurige rondtrekkery het meegebring dat talle nedersetters nie oor die nodige registrasiedokumente beskik het wat noodsaaklik was vir die ordelike ontwikkeling van die gebied nie.

J.H. (Hans) Venter, wat hom in Augustus 1851 in hierdie gebied gevestig het, was egter oortuig dat dorpstigting tot voordeel van die toenemende getal nedersetters kon strek en die nodige ordening aan die gebied sou verskaf. Die feit dat hy reeds in 1859 die owerheid genader het om op sy plaas Elandskuil 'n dorp uit te lê,(2) bevestig die vermoede dat 'n groot aantal nedersetters hulle reeds in hierdie omgewing gevestig het. Hierdie poging het egter heftige beswaar van die Klerksdorpinwoners uitgelok, omdat hulle gevrees het dat die inwoners van die boonste deel van die Schoonspruit die watervoorraad van die spruit sou manipuleer.(3)

---

(1) Landdros Potchefstroom, Briewe veldkornette, 1860 - 1866: F.B.J. Brits/J.C. Steyn, 14/11/1860.

(2) S.S. 24, R2557/59: Klerksdorpinwoners/Uitvoerende Raad, Witpoort, 24/1/1859. Kyk hoofstuk 2, p. 23.

(3) S.S. 24, R2557/59: Klerksdorpinwoners/Uitvoerende Raad, Witpoort, 24/1/1859.

Dit was duidelik dat die oewerbewoners van Ventersdorp, sedert hulle vestiging aldaar, bekommerd was oor die verdeling en gebruik van water uit die Schoonspruit. Adriaan Röscher wat in 1856 as onderwyser op Klerksdorp begin het, vestig hom in 1874 op Ventersdorp en word die spreekbuis van die inwoners rondom wateraangeleenthede.(4) Röscher het egter besef dat geen doeltreffende waterreëlings vir die gebied getref kon word sonder die nodige ordening van die registrasies van dorps- en plaasgronde nie. Die feit dat Ventersdorp teen die begin van Mei 1875 reeds oor 100 watererwe beskik het - die regeringslandmeter was besig om dit op te meet - het Röscher oortuig dat hierdie erwe as 'n basis vir die stigting van 'n dorp kon dien.(5)

Op 7 Mei 1875 reël Adriaan Röscher, in sy hoedanigheid as residentvrederegter, 'n openbare vergadering op Ventersdorp ten einde die aangeleentheid van dorpstigting met die inwoners te bespreek. Verskeie versoeke in die vorm van memories wat Röscher aan die Uitvoerende Raad moes stuur, word deur die vergadering opgestel. Rondom die hooftema van dorpstigting het verdere sake ontwikkel soos die aanbevelings aan die regering ten opsigte van die aanstelling van 'n wyksonderwyser, 'n posmeester en die oprigting van 'n skut vir Ventersdorp. Dit was egter waterreëlings en die aanstelling van 'n waterfiskaal wat die fokuspunt van die vergadering geword het. Die behoefte aan 'n waterfiskaal om effektiewe kontrole oor damme en vore te hou, was op daardie stadium so groot dat die inwoners besluit het om elkeen by te dra tot die salaris van die waterfiskaal, naamlik 24 pond per jaar. Die vergadering verkies A.J. Gouws as waterfiskaal om die beheer en kontrole van die watervoorraad van Ventersdorp te hanteer.(6) Die versoek aan die Uitvoerende Raad dat die

---

(4) The Potchefstroom Herald, 29/3/1912: "Huldeblyk A.F.C. Röscher", p. 5.

(5) S.S. 188, R1068/75: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 8/5/1875.

(6) S.S. 188, R1067/75: Notule openbare vergadering Ventersdorp, 7/5/1875.

regering oorweging moet skenk aan dorpstigting in die gebied, word saamgevat in 'n memorie wat Röscher opgestel en deur 30 inwoners laat onderteken het.(7)

Die feit dat dorpstigting na hierdie memorie nie 'n werklikheid geword het nie, kan toegeskryf word aan ingewikkelde transport- en grondkwessies wat onopgelos gebly het en die feit dat plase en erwe gedurig van eienaars verwissel het.(8)

Na die anneksasie van Transvaal in 1877 het die Britse bewindhebbers die onafgehandelde versoek van Ventersdorp hanteer. Die registrateur van aktes word op 27 Mei 1878 na die gebied gestuur om die registrasies van grond in die gebied te ondersoek. Op daardie tydstip was die Ventersdorpplase deel van die groot geheel van die plaas Roodepoort wat voorheen aan een van die eerste intrekkers, Hans Venter, behoort het. Venter het deur die jare aan inwoners erwe in Ventersdorp en plase in die omgewing verkoop sonder om seker te maak dat die nodige registrasies by die landdros van Potchefstroom aangeteken word. Blykbaar het die landdroste op Potchefstroom ook gefouteer, want dit was duidelik dat ongereelde dokumentering op Potchefstroom deels tot die verwarring bygedra het. In gevalle waar onduidelikhede oor grondeienaarskap voorgekom het, moes die nodige verklarings gewoonlik van inwoners afgeneem word om te bewys dat die gronde wel aan hulle behoort het. In die lig van hierdie verwarring wat in Ventersdorp bestaan het, was die registrateur van aktes nie bereid om die nodige registrasies van grond te doen voordat bevredigende verklarings van inwoners in dié verband verkry is nie. Adriaan Röscher wat in sy nuwe pos as veldkornet sedert 1877 reeds 'n dieptestudie van grond en grondtransaksies in die gebied gemaak het, moes aan die regering dienooreenkomstig verdere inligting verskaf.(9)

---

(7) S.S. 188, R1068/75: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 8/5/1875.

(8) S.S. 282, R1748/78: A. Röscher/T. Shepstone, 27/5/1878.

(9) S.S. 282, R1748/78: Registrateur van Aktes/G.T. Lugden, 29/5/1878.

Adriaan Röscher was glad nie tevrede nie met die hantering van hierdie aangeleentheid deur die registrateur van aktes wat 'n "wide different view on the matter of the Ventersdorp survey" gehad het. Aangesien die gronde nie deur die regering geregistreer is nie, was hierdie grond eintlik waardeloos wanneer eienaars koop- en verkooptransaksies wou aangaan. Die vertraging van registrasies het daartoe bygedra dat die regering aansienlike bedrae in oordragkoste verloor het. Die landmeter-generaal wat die gebied voorheen besoek het (in 1875),(10) was gretig om hierdie registrasieprobleem op te los, maar het gestuit voor die registrateur van aktes se standpunt dat eienaarskap van gronde eers deeglik nagevors moes word. Röscher het 'n praktiese oplossing vir die opmeting van die dorpserwe gehad, naamlik om ewe groot erwe te bepleit met die oog op die herverkoop en die regulering van die jaarlikse grondbelasting.(11)

Op 27 Mei 1878 rig Röscher 'n verdere skrywe - hierdie keer aan sir T. Shepstone as administrateur van Transvaal - en wys hom op die belangrikheid van die kombinering van die pos van veldkornet met dié van vrederegter vir die wyk Schoonspruit.(12) Röscher se bedinging vir groter bevoegdhede was moontlik juis met die oog op die hantering van latere watergeskille in sy wyk.

Adriaan Röscher het as veldkornet in die wyk Schoonspruit 'n omvangryke taak gehad. As sodanig moes hy gedurig regeringskennisgewings in sy wyk bekendmaak en sorg dat die wette uitgevoer word. Uit die aard van sy pligte het die veldkornet die mense in sy wyk goed geken en alle inkomende of vertrekkendes was verplig om hom van hul bewegings in kennis te stel.

---

(10) Vgl. S.S. 188, R1068/75: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 8/5/1875.

(11) S.S. 282, R1747/78: A. Röscher/M. Osborne, 27/5/1878.

(12) S.S. 282, R1748/78: A. Röscher/T. Shepstone, 27/5/1878.

Die veldkornet moes tweemaandeliks verslae oor al die gebeurtenisse in sy wyk aan die landdros in Potchefstroom stuur. Misdade wat in sy wyk plaasgevind het, het die veldkornet aan die landdros of staatsprokureur gerapporteer terwyl hy self 'n volledige ondersoek na die aangeleenthede moes instel. Die veldkornet het verder 'n rol gespeel in die bevordering van die poswese en die instandhouding van paaie in sy wyk. Ook het die inboorlinge in sy wyk onder sy toesig gestaan en passe is deur hom uitgereik voordat hulle in die boere se diens kon tree. Nuwe inwoners wat op nuwe plase binne sy wyk ingetrek het, se plase is deur hom opgemeet en die nodige gegewens is dan aan die landdros van Potchefstroom verstrek. Afgesien van al hierdie veelvuldige pligte het die veldkornet gedurende oorlogstye as aanvoerder van die burgers van sy wyk opgetree en as offisier sitting in die krygsraad gehad.(13)

Die Schoonspruitwyk het op daardie stadium uit verskillende klein nedersettings bestaan met talle nuwe intrekkers wat hulle in die gebied kom vestig het. Die groter getal inwoners het noodwendig aanleiding daartoe gegee dat die interne botsings in die wyk ook in intensiteit toegeneem het. In die oplossing van geskille tussen plaaslike inwoners het die veldkornet 'n prominente rol vervul om eerbare oplossings vir hulle onderlinge vetes te vind. Die veldkornet is egter in sy taak gekortwiek omrede hy nie oor die nodige jurisdiksie beskik het om beëdigde verklarings van die inwoners af te neem ten einde 'n sinvolle oplossing te bewerkstellig nie. Adriaan Röscher was oortuig dat die kombinering van die poste van veldkornet en vrederegter sou bydra tot 'n effektiewer plaaslike administrasie in die Transvaal. Röscher as konsensieuse veldkornet het reeds op 9 April 1878 gebots met die eiesinnige, hardkoppige Richard Wilson van Ventersdorp. Volgens Röscher was Wilson skuldig aan twee ernstige misdade in Ventersdorp deur-

---

(13) H.P. van Coller, P.A. Cronjé - 'n lewenskets, pp. 18 - 20.

dat hy verantwoordelik was vir brandstigting op die plaas van Marthinus Gey en 'n kleurling van die gebied, Jan Ruiters, aangerand het.(14) Die feit dat hy nie verklarings kon afneem nie, het Wilson bevoordeel sodat hy nie aangekla kon word nie.

Die koloniale sekretaris Osborne was glad nie ingenome met die aanbevelings van Röscher nie, aangesien Röscher voor die Britse anneksasie die pos van vrederegter beklee het en blykbaar uit die pos geskors is. Hy het verder ernstige bedenkinge gehad oor Röscher se lojaliteit teenoor die Britse regering na aanleiding van 'n skrywe wat hy van Röscher ontvang het ná die Doornfonteinvergadering van 4 April 1878.(15) Die Doornfonteinvergadering was 'n protesaksie teen die Britse anneksasie van Transvaal.(16) Dit was duidelik uit Osborne se brief dat Röscher hom met die protesaksie teen die Britse bewind vereenselwig het. Alhoewel hierdie skrywe van Röscher nie opgespoor kon word nie, was dit tiperend van Röscher om sy stem en standpunte in regeringsaangeleenthede te laat hoor. Selfs in 1880 het Röscher nie geskroom om sy standpunt teen gewapende verset aan Paul Kruger bekend te maak nie.(17)

Osborne se evaluering van Adriaan Röscher as 'n nie-lojale Britse onderdaan was korrek en het daartoe gelei dat die plan

---

(14) S.S. 282, R1748/78: A. Röscher/T. Shepstone, 27/5/1878.

(15) S.S. 282, R1748/78: M. Osborne/T. Shepstone, 29/5/1878.

(16) I.D. Bosman, "Oorheersing en vrywording, 1877 - 1884", in D.W. Krüger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 303 - 304.

(17) Landdros Potchefstroom, Inkomende stukke, 1880: A. Röscher/P. Kruger, 27/11/1880. Röscher maak in hierdie skrywe aan Paul Kruger ook melding van 'n skrywe aan Shepstone waarin hy die "verwarde" toestand in Transvaal onder sy aandag wou bring. Kyk hoofstuk 4, p. 90.

van Röscher om die poste van veldkornet en vrederegter te kombineer, nie tot uitvoering gebring is nie.(18)

Die praktiese oorwegings wat Röscher aangevoer het om die poste van veldkornet en vrederegter te kombineer, het 'n sekere substansie, aangesien die regsbevoegdhede van die veldkornet hierdeur uitgebrei en tot voordeel van die plaaslike inwoners gebruik kon word. Die vraag is egter of Röscher hierdie poste wou kombineer tot voordeel van Ventersdorp vir groter bedingingsmag in die watergeskille met Klerksdorp òf vir persoonlike eer. Dit is 'n vraag wat onbeantwoord sal bly.

## 3.2 Adriaan Röscher se rol in die verkryging van waterregulasies vir die Schoonspruit

In die Suid-Afrikaanse Republiek het openbare vergaderings sedert 1858 'n belangrike funksie vervul om inligting aan die publiek rakende wetgewing wat die plaaslike inwoners sou raak, bekend te maak. Aangesien beperkte kopieë van die Staats Courant beskikbaar gestel is, het die veldkornet opgetree as inligtingsbeampte vir sy wyk of distrik tydens sulke vergaderings.(19) Vanaf 1864 is openbare vergaderings veral benut om die gevoel van inwoners oor 'n betrokke saak te toets.(20) Hierdeur is die belange van die burgers hanteer deurdat hulle onder hierdie besondere demokratiese stelsel uiteraard medeseggenskap verkry het in wetgewing wat op plaaslike en lands-

---

(18) S.S. 282, R1748/78: M. Osborne/T. Shepstone, 29/5/1878.

(19) W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 36.

(20) Die hiernavolgende omskrywing oor die funksies van die openbare vergadering in die Suid-Afrikaanse Republiek, is ontleen aan W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, pp. 25 - 29.

vlak tot stand gekom het.

Volksraadslede moes, voordat die jaarlikse Volksraadsvergadering plaasvind, 'n openbare vergadering hou ten einde die standpunte in hul kiesafdelings te bepaal oor voorgenome wetgewing wat in die Volksraad ter sprake sou kom. Na afhandeling van die Volksraadsvergadering was Volksraadslede verplig om 'n verdere openbare verslagvergadering te hou en besondere wetgewing aan die kiesers te verduidelik.

Landdroste het ook oor die bevoegdheid beskik om, op versoek van die inwoners van 'n dorp, 'n byeenkoms te reël ten einde plaaslike aangeleenthede, byvoorbeeld dorpstigting met die inwoners te bespreek.

Die opkomste na hierdie vergaderings was nie altyd na wense nie, soms te wyte aan kort kennisgewing, ongerieflike tye en ondoeltreffende metodes om die inwoners in kennis te stel. Met die aanvang van 'n vergadering het die inwoners uit hulle geledere 'n voorsitter en sekretaris vir die geleentheid gekies. Aanwesiges het die geleentheid gehad om wetsvoorstelle te bespreek en besluite wat hieruit voortgespruit het, as die gevoel van die inwoners, is gewoonlik op skrif in die vorm van 'n memorie aan die regering saamgevat. Hierdie prosedure tydens openbare vergaderings het egter nie verhoed dat memories buite hierdie vergaderings ontstaan het nie. Indien dit wel sou gebeur, moes memoraliste sorg dra dat hulle Volksraadslede sodanige memorie ontvang en volledig op die hoogte gebring word van die strekking daarvan.

Die ongeordenheid van die waterregulasies in Ventersdorp en langs die Schoonspruit het Adriaan Röscher aangespoor om doeltreffende waterregulasies vir die gebied tot stand te bring. As veldkornet reël Röscher 'n openbare vergadering in Ventersdorp op 10 Augustus 1879 ten einde magtiging van die inwoners te verkry om waterregulasies vir Ventersdorp en die Schoonspruit op te stel. Die aanwesiges wys 'n tydelike

komitee aan: J.A. Ells (voorlopige voorsitter), H.C. de Beer, F. Swanepoel en H.R. Lemmer (Volksraadslid). Die vernaamste funksie van hierdie tydelike komitee was om veldkornet Adriaan Röscher by te staan in die beheer en kontrole van die watervoorraad van Ventersdorp. Hierdie tydelike komitee het verder die rol vervul van 'n plaaslike dorpsbestuur aangesien daar reeds 50 gesinne in Ventersdorp woonagtig was. Die komitee sou intussen werk aan riglyne en beginsels ten opsigte van waterregulasies vir Ventersdorp en die Schoonspruit. Na voltooiing van die riglyne moes Röscher dit aan die regering deurstuur vir kommentaar en advies ten einde te verseker dat hierdie waterregulasies uiteindelik die goedkeuring van die regering sou wegdra.(21)

Op 1 September 1879 rig Röscher 'n skrywe aan koloniale sekretaris Osborne waarin hy die belangrikheid beklemtoon van doeltreffende waterregulasies vir Ventersdorp en die wyk Schoonspruit. Indien die regering die konsepvoorstelle ten opsigte van waterregulasies wat deur die tydelike komitee opgestel is, sou aanvaar, moes dit uiteindelik deel word van die dorpsregulasies van Ventersdorp. Die regering moes verder die verkiesing van die tydelike komitee onder voorsitterskap van J.A. Ells bekragtig sodat hierdie komitee as 'n amptelike regeringskomitee kon funksioneer.(22)

Koloniale sekretaris Osborne het onder die indruk verkeer dat Ventersdorp reeds 'n dorp was en onder die "Regulatie voor de Dorpen in der Zuid-Afrikaansche Republiek" wat op 6 Augustus 1858 in die Staats Courant gepubliseer was, val.(23)

---

(21) S.S. 360, R3052/79: A. Röscher/M. Osborne, 1/9/1879.

(22) S.S. 360, R3052/79: A. Röscher/M. Osborne, 1/9/1879.

(23) S.S. 360, R3052/79: M. Osborne/Landdros Potchefstroom, ongedateerd.

Deur die landdros van Potchefstroom het Röscher verneem van die standpunt van Osborne oor die dorpstatus van Ventersdorp. In 'n opvolgskrywe wys Röscher Osborne daarop dat die regering onder 'n wanindruk verkeer om te aanvaar dat Ventersdorp onder die "Regulatie voor de Dorpen in de Zuid-Afrikaansche Republiek" van 1858 sou val. Ventersdorp was op daardie stadium nie 'n dorp nie, maar wel 'n plaas wat in kleinere eenhede opgedeel is en onder geen dorp se jurisdiksie geval het nie.(24) Hierdie skrywe van Röscher het egter onbeantwoord gebly. Die interne woelinge in Transvaal voor die Eerste Vryheidsoorlog het dalk meer aandag van die Britse bewindhebbers geverg as die daarstelling van waterregulasies vir Ventersdorp.

Dat die inwoners van Ventersdorp nie hulle aansprake op doeltreffende waterregulasies vir Ventersdorp en die Schoonspruit laat vaar het nie, blyk uit die goedgefundeerde waterregulasies wat ongeveer agtien maande na die Eerste Vryheidsoorlog in 1882 die lig gesien het. Die tydelike komitee onder leiding van J.A. Ells wat vir byna drie jaar besin en beplan het oor die waterprobleme van Ventersdorp, het duidelike riglyne gestel soos dit blyk uit die voorlegging aan 'n openbare vergadering wat op 12 Mei 1882 in die winkel van J.B. Gray te Ventersdorp gehou is. Assistent-veldkornet Jan Yssel wat hierdie vergadering belê het, wou 'n nuwe plaaslike komitee deur die inwoners laat aanwys sodat die waterregulasies so spoedig moontlik gefinaliseer kon word. Hierdie nuwe komitee moes op 30 Mei 1882 die regulasies aan die inwoners vir finale wysigings en bekragtiging voorlê. Die komitee aan wie hierdie belangrike taak opgedra is, het bestaan uit Adriaan Röscher, R.C. Wilson, J. van Zyl, M.C. de Beer en J. Rosenstock.(25)

---

(24) S.S. 360, R3052/79: A. Röscher/M. Osborne, 23/9/1879.

(25) S.S. 1121, R3291/84: Notule openbare vergadering Ventersdorp, 12/5/1882.

'n Interessante verskynsel wat in hierdie komitee na vore getree het, is dat Adriaan Röscher die ampte van voorsitter sowel as sekretaris beklee het. Röscher se bewese leiersrol as veldkornet van die wyk Schoonspruit en sy kwalifikasie as onderwyser, ervare briefskrywer en onderhandelaar met die regering het van hom dalk 'n vanselfsprekende keuse gemaak.

Die Ventersdorpse waterregulasies is egter eers op 13 Julie 1882 aan die inwoners vir finale wysigings en bekragtiging voorgelê. Die plaaslike komitee kon op 25 September 1882 die finale memorandum, bekend as die "Ventersdorpsche Waterverdeeling en Regulatie voor de Waterfiscaal van Ventersdorp", goedkeur vir deursending aan en bekragtiging deur die regering.(26)

Hierdie regulasies het voorsiening gemaak vir die verdeling van die erwe van Ventersdorp in sewe blokke met waterleibeurte vir elke blok. Hoewel die opstellers rekening gehou het met die beginsel van 'n eweredige waterverdeling tussen grondeienaars,(27) het hulle egter 'n ander kardinale beginsel, naamlik om die aard van die grond waardeur die spruit vloei of die totale omvang van gronde wat vir akkerboudoeleindes benut kon word, nie in aanmerking te neem nie.(28) Oewerbewoners wat dus groot stukke grond onder bewerking gehad het of later sou kry, sou noodwendig groter eise aan die onttrekking van water uit die Schoonspruit stel.

---

(26) S.S. 1121, R3291/84: "Ventersdorpsche Waterverdeeling en Regulatie voor de Waterfiscaal van Ventersdorp", 25/9/1882.

(27) S.S. 1121, R3291/84: "Ventersdorpsche Waterverdeeling...", art. 1 - 5, 25/9/1882.

(28) C.G. Hall, The origin and development of waterrights in South Africa, p. 54.

'n Moeilike taak wat in die regulasies aan die waterfiskaal opgedra is, is dat hy die eensgesindheid onder die inwoners moes bewaar en terselfdertyd die beginsel van eweredige waterverdeling van toepassing sou maak. Die waterfiskaal is deur die inwoners verkies en 'n aanbeveling was dat hy 'n salaris van die regering moes ontvang.(29) Hierdie bepaling dat die waterfiskaal 'n besoldigde regeringsamptenaar moes wees, het later met die goedkeuring van waterregulasies vir die Schoonspruit in 1887, 'n heftige reaksie in die Volksraad ontlok.(30) Die waterfiskaal het onder die direkte beheer en toesig gestaan van 'n plaaslike komitee by wie klagtes teen die waterfiskaal aanhandig gemaak kon word indien hy nie sy pligte sou nakom nie. Alle boetes moes aan die waterfiskaal betaal word, welke gelde deur die plaaslike komitee gebruik sou word vir die verbetering van die dam, die groot watervoor of strate van Ventersdorp. Indien die inwoners sou weier om die opgelegde boetes te betaal, sou sulke gevalle na die landdros van Potchefstroom verwys word.(31) Die plaaslike komitee het nou reeds die kenmerke begin toon van 'n dorpsbestuur in die kleine.

Inwoners van Ventersdorp moes daarvoor sorg dat hulle afsetvore so gegrawe word dat die oorskot nag- en Sondagwater onbelemmerd met die Schoonspruit af kon vloei om aan die bepaling van die "Waterregulatien voor de plaatsen van Schoonspruit", 1861, te voldoen. Alle vroeëre regulasies wat met hierdie "Ventersdorpsche Waterverdeeling" in stryd sou wees, word met

---

(29) S.S. 1121, R3291/84: "Ventersdorpsche Waterverdeeling ...", art. 6, 25/9/1882.

(30) Staats Courant der Z.A.R., "Bijvoegsel", 24/8/1887, p. 2.

(31) S.S. 1121, R3291/84: "Ventersdorpsche Waterverdeeling ...", art. 7 en 10, 25/9/1882.

die nuwe regulasies dadelik herroep. Sodra die "Ventersdorpsche Waterverdeeling" in die Staats Courant gepubliseer is, sou dit bindend op alle inwoners van Ventersdorp wees.(32)

Adriaan Röscher en die inwoners van Ventersdorp se moontlike verwagting dat die goedkeuring van hulle waterregulasies deur die regering 'n blote formaliteit sou wees, is erg ontnugter deur kommandant P.A. Cronjé se verwerping van hulle regulasies. As kommandant van die wyk Schoonspruit moes hy wel deeglik op die hoogte gewees het van die aktiwiteite van die Ventersdorpgroep ten opsigte van hulle beplande waterregulasies. Vanweë sy noue skakeling met die landdros van Potchefstroom, wat hom deeglik op die hoogte moes hou rakende regerings- en plaaslike aangeleenthede,(33) was Cronjé bewus van die rigting wat die Ventersdorpgroep ingeslaan het ten opsigte van waterregulasies vir die Schoonspruit.

---

(32) S.S. 1121, R3291/84: "Ventersdorpsche Waterverdeeling ...", art. 18, 25/9/1882. In 'n gebied waar die laerliggende inwoners ook van 'n spruit of stroom afhanklik is, mag die eienaars van die hoërliggende plase gedurende die nag of op Sondae die water nie vir besproeiingsdoeleindes gebruik nie, maar moet die water in die spruit of stroom teruggelei word vir gebruik deur die laerliggende inwoners. Reeds voor die inwerkingtreding van die "Water Regulatien voor de plaatsen van Schoonspruit" op 28 Oktober 1859, is dit as algemeen-geldende reëling beskou. Volgens H. Juta is hierdie reëling deel van ons Suid-Afrikaanse waterreg naamlik dat 'n eienaar water uit 'n publieke stroom mag uitkeer met dien verstande "that he does not thereby deprive the lower proprietors of sufficient water for their cattle and for domestic purposes". Vgl. H. Juta, Waterrights under die Common Law and the Irrigation Act Nr. 32 of 1906, p. 76.

(33) W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 22.

Kommandant P.A. Cronjé se noue kontak met die wyk Schoonspruit het reeds in 1857 begin toe hy onder die bewind van president M.W. Pretorius die pos as assistent-veldkornet beklee het.(34) Cronjé het dus die vroeë verloop van die waterprobleme langs die Schoonspruit deurleef asook die totstandkoming van die "Water Regulatien voor de plaatsen van Schoonspruit" in 1861. As amptenaar van die M.W. Pretorius-bewindstydperk wat as sodanig uitvoering aan die 1861-regulasies moes gee, kan dit geredelik aanvaar word dat hy hierdie regulasies in al sy fasette ondersteun het.

In Julie 1869 moes Piet Cronjé teregstaan voor die Hof van Landdros en Heemrade in Potchefstroom op 'n aanklag dat hy met 30 gewapende burgers die grens van sy wyk oorgesteek en oorkant die Hartsrivier 'n inboorlingkraal aangeval het. Hy het die inwoners van die kraal en hulle vee saamgeneem en onder die inwoners van die Schoonspruit verdeel. Veldkornet B.H. Swart het met die verhoor op 4 Augustus 1869 verklaar dat Piet Cronjé geen toestemming gehad het om die opdrag uit te voer nie en hom dus aan wangedrag skuldig gemaak het. Cronjé is skuldig bevind en 'n boetestraf opgelê.(35)

Cronjé het nie kans gesien om onder hierdie omstandighede die amp van assistent-veldkornet te beklee nie en is eervol uit sy nuwe betrekking ontslaan. Piet Cronjé het hom daarna vir etlike jare van die openbare lewe onttrek, maar is op die vooraand van die Eerste Vryheidsoorlog op 13 Desember 1880 aangestel as kommandant van die distrik Potchefstroom.

---

(34) H.P. van Coller, P.A. Cronjé - 'n lewenskets, p. 18.

(35) Die hiernavolgende omskrywing van Piet Cronjé se persoonlikheid en optredes in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1881, is ontleen aan H.P. van Coller, P.A. Cronjé - 'n lewenskets, pp. 21 - 22, 30, 54 en pp. 76 - 77.

Kommandant Piet Cronjé se eiesinnigheid het hom reeds gedurende die Eerste Vryheidsoorlog in botsing met Paul Kruger gebring terwyl die setel van die regering op daardie stadium in Heidelberg gevestig was. Cronjé se poging om 'n lening met die Kaapse Handelsbank aan te gaan ten einde die finansiële posisie van die regering te probeer beredder, is sterk deur Paul Kruger afgekeur. Kruger het Cronjé sterk aangespreek dat hy hom met 'n saak bemoei waarmee hy niks te doen gehad het nie. Kruger het Cronjé ook op 'n stadium beskuldig dat hy hom met onbelangrike dinge besig hou na aanleiding van laasgenoemde se kritiek op spelfoute in verslae van die regering vanuit Heidelberg. As persoon het Piet Cronjé 'n haastige geaardheid met 'n besondere eiesinnigheid gehad wat hom nie van koers laat bring het indien hy eenmaal 'n besluit geneem het nie.(36)

Skynbaar het Cronjé op 25 September 1882 'n kennisgewing aan die inwoners langs die Schoonspruit gestuur na aanleiding van die Ventersdorpse waterregulasies, en kon hy dit in 'n mate regverdig weens die feit dat hy as kommandant wel owerheidsbesluite aan die inwoners bekend kon maak ooreenkomstig die Grondwet van 1858.(37) In die omsendskrywe word die inwoners vriendelik dog ernstig gevra om die damme en die watervore in die Schoonspruitgebied in 'n goeie toestand te kry. Alle lekkasies aan damme en vore moes herstel word en die vermorsing van water moes onmiddellik stopgesit word. Die nag- en Sondagwater moes in die Schoonspruit gelaat word ooreenkomstig die waterregulasies vir die Schoonspruit wat die regering in 1861 goedgekeur het. In opdrag van Cronjé moes hierdie kennisgewing vanaf Klerksdorp aan alle inwoners bekend gemaak word.(38)

---

(36) H.P. van Coller, P.A. Cronjé - 'n lewenskets, p. 22.

(37) W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 22.

(38) S.S. 90, R1050/84: "Bekendmaakeng", 25/9/1882.

Cronjé het verder navraag by Adriaan Röscher gedoen of die waterregulasies van die Ventersdorpkomitee opgestel is om binne die raamwerk van die wette van die Suid-Afrikaanse Republiek te val. Die volledige besluite wat die Ventersdorpkomitee op vergaderings geneem het, moes Röscher so spoedig moontlik aan hom deurstuur.(39)

Dat Cronjé geen magtiging van die regering gehad het om sodanige kennisgewing uit te stuur nie, blyk uit die feit dat eerste staatsklerk Krogh eers op 6 Desember 1882 'n afskrif van die kennisgewing van B.H. Swart van Klerksdorp ontvang het. Die staatsekretaris, wat saam met die president 'n belangrike rol gespeel het in die toepassing en administrasie van landswette,(40) was duidelik nie op die hoogte met die Volksraadsbesluit van 12 April 1861 waarvan Cronjé in sy kennisgewing melding gemaak het nie. Daar was uiteraard geen sodanige Volksraadsbesluit geneem nie, maar wel 'n Uitvoerende Raadsbesluit om enkele wysigings in die "Water Regulatien voor de plaatsen van Schoonspruit" van 28 Oktober 1859 aan te bring.(41) As eerste staatsklerk moes Krogh inligting betreffende die afhandeling van memories insamel(42) en hy was juis op daardie stadium besig om 'n memorie van J. Strijdom en 40 ander inwoners vanuit Klerksdorp te ondersoek met 'n klagte dat hulle 'n gebrek aan water het.(43)

---

(39) S.S. 1121, R5670/82: P.A. Cronjé/A. Röscher, 6/10/1882.

(40) W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, pp. 89 - 90.

(41) U.R.-besluite, 1857 - 1864, nr. 1, 4/5/1859 en S.S. 1121, R5458/85: kopie van verslag J.H. Visser/Volksraad deur W.J. Fockens gemaak, 24/2/1886.

(42) W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, pp. 89 - 90.

(43) S.S. 1121, R5264/82: Aantekeninge eerste staatsklerk Krogh, Gouverments kantoor Z.A.R., 6/12/1882.

Die verwarring wat by die regering bestaan het oor die gewysigde regulasie van M.W. Pretorius en die Uitvoerende Raad van 1861 het saam met die ter syde stelling van kommandant Piet Cronjé van die "Ventersdorpsche Waterverdeeling" van 25 September 1882 daartoe bygedra dat laasgenoemde waterregulasies nie in 1883 voor die Volksraad gelê is nie.

In 1883 het die Suid-Afrikaanse Republiek, maar veral die Schoonspruitgebied, onder 'n ernstige droogte gebuk gegaan. Die boonste vier plase aan die Schoonspruit, naamlik Roodepoort, Klipplaatdrif, Elandskuil en Sterkstroom het alle beskikbare water vir hulle plase uitgelei sodat die onderste plase in die Klerksdorpomgewing selfs 'n drinkwaterprobleem ontwikkel het.(44) Die Ventersdorpinwoners het hierdeur die beginsel van die reg van alle oewerbewoners op water langs 'n publieke stroom(45) misken.

Die toenemende memories en protesnotas vanuit Klerksdorp en Ventersdorp vanaf 1884 het die regering deeglik bewus gemaak van die ernstige verdeeldheid wat water in hierdie gebied veroorsaak het.

## 3.3 Die finale afronding van waterregulasies vir die Schoonspruit: 1884 - 1887

Die watergeskil tussen Klerksdorp en Venterdorp kry in 1884 nuwe momentum vanweë die betrokkenheid van kommandant Piet Cronjé. Dit was vreemd dat 'n kommandant by 'n plaaslike ge-

---

(44) S.S. 1121, R5458/85: J.H. Visser/Volksraad, (Fockens-kopie), 24/2/1886.

(45) H. Juta, Waterrights under the Common Law and the Irrigation Act nr. 32 of 1906, pp. 28 - 29.

skil betrokke raak en in die proses die eenheid van sy wyk op die spel plaas deur die Klerksdorpgroep se standpunt te ondersteun. Dit val op dat Piet Cronjé geen poging aangewend het om alle belanghebbendes langs die Schoonspruit bymekaar te kry ten einde 'n sinvolle oplossing te bewerkstellig nie.

Aan die begin van Februarie 1884 staan Cronjé aan die hoof van 'n Klerksdorpkommissie wat die plase langs die Schoonspruit sou besoek ten einde vas te stel waarom Klerksdorp 'n tekort aan water ondervind sedert die droogte van 1883. Die kommissie het bestaan uit veldkornet H.C. Visser en die waterfiskaal van Klerksdorp, S.I. Strydom. Nadat hierdie kommissie die onderskeie plase langs die Schoonspruit besoek het, stel waterfiskaal Strydom 'n omvattende verslag op wat vir die staatsekretaris se aandag deurgestuur word.(46) Die verslag beklemtoon dat die water van die Schoonspruit 'n groot gedeelte van die bewoonde gebiede langs die spruit glad nie bereik het nie. Die boonste gedeelte van die spruit (Ventersdorp) val geheel en al buite die regulasie waaronder waterregte oorspronklik langs die spruit uitgegee is. Dié teenstrydigheid lê daarin dat die "Water Regulatien voor de plaatsen van Schoonspruit" van 1861 bepaal het dat elke plaas slegs een watervoor sou hê. Die feitelike situasie was egter dat Roodepoort (drie) Elandskuil (twee), Klipplaatdrif (vyf) en Sterkstroom (twee) watervore in gebruik gehad het. Vier plase het dus die gebruik van 12 watervore - dit verklaar grootliks waarom die 8 onderste plase in die Klerksdorpomgewing geen water gehad het nie. Daar was inwoners van Ventersdorp wat beweer het dat die regulasies wat op 12 April 1861 in die Staats Courant gepubliseer is, onwettig was. Volgens sekere inwoners het hierdie regulasies reeds verjaar en was dit buitendien nooit deur die Volksraad goedgekeur nie.

---

(46) S.S. 1121, R5458/85: S.I. Strydom/Uitvoerende Raad, 6/2/1884.

Vir die Klerksdorpkommissie en waterfiskaal Strydom het bogenoemde standpunt verwarring veroorsaak aangesien hulleself getwyfel het of die regulasies van 1861 werklik nog van krag was. Vir die waterfiskaal was hierdie probleem nog groter: die uitgestrektheid van die gebied het dit vir hom moeilik gemaak om te bepaal wie geregtig was op water en wie nie. Dit was egter duidelik dat die Klerksdorpinwoners die meeste gely het weens die gebrek aan doeltreffende regulasies vir die gebied.

Die besoek van die Klerksdorpkommissie onder leiding van kommandant Piet Cronjé aan die plase langs die Schoonspruit, het 'n heftige reaksie van die Ventersdorpinwoners ontlok. 'n Memorie wat deur Adriaan Röscher namens die inwoners opgestel is, word op 13 Februarie 1884 aan die Uitvoerende Raad gestuur. Die Ventersdorpers spreek hulle ontevredenheid uit dat hulle lastig geval word deur 'n kommissie wat sonder die regering se toestemming saamgestel is om die plase langs die Schoonspruit te besoek. Hulle aanvaar verder nie die optrede van Cronjé as kommandant van die wyk wat uit eie gesag die "Water Regulatien voor de plaatsen van Schoonspruit" van 1861 op hulle wou afdwing nie. Hierdie optrede van Cronjé word beskou as 'n inbreuk op hulle demokratiese regte wat die regering veronderstel was om te beskerm. Röscher huldig die standpunt dat die Ventersdorpinwoners geen kennis sou dra van 'n Volksraadsbesluit van 12 April 1861 wat ook hierdie regulasies op hulle van toepassing sou maak nie. Hy dring daarop aan dat staatsekretaris Bok eers 'n volledige evaluering van die regulasies moes maak ten einde die geldigheid daarvan te bepaal waarna dit weer in die Staats Courant gepubliseer moes word.(47)

Adriaan Röscher wou so gou moontlik alle onduidelikhede rondom die waterregulasies onder die Ventersdorpers uitskakel en reël

---

(47) S.S. 1121, R1050/84: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 13/2/1884.

'n vergadering vir alle grondeienaars op 15 Maart 1884 te Ventersdorp. Gewapen met die antwoord van staatsekretaris Bok na aanleiding van die memorie van 13 Februarie 1884 het Röscher dit onomwonde aan die eienaars gestel dat, volgens Bok, die "Water Regulatien voor de plaatsen aan Schoonspruit" van 1861 nie bindend op die Ventersdorpinwoners was nie, aangesien die aanlegte op hulle plase deur geen serwituut gebind word aan spesifieke regulasies nie. Die vergadering neem 'n militante houding in en weier om gehoor te gee aan dreigemente dat hulle watervore toegegooi sou word indien hulle nie aan die 1861-regulasies voldoen nie.(48)

Die Ventersdorpinwoners wou hierdie vergadering gebruik om finaal konsensus te bereik oor hulle waterregulasies wat reeds in 1882 opgestel is. 'n Ernstige flater wat die organiseerders in hierdie verband gemaak het, was om nie die eienaars van die laerliggende plase Buffelsvlei, Brakspruit, Palmietfontein, Mahemsvlei, Witpoort, Nooitgedacht, Elandsheuwel en Klerksdorp na hierdie vergadering uit te nooi nie.(49) 'n Gulde geleentheid om 'n vergelyk te bewerkstellig tussen die boonste plase (Ventersdorp) en die laerliggende plase het hiermee verlore gegaan. Die vergadering aanvaar die beginsel dat alle afsetvore in die Schoonspruit moet loop en dat die nagen Sondagwater oordeelkundig deur die inwoners gebruik sal word. Hierdie afsetvore moet in 'n goeie toestand gehou word sodat die onderste plase langs die spruit van die nodige water voorsien kon word. Alle eienaars met grond in vleigebiede sou gereeld saamspan om die vleie oop te maak ten einde te verseker dat die vloei van die spruit nie versteur word nie. Die Ventersdorpinwoners het hulleself bereid verklaar om met die inwoners van die Klerksdorpdistrik saam te werk, maar in-

---

(48) S.S. 1121, R2057/86: Notule openbare vergadering Ventersdorp, 15/3/1884.

(49) S.S. 1121, R5458/85: J.H. Visser/Volksraad, (Fockenskopie), 24/2/1886.

dien laasgenoemde nie hulle volle samewerking sou bied nie, sou hulle direk met die regering onderhandel. Adriaan Röscher en Sarel Yssel, wat as verteenwoordigers van Ventersdorp benoem is, moes poog om die waterregulasies sodanig uit te brei sodat die hele Schoonspruitgebied onder hierdie regulasies sou val. Wanneer hierdie tweemankommissie hulle taak afgehandel het, moes hierdie waterregulasies aan die landdros van Potchefstroom gestuur word vir deursending aan die regering.(50)

Die konsepregulasies wat die Ventersdorpinwoners op 15 Maart 1884 bekragtig het, het die kloof van verwydering tussen hulle en die eienaars van plase in die Klerksdorpomgewing vergroot. Hierdie regulasies is sodanig opgestel dat die hele Schoonspruit daaronder sou val en het bekend gestaan as die "Concept Regulatie voor de plaatsen aan Schoonspruit en Instructie voor den Waterfiscaal". Die Klerksdorpgrondeienaars was egter van mening dat slegs 'n regeringskommissie daarin sou kon slaag om die waterverdeling langs die Schoonspruit doeltreffend te reël. J.H. Visser lig hierdie standpunt toe in 'n memorie aan die Volksraad op 26 Maart 1884 wat deur 92 mense onderteken is.(51) Die Klerksdorpinwoners hou vol dat hulle ewe veel regte op die water van die Schoonspruit het. Die beginsel van 'n publieke stroom wat reeds in die vyftigerjare aan die Kaap as norm aanvaar was, word deur dié inwoners beklemtoon. Hierdie beginsel het bepaal dat eienaars langs 'n standhoudende stroom 'n gemeenskaplike reg op daardie water het, maar dat elke eienaar se reg beperk word deur die regte van ander eienaars. Daarenteen is die privaatstroom beskou as riviere en strome wat nie standhoudend was nie en, indien standhoudend,

---

(50) S.S. 1121, R2057/86: Notule openbare vergadering Ventersdorp, 15/3/1884.

(51) S.S. 1051, R1679/85, V.R.R. 112/84: J.H. Visser/ Volksraad, 26/3/1884.

te swak was vir algemene publieke gebruik.(52) Die beginsel van die eweredige verdeling van water sou volgens die memoraliste nooit tot sy reg kom nie, aangesien talle plase langs die Schoonspruit reeds oor meer as een watervoor beskik het. Die gebrek aan doeltreffende regulasies vir die waterfiskale van Klerksdorp en Ventersdorp het verder daartoe bygedra dat hulle nie in staat was om hulle pligte na behore uit te voer nie. Die inwoners van Klerksdorp het dit betreur dat die goeie werk van hulle voorvaders verwerp word deur die "Water Regulatien voor de plaatsen van Schoonspruit" van 1861 nietig te verklaar en daardeur die regsgeldigheid daarvan in twyfel te trek.(53) Hierdie konserwatiewe benadering van die Klerksdorpinwoners het geheel en al nie rekening gehou met die veranderde landboutoestande wat radikaal van dié van 1861 verskil het nie. Die toenemende betrokkenheid van boere by die akkerbou sedert die sestigerjare(54) moes noodwendig ook groter eise aan die watervoorraad van die Schoonspruit stel.

Kommandant Piet Cronjé wou die Ventersdorpgroep se regulasies van 15 Maart 1884, wat aan die landdros van Potchefstroom deurgestuur was, kortwiek deur 'n onderhoud met die landdros aan te vra op 30 April 1884.(55) Cronjé was deeglik op die hoogte van die besondere rol wat die landdros vervul het in die verskaffing van inligting en verduidelikings aan die regering rakende memories en voorgestelde wetgewing. Indien dit 'n verdienstelike saak sou wees, sou die gunstige aanbeveling van die landdros die uitslag van 'n memorie sterk beïnvloed

---

(52) C.G. Hall, The origin and development of waterrights in South Africa, p. 47 en vgl. ook F.A. Venter e.a. (reds.), Water, p. 454. Kyk hoofstuk 1, p. 17.

(53) S.S. 1051, R1679/85, V.R.R. 12/84: J.H. Visser/Volksraad, 26/3/1884.

(54) F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal, 1837 - 1886, p. 238.

(55) S.S. 1121, R2074/84: Landdros Potchefstroom/Staatsekretaris, 30/4/1884.

het.(56) In die lig hiervan beklemtoon Cronjé die feit sterk in sy onderhoud met die landdros dat artikel 1 van die nuwe konsepregulasies lynreg in stryd was met die "Water Regulatien voor plaatsen aan Schoonspruit" 1861 wat bepaal het dat elke plaas slegs een watervoor mag hê. Die uitgrawe van 'n nuwe loop op die plaas Oog van Schoonspruit behoort volgens Cronjé voldoende water vir die Ventersdorpgebied daar te stel.(57)

Hierdie aanbeveling van Cronjé het egter die moontlikheid ingehou dat, weens die groter hoeveelheid water wat vanuit die fontein onttrek word, dit tot die uitdroging van die spruit se ou bedding aanleiding kon gee, met die gevolg dat die laerliggende plase in die proses selfs minder water sou kry.(58) Die landdros het egter besef dat, indien hy aanbevelings ten opsigte van die wysiging van die konsepregulasies van die Schoonspruit sou indien, talle plase langs die spruit gedwing sou moes word om slegs een watervoor te hê. Vir hierdie probleem het die landdros glad nie kans gesien nie en hy wys in sy aanbeveling aan die regering daarop dat hy hom nie met die standpunt van Piet Cronjé vereenselwig dat elke plaas slegs een watervoor moet hê nie.(59) Kommandant Piet Cronjé se poging tot beïnvloeding of oortuiging van die landdros was dus in hierdie opsig onsuksesvol.

Die regering besluit om die "Concept Regulatie voor de plaatsen aan Schoonspruit en Instructie voor den Waterfiskaal" voorlopig

---

(56) W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 227.

(57) S.S. 1121, R2074/84: Landdros Potchefstroom/Staatsekretaris, 30/4/1884.

(58) H. Juta, Waterrights under the Common Law and the Irrigation Act nr. 32 of 1906, p. 134.

(59) S.S. 1121, R2074/84: Landdros Potchefstroom/Staatsekretaris, 30/4/1884.

vir kennisname in die Staats Courant op 22 Mei 1884 te publiseer.(60)

Dit was nie soseer die "Concept Regulatie voor de plaatsen aan Schoonspruit en Instructie voor den Waterfiscaal" wat die geskil tussen Klerksdorp en Ventersdorp tot die spits gedryf het nie, maar wel dié bepaling van M.W. Pretorius se waterregulasies van 1861 waarvolgens elke plaas slegs oor een watervoor mag beskik terwyl die Ventersdorpplase op daardie stadium reeds meer as een watervoor in gebruik gehad het.

Die grondeienaars in Klerksdorpomgewing reageer in Julie 1884 op die publikasie van die konsepregulasies in 'n memorie met 101 ondertekenaars aan die Volksraad.(61) In die memorie word aangtoon dat die Ventersdorpgroep hierdie konsepregulasies opgestel het en veroorsaak het dat laerliggende plase van die Schoonspruit geen insette in hierdie verband kon lewer nie. Die Klerksdorpinwoners kom tot die gevolgtrekking dat die 1861-waterregulasies nie deur die Volksraad bekragtig was nie, maar hou die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek verantwoordelik vir hierdie nalatigheid. Aangesien Klerksdorp die oudste dorp in die Suid-Afrikaanse Republiek was, het hulle geglo dat hulle op regverdige behandeling deur die regering geregtig was.(62)

Wanneer 'n saak in 'n memorie sterk onder die regering se aandag gebring word, het die plaaslike inwoners hulle gewoonlik op die Volksraadslid vir die gebied beroep om 'n indringende studie van die betrokke memorie te maak om sodoende effek-

---

(60) S.S. 1121, R5790/85: "Concept Regulatie voor de plaatsen aan Schoonspruit en Instructie voor den Waterfiscaal", 22/5/1884.

(61) S.S. 1121, R1679/85, V.R.R. 111/84: S.I. Strydom/ Volksraad, 14/7/1884.

(62) S.S. 1121, R1679/85, V.R.R. 111/84: S.I. Strydom/ Volksraad, 14/7/1884.

tiewe insette te kan lewer wanneer die memorie in die Volksraad ter sprake kom.(63) Die Klerksdorpgrondeienaars het ook hierdie prosedure gevolg en die hulp van Volksraadslid H.R. Lemmer in dié verband ingeroep. Die Visser-memorie het ook op 12 November 1884 in die Volksraad ter sprake gekom en Lemmer kon aan die Volksraadslede die nodige historiese agtergrond verskaf oor die ontstaan en ontwikkeling van die waterprobleem langs die Schoonspruit. Lemmer het aangedui dat met die vestiging van die Voortrekkers op die plaas Elandsheuwel in 1840(64) die administratiewe stelsel van die gebied gesentreer het rondom die landdroskantoor te Potchefstroom waar Jacob de Klerk die uitgifte en registrasies in die gebied hanteer het. Met die hantering van die uitgifte van plase langs die Schoonspruit het De Klerk 'n reëling met die eerste nedersetters getref dat elke plaas slegs op een watervoor en dam geregtig was.(65)

Om groter ordening in die Klerksdorpomgewing rondom waterreëlings daar te stel, word die "Water Regulatien voor de plaatsen van Schoonspruit" op 28 Oktober 1859 in 'n regeringskennisgewing vanuit Potchefstroom bekend gestel. Die beheer

---

(63) W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 29.

(64) Die jaar 1840 word hier as vestigingsdatum van die Voortrekkers op die plaas Elandsheuwel aangedui. Jacob de Klerk het reeds vanaf 7/9/1839 as landdros funksioneer en voor sy aanstelling as landdros op 3/6/1839, het hy begin met die uitgee van plase langs die Schoonspruit en reeds op eg. datum die plaas Buisfontein uitgegee. Vgl. G.N. van den Bergh, Memorandum ontstaandatum Klerksdorp, Mei 1985, p. 8. Die ontstaansdatum 1840, word dus in hierdie verband bevraagteken.

(65) S.S. 1121, R5458/85: J.H. Visser/Volksraad (Fockens-kopie), 24/2/1886.

oor die watervore van die boonste gedeelte van Schoonspruit (Ventersdorp) het dus outomaties onder die jurisdiksie van hierdie regulasies geval.(66) Volgens Lemmer het president M.W. Pretorius vanweë besware van die eienaars van die plaas Oog van Schoonspruit die vergunning aan die plaas Rooipoort (die latere Ventersdorp) gemaak om 'n addisionele watervoor uit te grawe. Met die herverkiesing van M.W. Pretorius as president in 1861 word die "Water Regulatien voor de plaatsen van Schoonspruit" in die Staats Courant gepubliseer op 12 April 1861. Die bepaling dat elke plaas langs die Schoonspruit slegs een watervoor mag uitgrawe en een dam mag bou, het in hierdie regulasies behoue gebly.(67) Die eienaars van plase in die Ventersdorpomgewing het van meet af meer watervore langs die spruit uitgegrawe as waarop hulle geregtig was. Die laerliggende inwoners het die standpunt gehuldig dat hulle voldoende water sou gehad het as die Ventersdorpplase hulle van die begin af by die regulasies van 1861 gehou het.(68)

In sy betoog namens die Klerksdorpers het Lemmer die Volksraad daarop gewys dat die konsep-waterregulasies van 1884 bepaal dat die bestaande watervore van die Ventersdorpplase verskans word terwyl die plase in die toekoms in die geleentheid gestel sou word om die bestaande watervoorstelsel verder uit te brei. Dit was duidelik dat Adriaan Röscher as verteenwoordiger van die Ventersdorpinwoners alles in sy vermoë sou doen om die konsepregulasies so vinnig moontlik deur

---

(66) S.S. 1121, R5458/85: J.H. Visser/Volksraad (Fockens-kopie), 24/2/1886. Vgl. ook S.S. 105, R1679/85, V.R.R. 111/84: W.J. Leyds/C.J. Joubert, 4/1/1886.

(67) S.S. 1121, R5458/85: J.H. Visser/Volksraad (Fockens-kopie), 24/2/1886.

(68) S.S. 1121, R5458/85: S.I. Strydom/Uitvoerende Raad, 6/2/1884.

die Volksraad goedgekeur te kry. Die Klerksdorpinwoners se vrees in dié verband was geregverdig aangesien hulle regmatige deel water uit die spruit ook in die toekoms onseker was. Hulle was selfs bereid om hierdie saak in 'n hof te betwis, aangesien hulle oortuig was dat die 1861-regulasies outomaties 'n serwituut op die Ventersdorpwatervore geplaas het.(69) Die bepaling dat elke plaas oor slegs een watervoor en dam mag beskik, was egter nie op koopbriewe of transportaktes aangeteken nie: die gevolg was dat die eienaars in die Ventersdorpomgewing nie juridies gebonde was om by die "Water Regulatien voor de plaatsen van Schoonspruit" van 1861 te hou nie.(70)

Die Volksraad aanvaar op 12 November 1884 'n aanbeveling van die J.H. Visser-memorie dat die regering 'n deeglike ondersoek moet loods om die regsgeldigheid van die 1861-regulasies te bepaal. Hierdie aangeleentheid word ook indringend deur die Uitvoerende Raad bespreek en vise-president C.J. Joubert kry opdrag om saam met die staatsprokureur ondersoek in te stel na die grondbeginsels van die 1861-regulasies en aanbevelings daarna aan die regering voor te lê.(71)

Die feit dat vise-president C.J. Joubert belas was met die ondersoek na die 1861-regulasies het die hoop by die inwoners langs die Schoonspruit laat opvlam dat hierdie twispunt nou vir eens en vir altyd uit die weg geruim sou word. Teen Oktober 1885 moes landdros Goetz egter die ontevredenheid van

---

(69) S.S. 1121, R5458/85: S.I. Strydom/Uitvoerende Raad, 6/2/1884.

(70) H. Juta, Waterrights under the Common Law and the Irrigation Act nr. 32 of 1906, p. 148 en S.S. 1121, R2057/86: Notule openbare vergadering Ventersdorp, 15/3/1884. Vgl. verder Landdros Potchefstroom, Aktes van Transport (1868 - 1899), nr. 58, "Verklaring van den Kooper", Richard Carew Wilson, kooptransaksie J.H. Venter, Oog van Schoonspruit, 27/10/1863, verklaring voor landdros Goetz, 20/8/1870.

(71) S.S. 1051, R1679/85, V.R.R. 28/84, V.R.B.B. 103/85: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R. deur E. Bok n.a.v. V.R.B. 12/11/1884, art. 1325, 20/4/1885.

die inwoners van die wyk Schoonspruit aan die regering oordra weens die besluitloosheid van die Uitvoerende Raad oor hierdie aangeleentheid.(72)

C.J. Joubert was egter op daardie stadium nog besig om inligting oor die 1861-regulasies in te samel met die gevolg dat dit nie voor die einde van 1885 voor die Volksraad gelê sou kon word nie.(73)

Die vertraging van wetgewing om waterregulasies vir die Schoonspruit daar te stel, dwing waterfiskaal J. Strydom van Klerksdorp om weer eens 'n pleidooi aan die regering te rig om hulle daarop te wys dat hulle waterposisie só benard is dat hulle slegs aan die genade van God oorgelewer was.(74) Die ernstige droogte wat die Schoonspruitgebied teen die einde van 1885 geteister het, het meegebring dat die Ventersdorp-inwoners die watervoorraad sodanig uitgeput het dat feitlik geen water die Klerksdorpomgewing bereik het nie.(75)

Die ernstige waterkrisis wat die Klerksdorpomgewing in die gesig gestaar het, dwing staatsekretaris Bok op 14 Desember 1885 om die hulp van staatsprokureur W.J. Leyds in te roep.(76) In gevalle waar die Uitvoerende Raad nog nie gereed was om 'n beslissing oor 'n saak wat aan hom voorgelê was, te gee nie, kon bepaalde tussentydse maatreëls getref word. Die Volksraad het dan met die volgende sitting weer die hele aangeleentheid oorweeg en daaroor beslis. Alle besluite van die Uitvoerende Raad wat kragtens hierdie beperkte bevoegdheid geneem was, is altyd as tydelik beskou en moes vir behoorlike kennisname in die Staats Courant gepubliseer word.(77)

---

(72) S.S. 1121, R5458/85: A. Goetz/E. Bok, 27/10/1885.
(73) S.S. 1121, R5458/85: E. Bok/A. Goetz, 3/11/1885.
(74) S.S. 1121, R5790/85: J. Strydom/E. Bok, 14/11/1885.
(75) S.S. 1121, R5458/85: J. Strydom/E. Bok, 8/12/1885.
(76) S.S. 1121, R5458/85: E. Bok/W.J. Leyds, 14/12/1885.
(77) W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Suid-Afrikaansche Republiek, p. 203.

Op grond van hierdie bevoegdheid van die Uitvoerende Raad wou Bok dadelik die konsepregulasies vir die Schoonspruit in werking stel en dit daarna in 1886 aan die Volksraad vir goedkeuring voorlê.(78)

Op 5 Januarie 1886 antwoord Leyds in 'n skrywe aan Bok dat hy baie sterk gekant was teen die onmiddellike inwerkingtreding van die konsepregulasies vir die Schoonspruit.(79) Dat Leyds besliste standpunte gehad het oor hierdie waterprobleem blyk uit sy skrywe aan vise-president C.J. Joubert waarin hy ook stukke rakende die Schoonspruit deurstuur vir bestudering. W.J. Leyds verduidelik dat die Schoonspruit genoeg water vir twaalf watervore bevat, dit wil sê een vir elke plaas ooreenkomstig die reëling van president M.W. Pretorius in 1861. Na 1861 het daar twee partye na vore getree: die vier eienaars van die boonste deel en die agt eienaars van die onderste gedeelte van die Schoonspruit. Die kern van die twis het ontstaan weens die feit dat die boonste eienaars van die spruit die wettigheid van die reëlings van president M.W. Pretorius bevraagteken en twaalf watervore gemaak het. Hierdie miskenning van die reëling van Pretorius het daartoe bygedra dat die onderste plase van die Schoonspruit die meeste van die tyd nie water gehad het nie.(80)

Leyds wys daarop dat dié twispunt aanleiding gegee het tot die opstel van memories en konsepregulasies. Hierdie plan van aksie kom hoofsaaklik van die inwoners van die boonste plase van die Schoonspruit (Ventersdorp). Dit is dan ook nie vreemd dat in die konsepregulasies 'n artikel aanwesig was wat lui dat die aanlegte langs die Schoonspruit wat reeds

---

(78) S.S. 1121, R5458/85: E. Bok/W.J. Leyds, 14/12/1885.

(79) S.S. 1121, R5458/85: W.J. Leyds/E. Bok, 5/1/1886.

(80) S.S. 105, R1679/85, V.R.R. 111/84: W.J. Leyds/ C.J. Joubert, 4/1/1886.

bestaan en uitgehaal is, ongestoord sal bly voortbestaan nie. Dit is juis wat die boonste party van die Schoonspruit nastreef en waarteen die onderste inwoners ten sterkste gekant was. Sou die konsepregulasies dus voorlopig in werking gestel word, het die boonste inwoners van die Schoonspruit in hulle doel geslaag. Indien die Uitvoerende Raad sy bevoegdheid gebruik om die konsepregulasies in werking te stel, sou Leyds nog sterker daarteen gekant wees. Hy wil eerder hê dat die bestaande watervore behoue bly, maar dat eienaars van regeringsweë verbied moet word om water deur meer as een voor gelyktydig te laat loop.(81)

Op 8 Januarie 1886 kon W.J. Leyds aan die Uitvoerende Raad verslag doen dat hy die konsepregulasies van die Schoonspruit bestudeer en verwerk het en dat dit gereed was vir publikasie sodat die nodige veranderings deur die Volksraad aangebring kon word.(82) Die Ventersdorpgroep onder leiding van Adriaan Röscher het waarskynlik gehoop dat die konsepregulasies reeds op daardie stadium deur die Volksraad aanvaar sou gewees het. Die feit dat W.J. Leyds 'n objektiewe houding ingeneem het en 'n deeglike studie van dié waterprobleem en memories gemaak het, het deels bygedra tot die vertraging van die goedkeuring deur die Volksraad.

Teen die begin van Junie 1886 het die konsepregulasies nog steeds nie voor die Volksraad gedien nie en kommandant Piet Cronjé doen 'n ernstige beroep op die regering om die regulasies van president M.W. Pretorius van 1861 te bekragtig(83) waardeur die waterregulasies van Ventersdorp verwerp sou word. Ook Adriaan Röscher pleit weer namens die Venters-

---

(81) S.S. 105, R1679/85, V.R.R. 111/84: W.J. Leyds/C.J. Joubert, 4/1/1886.

(82) S.S. 1121, R5458/85: W.J. Leyds/Uitvoerende Raad, 8/1/1886.

(83) S.S. 1121, R2620/86: P.A. Cronjé/Uitvoerende Raad, 1/6/1886.

dorpinwoners dat die bekragtiging van die regulasies - waarmee die regering reeds twee jaar sloer - nou dringend aandag moet geniet.(84)

Met die Volksraadsvergadering van 26 Junie 1886 was dit van meet af duidelik dat artikel 1 van die konsepregulasies wat bepaal dat die bestaande watervore behoue bly, die knelpunt in die oplossing van die geskil tussen die inwoners van Ventersdorp en Klerksdorp was. Die Volksraad het tot die gevolgtrekking gekom dat die behoud van artikel 1 geen bevredigende oplossing vir die behoeftes van die inwoners van die Schoonspruit bied nie. Die Volksraad besluit om nie verder met die behandeling van die konsepregulasies voort te gaan nie, maar om dit aan die Uitvoerende Raad op te dra om 'n kommissie te benoem om met alle betrokkenes langs die Schoonspruit 'n skikking te bereik. Die aanbevelings en reëlings van hierdie kommissie moes met die volgende Volksraadsitting weer eens bespreek word. Die Volksraad beveel aan dat die aanstellings van vise-president C.J. Joubert en J.H. Kock as kommissielede deur die Uitvoerende Raad bekragtig moet word om hierdie opdrag uit te voer.(85)

Die versigtigheid waarmee die Volksraad hierdie aangeleentheid hanteer het, was tiperend van die wetgewingsprosedure van die Suid-Afrikaanse Republiek. Wanneer 'n saak deur die Uitvoerende Raad ondersoek was en daar het nog steeds besware van die publiek na vore gekom in die vorm van memories of spesiale versoeke het die Volksraad nie geaarsel om die hele aangeleentheid weer onder oë te neem nie.(86) Indien die

---

(84) S.S. 1121, R2731/86: A. Röscher/E. Bok, 5/6/1886.

(85) S.S. 1121, R3054/86: Volksraadsbesluit 697, 26/6/1886.

(86) W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 152.

Volksraad van mening was dat 'n bepaalde versoek onredelik of ongewens was of dat 'n bepaalde saak soos vergestalt in memories teenstrydig of uiteenlopend was, het die Volksraad nie geskroom om die saak vir nog 'n jaar terug te verwys vir verdere bespreking nie.(87)

Aangesien die President van die Suid-Afrikaanse Republiek ook belas was "met die regeling der algemeene dienst, het postwezen en die openbare werken ..." het inwoners dikwels memories direk aan die staatshoof gestuur.(88) Ook in die waterkwessie langs die Schoonspruit is hierdie modus operandi gevolg.

Vanuit Witpoort, in die distrik Klerksdorp, stuur C.J. Liebenberg op 25 Oktober 1886 'n memorie onderteken deur 56 inwoners aan Paul Kruger en wys hom daarop dat, weens die gebrek aan water in die Schoonspruit, die gesaaides in die gebied besig was om te verdroog. Die boere in die gebied was reeds besig om planne te beraam om hulle plase te verkoop en die gebied te ontruim. Die boere het reaksie vanaf die regering verwag na hul driejaarlange vertoë om doeltreffende waterregulasies vir dié gebied. 'n Gevoel van pessimisme het reeds onder dié boere posgevat, omdat hulle memories nooit voldoende aandag gekry het nie.(89)

Hierdie skerp dog goedomlynde memorie moes 'n invloed op Paul Kruger gehad het aangesien die Uitvoerende Raad twee weke later die aanbeveling van die Volksraad rakende die aanstelling van vise-president C.J. Joubert en J.H. Kock, as kommissielede vir die Schoonspruit-ondersoek, bekragtig het.(90)

---

(87) W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, pp. 171 en 176.

(88) Z.A.R. 71, T.V.R. notule 1897, art. 1023, soos aangehaal deur W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 90.

(89) S.S. 1121, R5385/86: C.J. Liebenberg/P. Kruger, 25/10/1886.

(90) S.S. 1121, R383/87: U.R.-besluit, art. 277, 11/11/1886.

Hierdie kommissie (voortaan genoem die Joubert-kommissie) moes reeds vroeg in Januarie met sy ondersoek begin ten einde die nodige aanbevelings gereed te kry vir die Volksraadsitting van 1887.

## 3.4 Joubert-kommissie se evaluering en aanbevelings aan die Uitvoerende Raad rakende die waterprobleme van Schoonspruit

Op 10 Januarie 1887 het die Joubert-kommissie se ondersoek na die waterprobleme van die Schoonspruit begin en wel met besoeke aan al die plase langs die spruit vanaf die plaas Oog van Schoonspruit (Ventersdorp) tot en met Klerksdorp. Die kommissie het indringende onderhoude met eienaars gevoer en inligting versamel ten einde groter duidelikheid te verkry oor hierdie probleem wat vir soveel jare 'n twispunt onder die inwoners was.

Na hulle besoek aan Klerksdorp het hulle 'n vergadering gereël met al die inwoners langs die Schoonspruit vir 13 Januarie 1887 op die plaas Palmietfontein.(91)

Die oogmerk van die kommissie was om so gou moontlik 'n skikking te bewerkstellig met al die betrokkenes langs die Schoonspruit. Joubert het egter besef dat, indien al die inwoners langs die spruit in 'n vergadering byeengebring word om die waterprobleme van die gebied op te los, individuele eise en probleme 'n oplossing onmoontlik sou maak. Daarom het hy aan die vergadering voorgestel dat die aanwesiges uit hulle gelederе verteenwoordigers moes aanwys om met die regeringskommissie te onderhandel. Die vergadering het hierdie voorstel ondersteun en vir die gebied bo-Sterkstroom Sarel Yssel

---

(91) S.S. 1121, R383/87: Notule Palmietfonteinvergadering, 13/1/1887.

en P.L. Bezuidenhout, en vir onder-Sterkstroom B.H. Swart en kommandant Piet Cronjé aangewys. Hierdie verteenwoordigers het dieselfde middag hulle samesprekings met die regeringskommissie begin. As riglyn vir waterregulasies is die konsepregulasies van die Ventersdorpgroep van 1884 as basis van bespreking geneem. Konsensus word deur die verteenwoordigers bereik dat die status quo ten opsigte van die aantal vore, soos neergelê in die 1884-konsepregulasies, behoue sal bly met dien verstande dat die vore nie gelyktydig deur die inwoners gebruik mag word nie om sodoende die beginsel van eweredige waterverdeling te handhaaf.(92) Die behoud van die bestaande watervore het 'n einde gemaak aan die vete oor die 1861-regulasies wat vir slegs een watervoor voorsiening gemaak het. Die standpunt van die Ventersdorpgroep dat hulle nie onder die jurisdiksie van die 1861-regulasies geval het nie, het in hierdie verband geseëvier.

Tydens dié byeenkoms is ook aandag geskenk aan die finansiële implikasies verbonde aan die skoon- en oopmaak van die Schoonspruit wat teen 1887 in 'n verwaarloosde toestand was. Sonder die nodige regeringshulp sou hierdie projek nie prakties uitvoerbaar wees nie. Die rol wat die waterfiskaal onder die nuwe waterregulasies sou speel, is ook indringend bespreek. Die aanstelling van 'n hoofwaterfiskaal wat beheer oor die waterfiskale van Klerksdorp en Ventersdorp sou uitoefen, is as 'n aanvaarbare oplossing beskou vir die beheer van die water van die Schoonspruit.(93) Die kundige en verantwoordbare

---

(92) S.S. 1121, R383/87: Notule Palmietfonteinvergadering, 13/1/1887, vgl. ook C.G. Hall, The origin and development of Waterrights in South Africa, p. 54, i.s. beginsel van eweredige waterverdeling en H. Juta, Waterrights under the Common Law and the Irrigation Act nr. 32 of 1906, pp. 28 - 29, i.s. die regte van oewerbewoners op water langs 'n publieke stroom.

(93) S.S. 1121, R383/87: Notule Palmietfonteinvergadering, 13/1/1887.

manier waarop vise-president Joubert hierdie samesprekings hanteer het, het grootliks daartoe bygedra dat 'n eerbare oplossing met die inwoners van die Schoonspruit bereik is.

Die verslag van die Joubert-kommissie is op 15 Januarie 1887 aan die Uitvoerende Raad voorgelê. Uit die verslag blyk dit dat die fontein op die plaas Oog van Schoonspruit, waar die vloei van die spruit begin, dikwels deur die vee wat dit as suipplek gebruik het vertrap is. Om die normale vloei van die spruit te handhaaf, moes die oog van die fontein dus oopgemaak en in stand gehou word. Op die plaas Rooipoort, waar die water in die hoofstroom van die spruit beweeg deur middel van drie watervore, sou dit 'n aangewese oplossing wees om aldrie hierdie watervore in een voor te konsolideer. Ook op die plaas Elandskuil wat oor twee watervore beskik het, sou 'n geheel nuwe loop vir die spruit bydra om die vloei van die water te verbeter. Die aanwesigheid van rietvleie op die plase Palmietfontein en Mahemsvlei verhinder die vloei van die spruit aansienlik. Die natuurlike hindernisse in die gebied dra dus in 'n groot mate daartoe by dat beperkte hoeveelhede water die plase wat slegs oor een watervoor beskik, bereik: Brakspruit, Witpoort, Kafferskraal, Elandsheuwel en Klerksdorp.(94)

In die verslag word ook verwys na die vergadering wat die regeringskommissie op 13 Januarie 1887 met die verteenwoordigers van die inwoners van die Schoonspruitgebied gehou het. Om die waterregulasies in die praktyk effektief toe te pas, het vier belangrike versoeke aan die regering hieruit voortgespruit. Die regering word versoek om die koste verbonde aan die oopmaak van die "oog" van die Schoonspruit te dra wat ongeveer 250 pond sou beloop. Om verwarring rakende waterregulasies langs die spruit te voorkom, behoort die regering

---

(94) S.S. 1121, R383/87: Verslag C.J. Joubert/Uitvoerende Raad, 15/1/1887.

slegs een stel regulasies op die hele gebied van toepassing te maak. Die inwoners was oortuig dat, weens die omvangryke taak van die waterfiskaal, 'n jaarlikse salaris van 150 pond aan hom betaal moes word. Die waterfiskaal sou verder magteloos wees om die waterregulasies uit te voer indien daar nie voldoende strafmaatreëls was nie, byvoorbeeld 'n boeteoplegging vir die nie-nakoming van regulasies deur die inwoners.(95)

Met die Uitvoerende Raad se finale bespreking van die verslag van die Joubert-kommissie op 17 Januarie 1887 word hierdie verslag in sy geheel en met alle aanbevelings aanvaar. Visepresident C.J. Joubert en staatsprokureur W.J. Leyds het opdrag van die Uitvoerende Raad ontvang om die waterregulasies vir die Schoonspruit af te rond en te finaliseer met die oog op voorlegging aan die Volksraad.(96) Hierdie omvangryke taak is teen 15 Junie 1887 afgehandel sodat Leyds opdrag kon gee dat die konsepregulasies gedruk en onder die Volksraadslede versprei word vir bestudering met die oog op die Volksraadsitting van 22 Junie 1887.(97)

### 3.5 Die Volksraad se hantering van die waterregulasies van die Schoonspruit, 22 - 23 Junie 1887

President Paul Kruger het kennelik baie in die kwessie belanggestel en ook 'n stewige bydrae tot die debatsvoering gelewer. As staatshoof het hy aanvaar dat die volkstem ook in hierdie verband nie ligtelik buite rekening gelaat kon word nie. Kruger was oortuig dat die algemene opset en ligging van

---

(95) S.S. 1121, R383/87: Verslag C.J. Joubert/Uitvoerende Raad, 15/1/1887.

(96) S.S. 1121, R383/87: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., W.J. Fockens, 18/1/1887.

(97) S.S. 1121, R5790/85: W.J. Leyds/E. Bok, 15/6/1887.

plase langs die Schoonspruit aanmerklik verskil van ander plase in die Suid-Afrikaanse Republiek en daarom sou 'n bevredigende skikking tussen Klerksdorp en Ventersdorp slegs voordele vir die land inhou. Die gunstige posisie waarin die Ventersdorpinwoners verkeer het - hulle kon meer water uit die Schoonspruit onttrek as Klerksdorp - moes noodwendig tot die nadeel van laasgenoemde strek.(98)

Vise-president C.J. Joubert as leier van die regeringskommissie het die Volksraad deeglik ingelig oor die prosedures wat gevolg was om uiteindelik konsensus tussen die botsende groepe van Klerksdorp en Ventersdorp te bereik. Die inwoners het die volle geleentheid gehad om hulle probleme te stel en aanbevelings te maak. Om die samesprekings tussen die twee partye te laat vlot, het die Joubertkommissie slegs die instruksies vir die waterfiskaal aan hulle voorgehou vir goedkeuring.(99) Hierdeur wou die Volksraad deeglik seker maak dat die demokratiese reg van die volk nie deur die regeringskommissie benadeel is nie, maar dat hulle die geleentheid kon kry om hulle eie insette te lewer.

Die Volksraad het gewoonlik versigtig opgetree wanneer dit gekom het by die instelling van 'n nuwe pos of amptenaar wat deur die staat besoldig moes word. Indien 'n nuwe pos geskep moes word, het die bekragtiging daarvan gewoonlik oorgestaan totdat die Volksraad in sy begroting daarvoor voorsiening gemaak het.(100)

---

(98) Staats Courant der Z.A.R., "Bijvoegsel", 24/8/1887, p. 1.

(99) Staats Courant der Z.A.R., "Bijvoegsel", 24/8/1887, p. 1. Vgl. ook S.S. II21, R383/87: Notule Palmietfonteinvergadering, 13/1/1887.

(100) W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 208.

Reeds met die aanvang van die Volksraadsvergadering het A.A. Stoop, J.M. Malan en P.T. Taljaard die ander Volksraadslede probeer beïnvloed deur heftig beswaar te maak teen die aanstelling van 'n staatsbesoldigde amptenaar vir die Schoonspruit. Paul Kruger se standpunt was egter duidelik: sonder 'n waterfiskaal sou die skikking wat tussen Klerksdorp en Ventersdorp bereik is, in duie stort.(101) Hierdie standpuntinname van Kruger as staatshoof, moes noodwendig die mening van baie Volksraadslede beïnvloed het. Een van die bevoegdhede van die waterfiskaal was om boetes op te lê vir die oortreding van die waterregulasies en hy moes daarna sorg dat die boetes wel ingevorder word. Besware van inwoners teen sy boeteoplegging sou as appélgevalle deur die landdros van Potchefstroom hanteer word. Vir Stoop en Taljaard was dit 'n ongehoorde bedeling dat die waterfiskaal wel oor 'n sekere regsbevoegdheid beskik, maar dat die finale uitspraak oor wateraangeleenthede by die landdros berus. As amptenaar van die regering wat 150 pond as salaris sou ontvang, sal talle van sy onopgeloste sake dus na die landdros verwys moet word vir afhandeling. Stoop was nie soseer teen die salaris van die waterfiskaal gekant nie, maar wel teen die regsbevoegdheid wat aan hom toegeken word. Die waterfiskaal het nog nooit 'n belangrike rol in die regeringsadministrasie vervul nie en verkry onder hierdie bedeling magte wat nie by sy status pas nie.

Vir Malan sou die goedkeuring van 'n waterfiskaal vir die wyk Schoonspruit neerkom op die bevoorregting van 'n spesifieke ge-

---

(101) Die hiernavolgende omskrywing van die bespreking in die Volksraad oor die waterfiskaal vir die Schoonspruit, is ontleen aan die Staats Courant der Z.A.R., "Bijvoegsel", 24/8/1887 pp. 1 - 5.

bied in die Suid-Afrikaanse Republiek wat uiteraard tot groot ontevredenheid onder die burgers van die land aanleiding sou gee. As teenargument het die Volksraadsverteenwoordiger van die wyk Schoonspruit, H.R. Lemmer, aangevoer dat die regering ook soortgelyke probleme in ander gebiede op eie meriete sou oorweeg, indien dit in die Volksraad ter sprake sou kom.

Paul Kruger het groot simpatie gehad met hierdie uitgestrekte gebied wat deur 'n groot aantal kleingrondeienaars bewoon is. Hierdie eienaars wat elkeen 'n aparte transportakte op sy grond geregistreer het, dra in verhouding meer by tot die staatskas in die vorm van grondbelasting as ander gebiede in Transvaal. Na aanleiding van verwarring onder Volksraadslede oor die afbakening van die werksterreine van die waterfiskaal bevestig Kruger dit dat die hoofwaterfiskaal se funksie beperk is tot die kontrole van die spruit en damme in die gebied. Die waterfiskale van Klerksdorp en Ventersdorp sou dus hoofsaaklik hulle aandag toespits op die kontrole van die watervoorsiening en -verdeling in die betrokke dorpsgebiede.

H.W. Neethling het 'n skerp aanval in die Volksraad geloods teen A.A. Stoop, P.T. Taljaard en J.M. Malan wat volgens hom, met hulle standpunte teen die waterfiskaal, die belangrikheid van die volkstem heeltemal misken. Waar die bespreking handel oor die beskerming van die burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek, druis die besware van hierdie Volksraadslede in teen die belange van die land. Indien die Volksraad die salaris van die waterfiskaal sou afkeur, doen Neethling aan die hand dat die regering tenders moes vra vir persone om hierdie taak te verrig teen 'n maksimum vergoeding van 150 pond.

Die verdeeldheid in die Volksraad oor die salaris en funksies van die waterfiskaal word weerspieël in die aantal stemme wat uiteindelik ten gunste (19) en die stemme wat teen (12) sodanige wetgewing uitgebring is. Op 25 Junie 1887 word die "Regulasies voor de plaatsen aan Schoonspruit en instructie voor den Waterfiscaal" in sy geheel weer aan die Volksraad voorgelê en goedgekeur as Wet nr. 17 van 1887.

Die hoofdoel met Wet nr. 17 van 1887 was om die gebruik van water deur plaaseienaars langs die Schoonspruit te reguleer met behulp van 'n waterfiskaal wat sekere bevoegdhede ten opsigte van beheer en kontrole oor die water het. Volgens hierdie wet het die staat dus sy magte uitgeoefen tot voordeel van die inwoners wat van die Schoonspruit afhanklik was. Hierdie wet het geen besondere waterregbeginsels daargestel nie, maar van die metodes gebruik gemaak wat die vorige eeu deur die Nederlandse administrateurs van watersake aan die Kaap gevolg is.(102)

Die totstandkoming van die Wet nr. 17 van 1887 het tog 'n besondere betekenis vir die Suid-Afrikaanse Republiek ingehou. In die hele verloop tot en met die totstandkoming van hierdie wet het die beginsel van 'n konsensusbeleid uiteindelik geseëvier. Dat die regering die belange van die volkstem vooropgestel het, blyk uit die aanstelling van 'n besoldigde waterfiskaal. Die aanstelling as sodanig was van belang, aangesien dit die eerste gesalarieerde waterfiskaal in die Suid-Afrikaanse Republiek was. In die Volksraad is ook die beginsel van privaat- en landsbelang duideliker omlyn wat noodwendig in latere plaaslike waterregulasies neerslag sou vind.

---

(102) C.G. Hall, The origin and development of waterrights in South Africa, pp. 64 - 75. Vgl. hoofstuk 1, pp. 15 - 16.

Dat die finale woord na die totstandkoming van Wet nr. 17 van 1887 nog nie gespreek is nie, blyk uit die wrywing en probleme tussen die inwoners langs die Schoonspruit wat na 1887 steeds voortgeduur het.

## 3.6 Probleme in die Ventersdorpomgewing na die aanvaarding van Wet nr. 17 van 1887 deur die Volksraad

Die inwoners van die Schoonspruit was begerig dat die nuwe waterregulasies so gou moontlik in die praktyk toegepas word. Ten spyte van die waterregulasies wat vir hierdie gebied goedgekeur is, het eienaars blykbaar nog na willekeur die water uit die spruit gebruik, omdat 'n waterfiskaal nog nie aangestel was nie.(103)

Vir kommandant Piet Cronjé was die geskikte kandidaat vir hierdie pos veldkornet H.C. Visser. Reeds op 21 Maart 1887 het die Uitvoerende Raad die voorstel van Cronjé in die Volksraad behandel ten opsigte van die aanstelling van H.C. Visser, maar besluit dat hierdie aangeleentheid saam met die waterregulasies vir die Schoonspruit behandel sou word. Die aanstelling van Visser is egter nie met die Volksraadsvergadering van 22 - 25 Junie 1887 bekragtig nie.(104)

Met 'n salaris van 150 pond per jaar moes die pos van waterfiskaal uiteraard 'n gesogte betrekking gewees het. Visser moes geweet het dat hy 'n moontlike kandidaat vir hierdie pos was vanweë sy noue skakeling as veldkornet met kommandant Piet Cronjé. As assistent-veldkornet het hy reeds vroeër,

---

(103) S.S. 1488, R6001/87: J. Scheffer/E. Bok. 24/8/1887.

(104) S.S. 1121, R383/87: Aantekeninge W.J. Fockens, Gouvernements kantoor Z.A.R., 21/3/1887.

aan die begin van Februarie 1884, vir Cronjé vergesel tydens 'n ondersoek na die waterprobleme van die Schoonspruit.(105)

H.C. Visser moes die pos van waterfiskaal sterk in gedagte gehad het met 'n skrywe aan die regering wat hy mede-onderteken het met streekraadslid J. Scheffer op 24 Augustus 1887. Hierin voer hulle aan dat die ordening van die water langs die spruit slegs kan plaasvind met die bekragtiging en aanstelling van 'n waterfiskaal vir die Schoonspruit.(106)

Visser het sy uiteindelike aanstelling as hoofbestuurder of waterfiskaal(107) aanvanklik met groot erns bejeën. Reeds op 21 Oktober 1887 wys hy die Uitvoerende Raad daarop dat hy sy taak in Ventersdorp moeilik kan volvoer weens die feit dat die regering nog geen plaaslike regulasies vir Ventersdorp goedgekeur het nie.(108) Die regering wou egter nie op daardie stadium voortgaan met die instelling van waterregulasies vir Ventersdorp nie voordat Ventersdorp nie amptelik as dorp verklaar is nie.(109)

Visser het met groot ywer en entoesiasme begin met die skoonmaak van die watervore op die plaas Oog van Schoonspruit. Hy moes verder nuwe vore in werking stel wat bestaande ontoereikende watervore moes vervang. Hierin het hy groot teenstand ontvang van die betrokke eienaars van die plaas wat beweer het

---

(105) S.S. 1121, R383/87: Aantekeninge W.J. Fockens, Gouvernements kantoor Z.A.R., 21/3/1887.

(106) S.S. 1488, R6001/87: J. Scheffer/E. Bok, 24/8/1887.

(107) Die formele regeringsaanstelling van H.C. Visser as hoofwaterfiskaal vir die Schoonspruit kon egter nie opgespoor word nie.

(108) S.S. 1417, R7487/87, V.R.R. 342/89: H.C. Visser/Uitvoerende Raad, 21/10/1887. Kyk ook hoofstuk 4, p. 99.

(109) S.S. 1417, R4090/87, V.R.R. 134/87, V.R.B.B. 149/87: Sekr. Volksraad/Staatsekretaris, 22/6/1887.

dat Visser se voorgrawery 'n bedreiging vir hulle vee ingehou het. Hierdie probleem laat M.J. Venter 'n persoonlike skrywe aan Paul Kruger rig waarin hy die gevaarlike vore onder die president se aandag bring en daarom ook sy plaas aan die regering te koop aanbied.(110) James Bray kla in 1888 by die Uitvoerende Raad oor dieselfde probleem: die gevaaraspek vir vee veroorsaak deur Visser se voorgrawery.(111)

Nog 'n eienaar van die plaas Oog van Schoonspruit, Rowland Stanton, kla by die regering dat hy nie insae gehad het in die konsepregulasies van die Schoonspruit nie en glad nie kennis gekry het van die vergadering wat vise-president C.J. Joubert op 13 Januarie 1887 met die inwoners gehou het nie. Weens die inwerkingtreding van die regulasies is die regte van Stanton as mede-eienaar van die plaas aansienlik beperk waarteen hy nou ernstig beswaar maak.(112) Staatsekretaris Bok het egter gevoel dat Stanton se klagte die regering te laat bereik het en dat hy nie bereid was om iets verder aan die saak te doen nie.(113)

Die probleme wat Stanton gehad het, kom ook in 'n groot mate na vore in die besware van die Bray-familie, as $^{5}/_{8}$ eienaars van Oog van Schoonspruit, teen Wet. nr. 17 van 1887.

Edwin Bray, as eienaar van Oog van Schoonspruit en as prospekteerder, het 'n belangrike rol gespeel in die ekonomiese oplewing van die Suid-Afrikaanse Republiek sedert 1875. In hierdie betrokke jaar het Bray die eerste loodmyn in die Marico-

---

(110) S.S. 1488, R776/87: M.J. Venter/S.P.J. Kruger, 27/10/1887.

(111) S.S. 1695, R7574: J.E. Bray/Uitvoerende Raad, 7/5/1888.

(112) S.S. 1503, R665/88: De Villiers en Ueckerman/E. Bok, 30/10/1887.

(113) S.S. 1503, R854/87, B.B. 445/88: E. Bok/De Villiers en Ueckerman, 22/2/1888.

distrik begin op die plaas Rhenosterfontein. Weens gebrekkige masjinerie kon Bray nie die volle potensiaal van dié myn benut nie[114] en die koms van die agterlaaiergeweer het die loodmark in duie laat stort.[115]

Teen ongeveer 1885 het Bray die goudvondste van Barberton ondersoek en uiteindelik die Golden Quarry Claim[116] ontdek wat later aanleiding gegee het tot die stigting van die Sheba Reef Gold Mining Company.[117] Dit word algemeen aanvaar dat Bray teen 1887 "in seker opsicht het middelpunt van Barbertonsche mijnzaken" was.[118]

Terwyl die regering in 1887 besig was om die waterregulasies vir die Schoonspruit te finaliseer, het Edwin Bray blykbaar (aan die begin van Junie 1887) vanaf Barberton na sy plaas Oog van Schoonspruit vertrek. Met sy aankoms in Pretoria het hy siek geword en is op 14 Julie 1887 daar oorlede.[119]

James Bray het ná sy vader se dood die hulp van Adriaan Röscher ingeroep vir die opstel van 'n memorie aan die regering. Hy wou hierdeur die waterregte van die Bray-familie as eienaars van Oog van Schoonspruit herstel, aangesien hy geglo het dat sy vader dit nooit sou toelaat dat die regte van die Bray-familie benadeel sou word nie.[120]

---

(114) F. Lion Cachet, De Worstelstrijd der Transvalers - aan het volk van Nederland verhaald, voetnoot p. 339.

(115) C. Brown, "Eureka and Sheba", in Lantern, September 1979, p. 10.

(116) C. Brown, "Eureka and Sheba", in Lantern, September 1979, p. 11.

(117) F. Lion Cachet, De Worstelstrijd der Transvalers - aan het volk van Nederland verhaald, p. 621.

(118) De Volkstem, 14/7/1887: "Afsterwe E. Bray".

(119) S.S. 1695, R7574/88: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 7/5/1888.

(120) S.S. 1695, R7574/88: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 7/5/1888.

Die waterregulasie wat die Bray-familie aansienlik geraak het, was naamlik die bepaling dat slegs die bestaande voor op die plaas behoue sou bly. Dit het beteken dat die familie se aangrensende plase, naamlik Leeuwkraal en Bruidegomskraal, se watervoorsiening beperk is aangesien geen nuwe watervore vir hierdie betrokke plase toelaatbaar sou wees nie. Die familie het verbitterd gevoel oor die feit dat die Schoonspruit op hulle plaas ontspring en vir die hele gebied water voorsien het terwyl die Bray-familie se waterregte op hulle plase ingekort word.(121)

In die memorie word die rol wat Edwin Bray in die mynbedryf in die Suid-Afrikaanse Republiek gespeel het aan die regering uitgewys.(122) Met dié emosionele beklemtoning van sy vader se rol in die ekonomiese oplewing van die Suid-Afrikaanse Republiek wou James Bray morele druk op die regering uitoefen om meer waterregte op die familie se plase te verkry.

Staatsekretaris Bok het in Mei 1888 begin om hierdie aangeleentheid indringend te ondersoek en hy het selfs die hulp en mening van die voormalige voorsitter van die regeringskommissie, C.J. Joubert, ingewin.(123) Dit was egter duidelik dat die mede-eienaars van die plaas, waarvan J. Venter 'n $^{3}/_{8}$ deel besit het, geen besware teen dié voorgenome wetgewing op die vergadering van 13 Januarie 1887 na vore gebring het nie.(124)

Teen Augustus 1888 was die Bray-familie nog nie in kennis gestel van enige regeringsbesluit in hierdie verband nie. Adriaan

---

(121) S.S. 1659, R7574/88: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 7/5/1888.

(122) S.S. 1659, R7574/88: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 7/5/1888.

(123) S.S. 1604, R4150/(a)/88: E. Bok/C.J. Joubert, 12/5/1888.

(124) S.S. 1604, R4150/(a)/88: C.J. Joubert/E. Bok, 16/5/1888.

Röscher beroep hom op 22 Augustus op die Uitvoerende Raad en spreek sy kommer uit dat die Bray-saak nog nie voor die Volksraad gedien het nie.(125)

Twee dae later gee Bok uitsluitsel oor hierdie saak en verklaar dat die regering hierdie aangeleentheid as afgehandel beskou. Die regering is oortuig dat die regeringskommissie sy opdrag deeglik volvoer het en alle betrokkenes kennis gegee het van die Palmietfontein-vergadering van 13 Januarie 1887.(126)

Met die implementering van die waterregulasies van 1887 sou dit uiteraard moeilik wees om alle betrokkenes langs die Schoonspruit tevrede te stel. Die inwoners het egter die volle geleentheid gehad met talle openbare vergaderings en memories om hulle gevoel en standpunte aan die regering bekend te maak.

Die vertraging met die inwerkingstelling van die waterregulasies van 1887 het wel bygedra tot die verwarring en twispunte wat tussen die inwoners van Klerksdorp en Ventersdorp ontstaan het. Dié aanvanklike besluitloosheid van die regering kan egter toegeskryf word aan 'n deeglike besinning en beplanning wat hierdie waterregulasies voorafgegaan het.

Wet nr. 17 van 1887 het vir byna 21 jaar as riglyn gedien vir die reëling van en kontrole oor water tussen die inwoners langs die Schoonspruit.(127)

---

(125) S.S. 1695, R7574/88: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 22/8/1888.

(126) S.S. 1604, R4150/(a)/88: E. Bok/A. Röscher, 24/8/1888.

(127) Wette van die Unie van Zuid-Afrika, p. 145. Wet nr. 17 van 1887 het ook weerklank gevind in 'n waterhofsaak in 1913 waarin Isak J. Meyer namens Elandskuil hom suksesvol op bogenoemde wet beroep het om 'n serwituut vir die eienaars van Elandskuil te verkry. Vgl. Waterhofregister 363: nr. 3, Schoonspruit, 9/12/1913.

# HOOFSTUK 4

# INTERNE WATERPROBLEME VAN VENTERSDORP

## 4.1 Die Ventersdorpstigting en die verkryging van waterregulasies vir Ventersdorp

In die totstandkoming van Ventersdorp as regeringsdorp was daar veral een persoon wat ordening aan 'n onbeplande nedersetting verleen het: Adriaan Röscher. Vir Röscher het die basis van 'n geordende dorp daarin gelê dat erwe en plase behoorlik geregistreer behoort te word om toekomstige botsings oor eienaarskap uit te skakel. Op eie inisiatief het Röscher die regering in 1875 oorreed om 'n landmeter na die gebied te stuur om die opmeting van plase en erwe in die omgewing te hanteer.(1)

Volgens beplanning sou Ventersdorp opgerig word op die plaas Roodepoort wat voorheen aan een van die eerste intrekkers in die gebied, J.H. Venter, behoort het.(2) Venter het met die verloop van tyd erwe op hierdie plaas aan nuwe intrekkers verkoop. As gevolg van ongereelde dokumentering en die versuim om grondoordragte by die landdros van Potchefstroom aan te teken, het groot verwarring bestaan oor die eienaarskap van erwe en selfs plase in dié gebied.(3)

---

(1) S.S. 188, R1067/75: A. Röscher/Uitvoerende Raad, Ventersdorp, 7/5/1875. Vgl. ook G.N. van den Bergh, Memorandum ontstaansdatum van Klerksdorp, Potchefstroom, Mei 1985, p. 14. Hiervolgens was die program van aksie van Adriaan Röscher nie vreemd in die ontstaansgeskiedenis van Voortrekkerdorpe in die Suid-Afrikaanse Republiek nie.

(2) J.A. Yssel, Gedenkboek Eeufeesvierings Yssel-familie van Elandskuil, p. 9. J.H. Venter het hom teen ongeveer Augustus 1851 op die plaas Rooipoort of Roodepoort gevestig. Venter is op 25/9/1871 oorlede. Vgl. Boedel O: nr. 20105. (T.A.B.)

(3) S.S. 282, R1748/78: Registrateur van Aktes/G.T. Lugden, 29/5/1878.

Tydens 'n openbare vergadering in Mei 1875 neem Röscher die leiding om 'n memorie namens die inwoners van Ventersdorp aan die regering saam te stel waarin die regering versoek word om Ventersdorp as dorp te verklaar sodra die landmeter sy taak afgehandel het en eenhonderd erwe met die nodige watervoorsiening uitgemeet het.(4) Die groot aantal nuwe intrekkers in die gebied het verder reeds behoefte gehad aan 'n wyksonderwyser, posmeester en 'n doeltreffende skut.(5)

Met die anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek in 1877 het hierdie poging van Röscher om dorpstigting vir Ventersdorp te bewerkstellig nog geen positiewe resultate opgelewer nie. As gevolg van toenemende watergeskille langs die Schoonspruit het effektiewe waterregulasies vir die inwoners belangriker geword as dorpstigting. 'n Tydelike plaaslike komitee onder leiding van J.A. Ells word in 1879 deur die inwoners verkies om waterregulasies op te stel en veldkornet Röscher by te staan in die beheer oor en kontrole van die watervoorraad van Ventersdorp. Hierdie tydelike komitee het nou die rol begin vervul as 'n plaaslike bestuursliggaam aangesien daar reeds 50 gesinne in die dorp gevestig was. Röscher wou amptelike goedkeuring van die Britse bewindhebbers verkry sodat dié tydelike komitee as 'n erkende regeringskomitee in Ventersdorp kon funksioneer.(6)

Koloniale sekretaris Osborne was egter onder die indruk dat Ventersdorp reeds 'n regeringsdorp was wat onder die "Regu-

---

(4) S.S. 188, R1067/75: A. Röscher/Uitvoerende Raad, Ventersdorp, 7/5/1875. Kyk hoofstuk 3, p. 43.

(5) S.S. 188, R1067/75: Notule openbare vergadering Ventersdorp, 7/5/1875. Kyk hoofstuk 3, p. 43.

(6) S.S. 360, R3052/79: A. Röscher/M. Osborne, Ventersdorp, 1/9/1879 en 23/9/1879. Kyk hoofstuk 3, p. 50.

latie voor de Dorpen in de Zuid-Afrikaansche Republiek" van 1858 val.[7] Van die landdros van Potchefstroom het Röscher verneem van die wanindruk waaronder Osborne verkeer het en hy wys laasgenoemde in 'n opvolgskrywe daarop dat Ventersdorp geen dorp was nie, maar wel 'n plaas wat in kleiner eenhede opgedeel was en onder geen dorp se jurisdiksie val nie.[8]

Voor die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog het Röscher se standpunt teenoor gewapende verset hom in onguns by die Ventersdorpinwoners gebring. Röscher se betrokkenheid by en dalk sy ontydige inmenging met die vergadering van die Volkskomitee onder leiding van Paul Kruger op 26 November 1880 op die plaas Elandskuil het grootliks daartoe bygedra dat hy nie weer in 1881 as veldkornet verkies is nie. Röscher wou as veldkornet 'n onderhoud met Paul Kruger en die Volkskomitee gevoer het ten einde aan hulle uit te wys watter nadele gewapende verset vir Transvaal sou inhou.[9] Hierdie onderhoud is nie aan hom toegestaan nie[10] en in Januarie 1881 word kommandant Piet Cronjé se vader, A.P.J. Cronjé, in sy plek as veldkornet vir die wyk Schoonspruit verkies.[11]

Na die eerste Vryheidsoorlog het die knellende waterprobleme wat tussen Klerksdorp en Ventersdorp ontwikkel het, die plaas-

---

(7) S.S. 360, R3052/79: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., M. Osborne/D. Tom, ongedateerd. Kyk hoofstuk 3, p. 50.

(8) S.S. 360, R3052/79: A. Röscher/M. Osborne, Ventersdorp, 23/9/1879. Kyk hoofstuk 3, p. 51.

(9) Landdros Potchefstroom, Inkomende stukke, 1880: A. Röscher/P. Kruger, 27/11/1880. Kyk ook hoofstuk 3, p. 47.

(10) Landdros Potchefstroom, Inkomende stukke, 1880: G. van Dam/A. Röscher, 27/11/1880.

(11) Staats Courant der Z.A.R., nr. 16, 1881.

like beplanning in Ventersdorp oorheers. Röscher wat geensins sy entoesiasme vir dienslewering aan die plaaslike gemeenskap verloor het nadat A.P.J. Cronjé as veldkornet oorgeneem het nie, het besef dat dorpstigting sonder doeltreffende waterregulasies 'n sinlose projek was. Vanweë sy belangstelling in en betrokkenheid by plaaslike sake sedert 1874 word hy in 1882 deur die inwoners verkies as voorsitter en sekretaris van die plaaslike beplanningskomitee. Onder leiding van Röscher berei hierdie plaaslike komitee in 1882 'n omvattende memorandum aan die regering voor waarvolgens die Ventersdorpse waterregulasies ook voorsiening sou maak vir die beheer oor en kontrole van die watervoorsiening van al die plase langs die Schoonspruit tot by die huidige Klerksdorp.(12) Kommandant Piet Cronjé meng egter op onverwagte en ongemagtigde wyse in en verwerp die Ventersdorpse waterregulasies aangesien dit in stryd sou wees met die waterregulasies wat in 1861 deur president M.W. Pretorius opgestel is.(13) Ten spyte van die besware van Kommandant Piet Cronjé word die "Concept Regulatie voor de plaatsen aan Schoonspruit en Instructie voor den Waterfiscaal" voorlopig in 1884 in die Staats Courant gepubliseer.(14)

Die publikasie van die konsepregulasies het ook aan die dorpstigting van Ventersdorp nuwe momentum verleen. Terwyl Röscher sy volle aandag aan die waterregulasies bestee het,

---

(12) Kyk hoofstuk 3, pp. 52 - 53.

(13) Kyk hoofstuk 3, p. 54.

(14) Staats Courant der Z.A.R., "Concept Regulatie voor de plaatsen aan Schoonspruit en Instructie voor den Waterfiskaal", 22/5/1884.

het vrederegter M.E. Gey die leiding in die plaaslike komitee oorgeneem rondom die beplande dorpstigting van Ventersdorp.

Teen 1884 was ongeveer 50 van die 100 erwe wat in 1875 uitgemeet is, reeds bewoon en het Ventersdorp besliste tekens van ontwikkeling begin toon. Graanverbouing het 'n belangrike bedryf van die omgewing geword terwyl die sentrale ligging van Ventersdorp tussen Rustenburg, Pretoria, Groot Marico en Potchefstroom sy moontlikhede as handelsentrum beklemtoon het.(15) Die dorp het reeds sedert 1883 oor 'n skoolgebou beskik wat onderwysgeleenthede vir die kinders van die omgewing kon bied.(16) Die inwoners het ook begin met die oprigting van 'n kerkgebou wat die geestelike middelpunt van die gemeenskap sou vorm. Vir vrederegter Gey was die dorp lewensvatbaar met 'n besondere potensiaal - daarom rig hy, namens 109 stemgeregtigde burgers, op 8 Julie 1884 'n memorie aan die Volksraad met die versoek dat Ventersdorp dorpstatus moet ontvang.(17)

Die Uitvoerende Raad het hierdie positief gemotiveerde memorie op 21 Julie 1884 goedgekeur en besluit dat die Gey-memorie vir finale goedkeuring aan die Volksraad voorgelê sou word.(18)

Adriaan Röscher wat in 1875 'n sterk pleitbesorger vir dorpstigting was,(19) het dadelik sy teenstand teen die beoogde dorpsver-

---

(15) S.S. 958, R3157/84, V.R.R. 251/86: M.E. Gey/Volksraad, 8/7/1884.

(16) The Potchefstroom Herald, 23/5/1978: "Die onderwys het ook klein begin", pp. 18 - 19.

(17) S.S. 958, R3157/84, V.R.R. 251/86: M.E. Gey/Volksraad, 8/7/1884.

(18) S.S. 958, R3157/84, V.R.R. 251/86: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., H. Bosman, 21/7/1884.

(19) Vgl. S.S. 188, R1067/75: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 7/5/1875.

klaring uitgespreek. Uit sy talle besware in 'n skrywe aan die Volksraad op 11 Augustus 1884 blyk dit duidelik dat hy nie in hierdie aangeleentheid geraadpleeg of geken was nie.(20) Hy was kennelik ontevrede omrede die registrasie van transportaktes wat sedert 1875 nog nie deur die regering afgehandel was nie, steeds plaaslike dispute veroorsaak het. Röscher, die eksekuteur van die boedel van J.H. Venter van die plaas Roodepoort nr. 22, was glad nie bereid dat die Venterfamilie in die proses van dorpsverklaring skade moes ly nie. Na byna vyf jaar het die registrateur van aktes steeds weinig vermag om 'n oplossing te vind vir die registrasie van eiendomme. Röscher het voorsien dat hierdie gebrekkige registrasies uiteindelik tot talle hofsake aanleiding sou gee oor die eiendomsreg op grond in die gebied. Blykbaar het die inwoners van Ventersdorp met die ondertekening van die Gey-memorie onder die wanindruk verkeer dat hulle transportaktes kosteloos deur die regering hanteer sou word indien Ventersdorp as dorp verklaar sou word.(21)

Die memoriekommissie het hierdie skrywe van Röscher deeglik ondersoek en kon eers 18 maande daarna 'n verslag aan die Volksraad voorlê. Op grond van hierdie verslag en na die bestudering van die verskeie memories asook weens die finansiële posisie van die Suid-Afrikaanse Republiek besluit die Volksraad om die verklaring van Ventersdorp as dorp voorlopig uit te stel.(22) Dit was duidelik dat die Volksraad ge-

---

(20) S.S. 958, R3520/84, V.R.R. 257/86: A. Röscher/Volksraad, 11/8/1884.

(21) S.S. 958, R3520/84, V.R.R. 257/86: A. Röscher/Volksraad, 11/8/1884.

(22) S.S. 958, R2506/86: C. van Boeschoten/T. Krogh, n.a.v. Volksraadsbesluit, art. 352, 27/5/1886.

twyfel het oor die meerderheidsgevoel van die Ventersdorp-inwoners. Röscher se skrywe as dié van 'n geloofwaardige inwoner en kenner van grondsake in die gebied is deur die regering aanvaar.

Teen die einde van Mei 1886 kon Röscher nog weinig uitrig om die "Concept Regulatie voor de plaatsen aan Schoonspruit en Instructie voor den Waterfiscaal" van 1884 deur die regering goedgekeur te kry. Staatsekretaris W.J. Leyds wat 'n deeglike en objektiewe studie van die waterprobleme langs die Schoonspruit gemaak het, het Röscher egter in hierdie verband gekortwiek.(23) Die ontevredenheid van die inwoners oor die traagheid van die regering om die konsepwaterregulasies goed te keur, gee aanleiding daartoe dat veldkornet A.P.J. Cronjé in November 1886 'n openbare vergadering reël om 'n nuwe plaaslike komitee saam te stel om die Ventersdorpwaterregulasies te finaliseer. Die nuwe komitee wat deur die inwoners verkies is, het bestaan uit vrederegter M.E. Gey, F.J. Swanepoel en J.A. van Zyl.(24) Adriaan Röscher as inisieerder van feitlik alle waterregulasies van Ventersdorp is uit hierdie komitee weggelaat.

Die nuwe komitee voltooi die waterregulasies vir Ventersdorp in 1887 en om groter trefkrag hieraan te gee, stuur Gey in April 1887 'n gepaardgaande memorie wat deur 37 inwoners onderteken is(25) aan die Volksraad.

---

(23) Kyk hoofstuk 3, pp. 70 - 71.

(24) S.S. 1417, V.R.R. 342/89, V.R.B. 134/87: Notule openbare vergadering Ventersdorp, 30/11/1886.

(25) S.S. 1417, R4090/87, V.R.R. 134/87: M.E. Gey/Volksraad, 20/4/1887. Hierdie regulasies was geensins nuwe waterregulasies nie, maar 'n replika van waterregulasies wat Röscher in 1882 saamgestel het; vgl. ook, S.S. 1121, R3291/84: "Ventersdorpsche Waterverdeeling", 25/9/1882.

Die feit dat Adriaan Röscher nie meer as die aanvaarde leier deur die inwoners van Ventersdorp beskou is nie, het Röscher nie laat onttrek uit die plaaslike gemeenskapsaktiwiteite nie, maar hom eerder gemotiveer om deur middel van 'n koersaanpassing sy ideaal van 'n geordende Ventersdorpgemeenskap te bereik. Die regering se besluit om tydelik die kwessie van dorpstigting op die agtergrond te skuif, het Röscher ook dalk aangespoor om hierdie aangeleentheid op sy eie met die regering op te neem.

Op 16 Mei 1887 rig Röscher 'n pleidooi aan die Uitvoerende Raad om hulpverlening om die registrasie van die dorpsgronde af te handel.(26) As geswore waardeerder van die Meester van die Hooggeregshof(27) het hy die potensiële botsing tussen twee inwoners te wete R.C. Wilson en Van der Bijl oor die hoofwatervoor van Ventersdorp as problematies vir die dorp beskou. Om die waterregte van die hoofwatervoor in die dorp te verskans, het hy dit as serwituut op die transportakte van R.C. Wilson laat registreer.(28) Röscher het homself beskikbaar gestel om die regering by te staan om die dorpstigting

---

(26) S.S. 958, R3424/87, S458/85: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 16/5/1887.

(27) The Potchefstroom Herald, 29/3/1912: "Huldeblyk A.F.C. Röscher", p. 5.

(28) Landdros Potchefstroom, Landdros Briewe Kopieboek, Julie 1869 - Augustus 1872, Landdros/Registrateur van Aktes, i.s. transportakte R.C. Wilson vanaf J.H. Venter, 1/2/1870. Geen serwituut was op R.C. Wilson se gronde geregistreer nie, vgl. ook: Landdros Potchefstroom, Aktes van Transport 1868 - 1899, nr. 58, "Verklaring van den Kooper", R.C. Wilson van J.H. Venter, 27/10/1863, verklaring voor A.M. Goetz, 20/8/1870. Die registrasie van 'n serwituut op R.C. Wilson se gronde deur Röscher in 1886, het geensins daartoe bygedra om die hoofwatervoor vir die Ventersdorpinwoners te verskans nie. Die watervoor was gebou op die gronde van W.P. Taylor waarop geen serwituut bestaan het nie, vgl. S.S. 1417, R4090/87, S.P. R1052/96: C.F. Rorke/M.E. Gey, 4/6/1896.

van Ventersdorp af te handel, indien sake soos die opmeting van die dorpsgronde, agterstallige belastings en die afbakening van die weivelde van die dorpsgronde bevredigend opgelos kon word.(29)

Die Ventersdorpinwoners het glad nie genoeë geneem met Röscher se houding asof Ventersdorp se dorpsverklaring hoofsaaklik van sy samewerking afhanklik sou wees nie. R.C. Wilson, as woordvoerder van die inwoners, weerlê 'n bewering wat Röscher aan die regering gemaak het dat die dorp oor geen weivelde beskik het nie met die bewys dat J.H. Venter reeds in 1859 'n gedeelte van Roodepoort en die helfte van die plaas Doornfontein aan die erfeienaars van sy plaas afgestaan het as weivelde. Hierdie ooreenkoms het Venter weer in 1870 met die erfeienaars bekragtig.(30)

Adriaan Röscher het hom weinig aan die kritiek van die inwoners gesteur en ongestoord met die regering onderhandel oor die afhandeling van die boedel van J.H. Venter. Röscher het ook besef dat indien die erfgename sou weier om hulle plase af te staan, dorpstigting daarmee saam in duie sou stort. Op 6 Junie 1887 verkry hy die nodige toestemming van die erfgename van die Venterboedel om op die transportakte van Roodepoort nr. 22 die dorpstigting van Ventersdorp te registreer terwyl dieselfde registrasie op Doornpan nr. 8 verkry word as weivelde vir die dorp.(31)

Röscher het egter hierdie registrasies so fyn beplan dat sy eie waterregte ook nie in die proses benadeel sou word nie.

---

(29) S.S. 958, R3424/87, R458/85: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 16/5/1887.

(30) S.S. 958, R3583/87: R.C. Wilson/Uitvoerende Raad, 26/5/1887.

(31) S.S. 958, R3717/87: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 6/6/1887.

Hy het dit so bewerkstellig deur 'n gedeelte grond van die Venterboedel uit te hou wat 'n dam en watervoor met ewigdurende waterregte ingesluit het. Hierdie grond wat 'n oppervlakte van 150 vierkante treë beslaan het, was geleë aan die onderpunt van die dorp waar die afsetvore van Ventersdorp by mekaar aansluit met die afsetvoor van die meule. Hierdie betrokke stuk grond het 'n lyn gevorm met die gronde van Röscher en Sarel Yssel:(32) hulle waterregte sou dus in toekomstige watergeskille verskans wees.

Die Volksraad het ondertussen op 20 Junie die inwerkingtreding van die Ventersdorpse waterregulasies wat in die Geymemorie van April 1887 bepleit word ter tafel gelê en besluit om met hierdie waterregulasies te wag totdat Ventersdorp amptelik dorpstatus verkry het.(33)

Vanaf 22 Junie 1887 het die Volksraad egter sy volle aandag gewy aan die bespreking en finalisering van die "Concept Water Regulatien voor de plaatsen van Schoonspruit en Instructie voor den Waterfiscaal" wat sedert 1884 'n wrywings- en knelpunt tussen die inwoners van Klerksdorp en Ventersdorp was. Vir die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek was die normalisering van die verhoudinge tussen hierdie groepe inwoners van groot belang. Die simpatieke houding van Paul Kruger teenoor hierdie inwoners wat oor 'n uitgestrekte gebied gewoon het en van die Schoonspruit afhanklik was, het bygedra tot die goedkeuring van Wet nr. 17 van 1887 op 25 Junie 1887. Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die behoud van alle bestaande watervore langs die spruit met dien verstande dat die vore nie gelyktydig deur die inwoners gebruik mag word nie om sodoende die beginsel van 'n eweredige

---

(32) S.S. 958, R3717/87: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 6/6/1887.

(33) S.S. 1417, R4090/87: V.R.R. 342/89: Uittreksel en kopie C. van Boeschoten, Volksraadsbesluit, art. 603, 20/6/1887.

waterverdeling te handhaaf. 'n Hoofwaterfiskaal sou beheer uitoefen oor die hele spruit vanaf Ventersdorp tot by Klerksdorp terwyl die laasgenoemde twee groepe hulle eie plaaslike dorpswaterverdeling deur middel van 'n eie waterfiskaal sou opstel en implementeer binne die raamwerk van Wet nr. 17 van 1887.(34)

Ten spyte van die goedkeuring van hierdie wet wat die waterregulasies vir die Schoonspruit omskryf het, het die misbruik van water in Ventersdorp steeds voortgeduur. H.C. Visser, hoofwaterfiskaal van die Schoonspruit, het tot die gevolgtrekking gekom dat, ten spyte van die feit dat die ordening van die spruit nou doelmatig tussen Klerksdorp en Ventersdorp beplan was, Ventersdorp se waterreëlings nie uitgevoer kan word sonder die nodige plaaslike waterregulasies nie.(35)

Die Uitvoerende Raad het egter gehou by sy besluit om eers die kwessie van dorpstatus vir Ventersdorp af te handel voordat die waterregulasies vir die dorp in werking gestel sou word.(36)

Die verskillende aanbevelings wat Röscher aan die Uitvoerende Raad gemaak het rakende dorpstigting is egter reeds op 30 Junie 1887 indringend deur die Uitvoerende Raad bespreek. Die Uitvoerende Raad aanvaar die riglyne van Röscher en besluit om die plase Roodepoort nr. 22 en die helfte van Doornpan nr. 8 vir die regering aan te koop. Die regering het met hierdie besluit die opsie oopgehou om verdere gronde aangrensend aan hierdie plase aan te koop, indien die uitbreiding van Venters-

---

(34) Staats Courant der Z.A.R., "Bijvoegsel", 24/8/1887. Kyk ook hoofstuk 3, p. 80.

(35) S.S. 1417, R7487, V.R.R. 342/89: H.C. Visser/Uitvoerende Raad, 21/10/1887.

(36) S.S. 1417, R4090/87: C. van Boeschoten/H.C. Visser, 25/1/1888.

dorp dit sou regverdig.(37)

Aan die einde van Januarie 1888 het die registrateur van aktes aan die Uitvoerende Raad verslag gedoen dat alle registrasies en probleme rondom grondregistrasies afgehandel was.(38) Op 17 Februarie 1888 word in die Staats Courant gepubliseer dat Ventersdorp dorpstatus verkry.(39) Adriaan Röscher het dus in sy doel geslaag om 'n geordende Ventersdorp daar te stel.

Ses maande na die amptelike dorpsverklaring van Ventersdorp het hoofwaterfiskaal Visser steeds met die probleem geworstel dat daar geen waterregulasies vir die dorp was waarvolgens die inwoners se waterverdeling hanteer kon word nie. Visser beroep hom op die belofte wat reeds op 20 Junie 1887 deur die Volksraad gemaak was dat die waterregulasies in werking sou tree sodra dorpstatus aan Ventersdorp toegeken is.(40)

Staatsekretaris Bok vrees egter dat die bekragtiging van die waterregulasies van Ventersdorp verwarring onder die inwoners kon veroorsaak. Hy was bekommerd dat die Ventersdorpregulasies uiteindelik in stryd sal kom met die Schoonspruitregulasies van 1887, omdat die plaaslike verdeling 'n verdeling van water tussen die onderskeie plase in die Ventersdorpomgewing impliseer.(41)

---

(37) S.S. 958, R4092/87, V.R.R. 3157/84: Afskrif van E. Bok, Uitvoerende Raadsbesluit, art. 221, 30/6/1887.

(38) S.S. 958, R3157/84: Registrateur van Aktes/Uitvoerende Raad, 25/1/1888.

(39) Staats Courant der Z.A.R., 17/2/1888: "Ventersdorp".

(40) S.S. 1417, R7858/88, V.R.R. 342/89: H.C. Visser/E. Bok, 25/8/1888.

(41) S.S. 1417, R4090/87: V.R.R. 342/89: Gouvernements kantoor Z.A.R., aantekeninge E. Bok, 9/9/1888.

W.J. Leyds wat reeds goed op hoogte was van die Schoonspruit waterproblematiek, het egter nie Bok se kommer gedeel nie.(42) Hierdie plaaslike verdeling het slegs beteken dat daar voorsiening gemaak word vir die verdeling van die water waarop Ventersdorp volgens die 1887-Schoonspruitwaterregulasies geregtig was en impliseer geensins die verkryging van meer water uit die spruit nie. Ten einde hierdie probleem te oorbrug, het Leyds aanbeveel dat 'n klousule by die Ventersdorpwaterregulasies gevoeg kan word om die 1887-Schoonspruitwaterregulasies só teen uitbuiting deur die plaaslike inwoners te beskerm.(43) Bok as klerk van die Volksraad het ag geslaan op hierdie aanbeveling van Leyds en sodanige byvoegings tot die waterregulasies van Ventersdorp gemaak.(44)

Die Volksraad gee op 29 Mei 1889 sy goedkeuring aan die finalisering van die waterregulasies van Ventersdorp in ooreenstemming met die konsepvoorstelle van die Gey-memorie van 20 April 1887.(45) Hierdie waterregulasies word op 10 Julie 1889 in die Staats Courant gepubliseer en het ten doel gehad om die waterverdeling van Ventersdorp te orden en te reguleer.(46)

In die regulering van die plaaslike wateraangeleenthede sou die waterkommissie wat deur die inwoners verkies sou word, 'n

---

(42) S.S. 1417, R4090/87, V.R.R. 133/89: Gouvernements kantoor Z.A.R., aantekeninge W.J. Leyds, 5/9/1888.

(43) S.S. 1417, R4090/87, V.R.R. 209/89: W.J. Leyds/E. Bok, 2/2/1889.

(44) S.S. 1417, R4090/87, V.R.R. 260/89: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., E. Bok/W.J. Leyds, 15/2/1889.

(45) S.S. 1417, R5271/89, V.R.R. 118/89: C. van Boeschoten/T. Krogh, 29/5/1889.

(46) S.S. 1417, R4090/87: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., afskrif van E. Bok, Uitvoerende Raadsbesluit, art. 403, 4/7/1889, gepubliseer in Staats Courant der Z.A.R., "Waterregulatien voor Ventersdorp", 10/7/1889.

belangrike rol vervul. Hierdie waterkommissie sou as skakel dien tussen die plaaslike inwoners en die regering rakende alle plaaslike wateraangeleenthede. Die kommissie sou die instruksies vir die waterfiskaal opstel wat deur die inwoners bekragtig moes word. Die waterfiskaal was verplig om driemaandeliks 'n verslag by die waterkommissie in te dien waarin probleme en aanbevelings aan die kommissie aanhangig gemaak sou word.(47)

Teen die einde van 1889 het die inwoners van Ventersdorp hul waterkommissie verkies met Adriaan Röscher as voorsitter én sekretaris. Die bykomende lede was J.H. Brandt (waterfiskaal van Ventersdorp) J.A. van Zyl, M.C. de Beer en J.J. Botes.(48)

Uit hierdie verkiesing van Adriaan Röscher blyk die Ventersdorp-inwoners se nuwe gesindheid teenoor hom: die inwoners het tot die besef gekom dat Röscher se kundigheid in wateraangeleenthede vir Ventersdorp onmisbaar was en dat hulle in dié proses van sy dienste gebruik moes maak. Vir Röscher wat met soveel ywer en entoesiasme die finalisering van beide dorpstigting en die opstel van waterregulasies vir die gebied hanteer het, moes hierdie verkiesing ook baie beteken het aangesien die inwoners hierdeur sy reeds bewese leierskap en rol in die

---

(47) Staats Courant der Z.A.R., "Waterregulatien voor Ventersdorp", art. 13 - 16, 10/7/1889.

(48) S.S. 1417, R3058/93, R1217/95: "Instructie voor den Waterfiscaal van Ventersdorp", 4/2/1890. Geen notule van 'n openbare vergadering na die goedkeuring van die "Water Regulatien voor Ventersdorp", 10/7/1889, kon opgespoor word waarin die verkiesing van die waterkommissie hanteer is nie. Vrederegter Gey meld in 'n verslag aan die Staatsekretaris, S.S. 1417, R2665/95, 24/9/1895, dat die waterkommissie sedert 1889 gefunksioneer het. Die vroegste vermelding van die aktiwiteite van die waterkommissie het op 4 Februarie 1890 plaasgevind met die voorlegging van die "Instructie voor den Waterfiscaal van Ventersdorp" aan die inwoners van die gebied.

Ventersdorpgemeenskap bevestig het.

## 4.2 Die waterkommissie van Ventersdorp en die waterfiskaal van die Schoonspruit

Volgens 'n bepaling van die "Water Regulatien voor Ventersdorp" van 10 Julie 1889 moes die waterkommissie die werksterreine en bevoegdhede van die plaaslike waterfiskaal opstel en vir goedkeuring aan die inwoners voorlê.(49) Hierdie "Instructie voor den Waterfiscaal van Ventersdorp" word op 4 Februarie 1890 deur die inwoners goedgekeur vir amptelike bekragtiging deur die regering.(50)

'n Waterregbeginsel wat ook in Ventersdorp toegepas is met die inwerkingtreding van die "Water Regulatien voor Ventersdorp" was die beginsel dat water eweredig tussen die onderskeie dorpseienaars en plaaseienaars verdeel sou word. Nadat die waterverdeling tussen die hoër- en laerliggende plase afgehandel is, het die hoërliggende eienaars die voordeel gehad om die water wat aan hulle toegeken was deur herverdeling en na goeddunke te gebruik sonder om enigsins inbreuk te maak op die hoeveelheid water wat aan die laerliggende inwoners toegeken is.(51)

Dit was die taak van die hoofwaterfiskaal H.C. Visser van die Schoonspruit om sorg te dra dat inwoners hulle regmatige deel water sou ontvang soos dit aan hulle toegeken was. Die laerliggende plase van Sterkstroom het reeds op 11 Oktober 1890

---

(49) Staats Courant der Z.A.R., "Water Regulatien voor Ventersdorp", art. 15, 10/7/1889.

(50) S.S. 1417, R3058/93, V.R.R. 127/95: Notule openbare vergadering Ventersdorp, 4/2/1890.

(51) C.G. Hall, The origin and development of waterrights in South Africa, p. 54.

in 'n memorie by die Uitvoerende Raad beswaar aangeteken dat hierdie beginsel van eweredige waterverdeling onprakties en onuitvoerbaar was. In 'n poging om soveel moontlik water uit die spruit te onttrek, het die hoërliggende plase damme begin bou om water te stoor. Dit het tot gevolg gehad dat die hoeveelheid water wat die Sterkstroomplase oor 'n afstand van 15 kilometer moes bereik ernstig benadeel is. H.C. Visser het die klagtes van hierdie plaaseienaars ondersoek en bevind dat die gesaaides in 'n haglike toestand van verdroging was. Volgens Visser het hy geen bevoegdheid volgens die "Water Regulatien voor die plaatsen aan Schoonspruit" (Wet nr. 17 van 1887) gehad om die water eweredig te verdeel nie.(52) Visser se vertolking van Wet nr. 17 van 1887 was korrek, aangesien daar geen besondere bevoegdhede aan hom toegeken is om teen oortreders op te tree nie.(53)

Hierdie probleem van die Sterkstroomeienaars het geen aandag van die regering ontvang nie sodat J.P. Venter agtien maande later weer in 'n soortgelyke memorie die regering vra om groter regsbevoegdheid aan die hoofwaterfiskaal toe te ken sodat hy effektief teen oortreders kon optree wat die beginsel van eweredige waterverdeling sou misken. Alhoewel hierdie eienaars die beginsel aanvaar het, het die hoërliggende plaaseienaars dit eenvoudig geïgnoreer.(54)

Die memoriekommissie het eers in Augustus 1892 die Ventermemorie ondersoek en uiteindelik verwys na die Uitvoerende Raad om ook

---

(52) S.S. 1121, R8892/92, V.R.R. 256/92: J.C.M. Venter/ Uitvoerende Raad, 11/10/1890.

(53) Staats Courant der Z.A.R., "Bijvoegsel, Schedule A", art. 1, 24/8/1887.

(54) S.S. 1121, R5459/85, R8892/92, V.R.R. 756/92: J.P. Venter/Volksraad, 16/4/1892.

hierdie aangeleentheid indringend te ondersoek met die oog op 'n verslag aan die Volksraad tydens die 1893-sitting.(55)

Adriaan Röscher het onderwyl sedert 1890 tevergeefs probeer om die "Instructie voor de Waterfiscaal van Ventersdorp" deur die regering bekragtig te kry. Röscher het die wetlike uitvoerbaarheid van artikel 20 van die "Water Regulatien voor plaatsen aan Schoonspruit" (1887) bevraagteken aangesien geen boetebepalings ten opsigte van wateroortredings hierin voorgekom het nie. Omdat die Schoonspruitregulasies ook nie voorsiening gemaak het vir optredes teen die waterfiskaal indien hy nie sy pligte na behore uitvoer nie, wou hy spesifieke optredes teen die waterfiskaal in die Ventersdorpse waterregulasies ingebou sien. Hierdie nuwe artikel moes voorsiening maak vir onder andere die verbeurdverklaring van die waterfiskaal se verhoging, die oplegging van 'n boete en selfs die ontslag van die waterfiskaal deur die waterkommissie.(56)

Röscher se volharding dat geskrewe maatreëls teen die hoofwaterfiskaal van die Schoonspruit en die plaaslike waterfiskaal van Ventersdorp op skrif gestel moes word by die nie-nakoming van hulle pligte, was hoofsaaklik gemik teen Visser.(57) Röscher het glad nie genoeë geneem met die wyse waarop Visser sy taak as hoofwaterfiskaal uitgevoer het nie. Volgens Röscher het Visser slegs klagtes van inwoners aangehoor wanneer hyself 'n tekort aan water op sy grond ondervind het. Inwoners het reeds teenoor Röscher hulle ontevredenheid uitgespreek dat

---

(55) S.S. 1417, R5459, V.R.B.B. 443/92: Notule memoriekommissie, art. 1053, 4/8/1892 en W.J. Fockens/Staatsekretaris, 9/8/1892.

(56) S.S. 1417, R4090/87, R3085/93: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 6/3/1893.

(57) S.S. 1417, R4090/87, R3085/93: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 6/3/1893. Op 25 September 1891 het H.C. Visser geweier om 'n boete van 2/6 te betaal vir beweerde pligsversuim.

hulle drinkwatervore ook leeg was weens die afsydige houding van Visser.(58)

H.C. Visser het op die stadium ook die skyf van aanvalle van die eienaars van die Buffelsvleiplase geword en wel in 'n memorie van laasgenoemde aan die Uitvoerende Raad op 12 Oktober 1893. Die Uitvoerende Raad word beskuldig dat hy die verantwoordelikheid moet dra vir hierdie swak aanstelling in die persoon van H.C. Visser.(59)

Die Van Eck-memorie het dit beklemtoon dat dit die voorgeskrewe taak van die hoofwaterfiskaal was om tweemaandeliks die damme en vore te inspekteer, maar dit is vir etlike jare nooit op die Buffelsvleiplase uitgevoer nie. Daar vind 'n geweldige vermorsing van water in die Buffelslveigebied plaas, aangesien die water onbeplan en ongekontroleer in die watervore gevloei het. Die feit dat Visser in gebreke gebly het om oortreders wat snags water steel en Sondae water lei te beboet, het grootliks bygedra tot die gebrek aan orde in die gebied. Die memoraliste het die regering gevra om Visser te ontslaan aangesien sy veelvuldige pligte, asook dié van veldkornet, hom nie in staat stel om sy pligte as hoofwaterfiskaal na behore te kon uitvoer nie.(60) Die regering het met hierdie aanstelling van Visser in 'n groot mate die verband met die werklikheid verloor aangesien die taak van die veldkornet 'n omvangryke, byna voltydse werk was. Die regering

---

(58) S.S. 1417, R4090/87, R3085/93: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 6/3/1893.

(59) S.S. 1417, R13270/93, R303/93: J.J. van Eck/Uitvoerende Raad, 12/10/1893. Sien ook S.S. 1121, R383/87: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., W.J. Fockens, 21/3/1887. Die Volksraad het op 21/3/1887, art. 108, die voorstel van kommandant Piet Cronjé behandel waarin hy beweer het dat veldkornet H.C. Visser die mees geskikte kandidaat vir die pos van hoofwaterfiskaal van die Schoonspruit sou wees. Kyk hoofstuk 3, p. 82.

(60) S.S. 1417, R13270/93, R303/93: J.J. van Eck/Uitvoerende Raad, 12/10/1893.

kon geredeneer het dat die veldkornet vanweë sy noue skakeling met die inwoners in sy toesig oor die uitvoering van regeringsopdragte[61] terselfdertyd ook as hoofwaterfiskaal kon optree. Dit bly egter vasstaan dat kommandant Piet Cronjé se ondersteuning van die kandidatuur van H.C. Visser grootliks bygedra het tot sy aanstelling as hoofwaterfiskaal.[62]

Die aanhoudende klagtes teen H.C. Visser het vir die regering 'n verleentheid begin word. Waarnemende staatsekretaris C. van Boeschoten gee in Oktober 1893 opdrag aan landdros Tom van Potchefstroom om die Visser-aangeleentheid te ondersoek en 'n skriftelike verslag aan die regering voor te lê.[63]

Waterfiskaal J.P.A. Engelbrecht van Ventersdorp ontvang die opdrag om die Buffelsvlei-plaaseienaars te besoek ten einde die klagtes teen Visser te ondersoek.[64] Die optrede van landdros Tom om 'n ondergeskikte amptenaar te gebruik om 'n ondersoek te loods na die aktiwiteite van 'n persoon met die status van veldkornet en hoofwaterfiskaal, plaas die hele ondersoek onder verdenking.

Dit was ook nie vreemd nie dat 'n memorie van W.G. Nell en dertien ondertekenaars landdros Tom in November 1893 bereik het waarin die besondere bydrae van Visser in die Buffelsvleigebied geloof word.[65] J.J. van Eck se klagtes waarin hy be-

---

(61) H.P. van Coller, P.A. Cronjé - 'n lewenskets, pp. 18 - 20.

(62) S.S. 1417, R13270/93, R303/93: J.J. van Eck/Uitvoerende Raad, 12/10/1893. Vgl. ook S.S. 1121, R383/87: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., W.J. Fockens, 21/3/1887.

(63) S.S. 1417, R13270/93: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., C. van Boeschoten/D. Tom, 17/10/1893.

(64) S.S. 1417, R13270/93: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., D. Tom/J.P.A. Engelbrecht, 31/10/1893.

(65) S.S. 1417, R13270/93, R203/93: W.G. Nell/D. Tom, Palmietfontein, 6/11/1893.

weer dat die watervoor nie in 'n goeie toestand gehou word nie, word verwerp en Visser aangeprys vir die verbetering van die bestaande voor oor 'n afstand van byna 2 000 treë. Visser het volgens hulle konsekwent sy taak uitgevoer en inwoners beboet wat Sondae water gelei of nagwater gesteel het.(66) Landdros Tom was tevrede met hierdie weergawe en het die hele aangeleentheid as afgehandel beskou.(67)

Aan die einde van Januarie 1894 het Röscher weer eens vertoë tot die regering gerig om die bevoegdhede van die waterkommissie met betrekking tot optrede teen die waterfiskaal(68) in die nie-uitvoering van sy pligte in wetgewing vas te lê.

Die toenemende getal memories het die regering genoodsaak om waarnemende staatsprokureur B.P. Burgers opdrag te gee om die regsimplikasies van die Röschermemories rakende die waterfiskaal te ondersoek. Burgers het dit glad nie as 'n noodsaaklikheid beskou om die "Instructie voor de Waterfiscaal van Ventersdorp" voor die Volksraad ter tafel te lê nie aangesien die regering aan die waterkommissie die regsbevoegdheid verleen het om sodanige instruksies op te stel. Die waterkommissie het verder die bevoegdheid om hierdie instruksies na goeddunke uit te brei op versoek en met die goedkeuring van die plaaslike inwoners. In hierdie verband was dit dus absoluut onnodig om strafmaatreëls teen die waterfiskaal in werking te stel aangesien die waterkommissie eenvoudig net die waterfiskaal kon ontslaan en die naam van 'n nuwe verkose

---

(66) S.S. 1417, R13270/93, R203/93: W.G. Nell/D. Tom, Palmietfontein, 6/11/1893.

(67) S.S. 1417, R13270/93, R203/93: D. Tom/C. van Boeschoten, 9/11/1893.

(68) S.S. 1417, R4090/87, R1235/94: A. Röscher/T. Krogh, 29/1/1894.

waterfiskaal aan die regering vir bekragtiging kon voorlê.[69] Die waterkommissie het dus 'n vrye hand gehad om plaaslike regulasies op te stel na gelang van die omstandighede en die behoeftes van die inwoners.

Die waterkommissie het egter volgehou dat hulle beplande wetswysigings rondom die strafbepalings in die waterregulasies van Ventersdorp voor die Volksraad gelê moes word.[70] Eerste staatsklerk Krogh wat die voorbereidings hanteer het met die oog op die Volksraadsitting van 1895 het in 'n verslag aan W.J. Leyds melding gemaak van die feit dat die veranderings wat die waterkommissie voorgestel het, weinig verskil het van die "Water Regulatien voor Ventersdorp." Krogh ondersteun die standpunt van B.P. Burgers dat die waterkommissie genoeg bevoegdhede het om die waterfiskaal te ontslaan indien hulle met sy dienste ontevrede was.[71] Hiermee het die regering ook enige verdere korrespondensie en onderhandelings in dié verband gestaak. Die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek het in hulle wetgewingsprosedure dikwels die standpunt gehuldig dat, waar daar reeds voldoende wetgewing bestaan het, hulle eenvoudig nie-funksionele wetgewing van die hand gewys het.[72]

Vanaf 1895 het die kritiek teen die waterfiskaal geensins afgeneem nie terwyl die waterkommissie nou saam met die waterfiskaal die fokuspunt van aanvalle van die Ventersdorpinwoners geword het.

---

(69) S.S. 1417, R4090/87, R273/94: B.P. Burgers/T. Krogh, 14/2/1894.

(70) S.S. 1417, R4090/87, R127/95: A. Röscher/T. Krogh, 31/12/1894.

(71) S.S. 1417, R4090/87: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., T. Krogh/W. Leyds, 16/1/1895.

(72) W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 200.

In Maart 1895 kla J.P.A. Engelbrecht namens die erfeienaars van Ventersdorp by die Uitvoerende Raad dat hulle sedert 1893 nie hulle regmatige deel water uit die spruit ontvang het nie. Hy beweer dat die waterkommissie en waterfiskaal geen maatreël getref het om hulle watervoorsiening na die erwe te verbeter nie.(73)

Landdros Tom wat hierdie klagtes namens die regering moes ondersoek,(74) het sterk gesteun op vrederegter Gey wat die probleme rondom die Engelbrechtmemorie moes ondersoek en evalueer. Volgens Gey het die Ventersdorpinwoners nie saamgewerk om die waterfiskaal te help om die watervore skoon te maak nie terwyl die waterkommissie sy plig versaak het deur nie boetes wat opgelê is, in te vorder nie.(75)

Hierdie verslag van Gey wat klem gelê het op die gebrekkige samewerking tussen die waterkommissie en die waterfiskaal, was vir W.J. Leyds 'n groot bron van kommer sodat hy vir landdros Tom versoek het om 'n volledige verslag op te stel en wenke aan die hand te doen om die plaaslike situasie ten opsigte van samewerking te verbeter.(76)

Hoofwaterfiskaal Visser, in sy verslag aan landdros Tom, skryf die klagte van Engelbrecht daaraan toe dat dit nog nie in die gebied gereën het nie en dit dus onnodig was om die watervore skoon te maak. Visser wat voorheen deur Röscher aangeval is, omdat hy nie sy pligte na behore uitge-

---

(73) S.S. 1417, R2665/95, S.P.R. 5922/96: J.P.A. Engelbrecht/ Uitvoerende Raad, 8/3/1895.

(74) S.S. 1417, R2665/95, S.P.R. 5922/96: C. van Boeschoten/ D. Tom, 14/3/1895.

(75) S.S. 1417, R2665/95, S.P.R. 5922/96: M.E. Gey/D. Tom, 23/3/1895.

(76) S.S. 1417, R2665/95, S.P.R. 5922/96: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., W.J. Leyds/D. Tom, 3/4/1895.

voer het nie,(77) het ook nou die geleentheid benut om landdros Tom in te lig oor die aktiwiteite van Röscher en die waterkommissie. Hy voorsien probleme vir die inwoners aangesien die waterkommissie nie by al die probleme kan uitkom en bevredigende oplossings kan vind nie. Aangesien die inwoners reeds die funksionering van die waterkommissie bevraagteken, beveel hy aan dat die algemene beheer oor die water van Ventersdorp ook onder die jurisdiksie van die hoofwaterfiskaal van die Schoonspruit geplaas moet word.(78) Visser wat ook vir hierdie omvattende taak kans gesien het, was juis voorheen die middelpunt van kritiek in die Van Eck-memorie van 1893 weens die feit dat hy nie al die plase langs die Schoonspruit gereeld kon besoek nie.(79)

Vir W.J. Leyds was die Visser-weergawe 'n afgewaterde verslag en hy spreek landdros Tom ernstig aan, omdat hy sy plig versuim het om 'n volledige verslag met aanbevelings aan hom te besorg. Vir Leyds was dit onverstaanbaar dat die inwoners kla oor die waterkommissie terwyl hulle die bevoegdheid volgens die "Water Regulatien van Ventersdorp" het om 'n nuwe waterkommissie saam te stel.(80)

W.J. Leyds het hierdie probleem vanuit 'n ander hoek begin benader en getwyfel of die plaaslike waterfiskaal, Brandt, sy pligte uitvoer ooreenkomstig die Ventersdorpse waterregulasies. Indien hy nie sy pligte na behore uitvoer nie, moes landdros

---

(77) S.S. 1417, R2665/95, S.P.R. 5922/96: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., H.C. Visser/D. Tom, 13/4/1895. Vgl. ook S.S. 1417, R4090/87, R3085/93: A. Röscher/ Uitvoerende Raad, 6/3/1893.

(78) S.S. 1417, R2665/95, S.P.R. 5922/96: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., H.C. Visser/D. Tom, 13/4/1895.

(79) S.S. 1417, R13270/93, R303/93: J.J. van Eck/Uitvoerende Raad, 12/10/1893.

(80) S.S. 1417, R2665/95, S.P.R. 5922/96: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., W.J. Leyds/D. Tom, 8/5/1895.

Tom die nodige maatreëls tref om hom uit hierdie pos te ontslaan.(81)

Hoofwaterfiskaal Visser het aan Brandt die geleentheid gebied om 'n verslag aan die landdros saam te stel oor sy werksaamhede as waterfiskaal van Ventersdorp. Volgens Brandt het hy sedert Mei 1895 geen klagtes van inwoners ontvang of geen inwoner beboet nie om die eenvoudige rede dat daar te veel water in die vore aanwesig was. Die vermindering van die klagtes skryf hy daaraan toe dat hy daarin geslaag het om die vee van die plaaslike inwoners uit R.C. Wilson se hoofwatervoor te hou.(82) Die hoofwatervoor van Ventersdorp het naamlik deur die gronde van R.C. Wilson geloop en wanneer die inwoners se vee die watervoor wederregtelik as suipplek gebruik het, het Wilson eenvoudig die watertoevoer na die dorp verminder deur die water uit te keer na sy saailande buite die dorp.(83)

Die aanvalle van Engelbrecht op die waterkommissie kan volgens Röscher toegeskryf word aan die feit dat Brandt vir Engelbrecht as waterfiskaal van Ventersdorp opgevolg het na aanleiding van talle klagtes teen Engelbrecht gedurende sy dienstermyn as waterfiskaal.(84) Aangesien die regering dikwels nie bewus was van hierdie onderstrominge en konflikte nie, moes hulle noodwendig ag slaan op klagtes en memories totdat die teendeel bewys kon word. Landdros Tom was tevrede dat Brandt hom aktief besig gehou het om Ventersdorp se watersake te organiseer en hy kon op 19 Augustus 1895 aan Leyds verslag doen dat daar geen probleme meer in Ventersdorp bestaan nie.(85)

---

(81) S.S. 1417, R2665/95, S.P.R. 5922/96: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., W.J. Leyds/D. Tom, 3/8/1895.

(82) S.S. 1417, R2665/95: J.C. Brandt/H.C. Visser, 15/8/1895.

(83) S.S. 1417, R2665/95: J.C. Brandt/H.C. Visser, 15/8/1895.

(84) S.S. 1417, R2665/95: A. Röscher/H.C. Visser, 15/8/1895.

(85) S.S. 1417, R2665/95: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., D. Tom/W.J. Leyds, 19/8/1895.

Die sogenaamde tevredenheid van die inwoners het slegs 'n week lank geduur aangesien J.P.A. Engelbrecht op 26 Augustus 1895 sy klagtes aan die Uitvoerende Raad herbeklemtoon het. Engelbrecht het die standpunt gehuldig dat die rol van die waterkommissie uitgedien was en dat dit heeltemal afgeskaf behoort te word. Die bevoegdhede van die waterkommissie behoort - volgens hom - aan die vrederegter van die gebied oorgedra te word.(86)

Die vermoede het by Leyds ontstaan dat Engelbrecht se aanvalle op die waterkommissie dalk 'n persoonlike element van verset kon bevat; daarom gee hy in September 1895 opdrag dat vrederegter Gey 'n persoonlike onderhoud met Engelbrecht moet voer ten einde die probleem eervol op te los.(87)

Gey het ná die onderhoud met Engelbrecht tot die gevolgtrekking gekom dat, sedert die waterkommissie in 1889 in Ventersdorp begin funksioneer het, hierdie kommissie geensins hulp verleen het aan die waterfiskaal met die invordering van boetes nie. Gey het saam met Engelbrecht die gedagte van Visser verwerp dat die hoofwaterfiskaal van die Schoonspruit beheer oor die plaaslike waterfiskaal moet uitoefen, aangesien daar weer elemente van persoonlike botsings in opgesluit lê.(88) Hierdie onderhoud het egter weinig gedoen om groter tevredenheid by Engelbrecht te skep aangesien hy voortgegaan het en twee memories met dieselfde strekking aan die Uitvoerende Raad gestuur het.(89)

---

(86) S.S. 1417, R3876/95: J.P.A. Engelbrecht/Uitvoerende Raad, 26/8/1895.

(87) S.S. 1417, R38376/95: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., W.J. Leyds/D. Tom, 3/9/1895.

(88) S.S. 1417, R2665/95: Verslag M.E. Gey/W.J. Leyds, 24/9/1895.

(89) S.S. 1417, R2937/96: J.P.A. Engelbrecht/Uitvoerende Raad, 23/1/1896 en 19/3/1896.

Die jaar 1895 kan as 'n besondere moeilike jaar in die Suid-Afrikaanse Republiek en die hele Suid-Afrika beskou word. Die land het gebuk gegaan onder droogtes, sprinkaanplae en veesiektes wat 'n nadelige uitwerking op die ekonomie gehad het. Die ernstige afmetings wat die droogte aangeneem het, laat president Paul Kruger op 3 November 1895 'n biddag uitvaardig ten einde die inwoners van die Suid-Afrikaanse Republiek die geleentheid te bied om in nederige verootmoediging voor God te staan.(90) Om die watertekorte in die Suid-Afrikaanse Republiek te probeer verlig, het die regering reeds in 1896 doelgerig met waterboorprojekte begin in Soutpansberg, Rustenburg, Krugersdorp, Waterberg, Carolina en Pretoria.(91)

Afgesien van die droogtetoestand en wisselvallige reënval het die oog van die Schoonspruit nog voldoende water vir die inwoneers van Ventersdorp voorsien. Die groot probleem was egter R.C. Wilson wat hom geensins aan die waterregulasies van Ventersdorp gesteur het nie. Die hoofwatervoor wat Ventersdorp van water voorsien, was op Wilson se grond geleë terwyl die oorsprong van die voor op W.P. Taylor se grond was. Op Taylor se grond was geen serwituut geregistreer nie - met die gevolg dat die waterkommissie geen houvas op die hoofwatervoor gehad het nie.(92) Wet nr. 11 van 1894 het R.C. Wilson ook in 'n groot mate bevoordeel aangesien hy geregtig was om tot soveel as 50% van die water uit die voor vir sy eie gebruik te onttrek.(93)

---

(90) H.J. Coster, De Locale Wetten der Z.A.R., 1895: Uitvoerende Raadsbesluit, art. 731, 29/10/1895, p. 357.

(91) S. Wierda, Waterboorrapport, 1896 - 1897, p. 1.

(92) S.S. 1417, R4090/87, S.P.R. 1052/96: C.F. Rorke/ M.E. Gey, 4/6/1896.

(93) Staats Courant der Z.A.R., 1/8/1894: Wet nr. 11 van 1894, "Regeling van het gebruik van water uit publieke stromen in die Z.A.R.", art. 12, p.683.

Vir vrederegter Gey het die oplossing van die watervoorkwessie daarin gelê dat die regering die gedeelte van Roodepoort nr. 22 van W.P. Taylor moet aankoop en dan die waterkommissie ontbind. Indien die dorp dus die volle waterregte oor die hoofwatervoor verkry, sou die funksies van die waterkommissie net so effektief deur die plaaslike waterfiskaal of vrederegter hanteer kon word.(94)

Die watervoorprobleem kry in 1897 'n nuwe wending met die uitbreek van tifuskoors in Ventersdorp. Teen 20 April 1897 het 28 inwoners (25 blank en 3 kleurlinge) al met die siekte onderlede by dr. J.H. Corcoran aangemeld. Dr. Corcoran het die uitbreek van hierdie siekte toegeskryf aan die misbruik van die watervoor deur die boonste dorpsinwoners wat hierdie onsuiwer water aan die onderste inwoners as drinkwater beskikbaar gestel het. Die skoonmaakaksie van die hoofwatervoor het ook veel te wense oorgelaat. Vuilis wat uit die vore gehaal word, word eenvoudig net op die walle gegooi sodat dit uiteindelik maar weer in die watervoor beland. Dr. Corcoran was oortuig dat die beperkte en onsuiwere watervoorraad van Ventersdorp in die toekoms 'n groot rol sou speel in die uitbreek van siektes in die gebied.(95)

Met die uitbreiding van die veestapels in Ventersdorp het die groeiende behoefte aan water en weiding tot verdere twispunte onder die inwoners aanleiding gegee. Plaas- en dorpeienaars het mekaar al begin dreig dat hulle eenvoudig vee by hulle suipplekke sou doodskiet indien hulle wederregtelik op hulle plase of erwe aangetref sou word. Ten einde die weidingsprobleem te probeer oplos, rig F. Lemmer in April 1896 'n memorie aan die Volksraad waarin gepleit word dat die dorpsgronde van Ventersdorp uitgebrei moet word. Die aankoop van die

---

(94) S.S. 1417, R2665/95: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., M.E. Gey/T. Krogh, 17/4/1896.

(95) S.S. 1417, R6769/97: J.H. Corcoran/M.E. Gey, 20/4/1897.

grond van W.P. Taylor sou nie net alleen voldoende weivelde bied nie, maar ook 'n onafhanklike watervoor vir die dorp verskaf.(96)

Die tifusepidemie het egter geen verdere afmetings aangeneem nie en eerste staatsklerk Krogh het meer oortuig begin raak dat Gey en Lemmer se aanbeveling om die grond van W.P. Taylor aan te koop die enigste oplossing was.(97)

Alhoewel Gey reeds in 1895 aan Tom dit duidelik uitgespel het dat 'n gebrekkige samewerking tussen die waterkommissie en die waterfiskaal bestaan,(98) was Tom oortuig dat hy betyds kon ingryp indien hy bewus was van die gebrekkige funksionering van die waterkommissie. Sodoende sou die tifusepidemie volgens hom voorkom kon gewees het.(99)

Teen 1897 het die plaaslike inwoners van Ventersdorp met twee vraagstukke te doen gekry wat onduidelikhede en verwarring in die gemeenskap veroorsaak het. Ten eerste het die gevaaraspek rondom die onhigiëniese watervoor die behoefte laat posvat om die bestaande watervoor met 'n meer doeltreffende watervoor te vervang om in die basiese behoeftes van die inwoners te voorsien. Die verkryging van die gronde of waterreg van W.P. Taylor was egter die groot struikelblok wat in hierdie proses oorbrug moes word. Ten tweede het die waterkommissie wat sedert 1890 in die dorp as plaaslike bestuur gefunksioneer het, nie meer aan die inwoners se verwagtinge voldoen nie. Die behoefte aan 'n plaaslike bestuur met groter bevoegdhede as die waterkommissie het ook sterker op die voorgrond getree.

---

(96) S.S. 1417, R10173/96, E.V.R. 811/96: F. Lemmer/Volksraad, 24/4/1896.

(97) S.S. 1417, R6769/97, M.R. 81/97: M.E. Gey/T. Krogh, 6/5/1897.

(98) S.S. 1417, R2665/95, S.P.R. 5922/96: M.E. Gey/D. Tom, 23/3/1895.

(99) S.S. 1417, R6769/97, M.R. 76/97: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., D. Tom/M.E. Gey, 11/5/1897.

## 4.3 Die Ventersdorpwatervoor en die ontbinding van die waterkommissie: 1896 - 1899

Voor 1895 het in Ventersdorp periodieke botsings ontstaan tussen die plaaslike inwoners en R.C. Wilson oor die hoofwatervoor van Ventersdorp wat deur Wilson se gronde geloop het. Wilson het nie geskroom om sy eie belange rondom die watervoor te beskerm nie en het dikwels die watertoevoer na die dorp verminder deur water uit te lei na sy saailande buite die dorp, indien die plaaslike inwoners die watervoor op sy grond as suipplek vir hulle vee gebruik het.(100)

Reeds in Februarie 1896 het Adriaan Röscher namens die waterkommissie die Uitvoerende Raad daarop gewys dat die hoeveelheid water wat Ventersdorp moet bereik, besig was om te verminder. Hierdie vermindering word toegeskryf aan die feit dat R.C. Wilson al meer water gebruik.(101) Ten spyte van die serwituut wat in 1884 op sy grond geregistreer was,(102) het Wilson hardkoppig voortgegaan om water uit die Ventersdorpvoor te onttrek. Volgens Röscher het R.C. Wilson in 'n toenemende mate die skyf van die inwoners geword en dit het daartoe bygedra dat hy 'n negatiewe houding teenoor Ventersdorp begin ontwikkel het. Om Wilson se samewerking te verkry, het die waterkommissie die probleme van die dorp weens die gebrek aan voldoende water skriftelik aan hom uiteengesit. Hierdie skrywe het Wilson eenvoudig geïgnoreer met die gevolg dat die waterkommissie besluit het om 'n driemanafvaardiging na die regering te stuur. Adriaan Röscher, J.J. Botes en M.C. de Beer


---

(100) S.S. 1417, R4090/87, S.P.R. 1052/96: M.E. Gey/C.F. Rorke, 4/6/1896. Vgl. pp. 111 en 113.

(101) S.S. 1417, R2953/96: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 19/2/1896.

(102) S.S. 1417, R2953/96: 'n Serwituut is geregistreer op die transportakte van R.C. Wilson, klousule B, getransporteerd onder nr. 1886/789, boek A, 8 Julie 1884, p. 22.


# DIE VENTERSDORP WATERVOOR




1) S·S 1417, R 2953/96 WATERKOMMISSIE

VENTERSDORP SE BEPLANDE NUWE WATERVOOR, A· RÖSHER / UITVOERENDE RAAD, 19/2/1896, p·87

# DIE VENTERSDORP WATERVOOR




2) S·S 958, p·110 : DIE BEPLANDE NUWE WATERVOOR VIR VENTERSDORP·

sou dit onder die regering se aandag moes bring dat Wilson sy bevoegdhede oorskry en hiermee die waterposisie van Ventersdorp in die gedrang bring. Röscher was van mening dat die bestaande watervoor wat oor Wilson se grond loop in 'n rotsagtige deel en heeltemal te vlak uitgegrawe was. Die gevolg was dat water wat oor die walle van die voor loop op die omliggende grond vir die dorp verlore geraak het. Die oplossing sou wees om die onpraktiese ligging van die voor in verhouding met die spruit te verander deur 'n nuwe watervoor ongeveer 2 kilometer vanaf Ventersdorp uit te grawe.(103)

Veldkornet Visser het hierdie standpunt van die waterkommissie ondersteun en die regering versoek om die afvaardiging te woord te staan ten einde hulle idees oor 'n nuwe watervoor aan te hoor. 'n Nuwe watervoor sou vir die regering ook voordele inhou aangesien die regeringswerwe dan nader aan die watervoor geleë sou wees.(104) Hierdie onderhoud het egter nie gerealiseer nie, aangesien die regering besluit het om met die eienaar van die gedeelte van Roodepoort nr. 22 waarop die watervoor gebou was, W.P. Taylor, te onderhandel. Aangesien Taylor in Engeland woonagtig was, het S. Wierda as hoof van publiekewerke met Rose-Innes, Taylor se prokureur, onderhandel. Rose-Innes was heeltemal bereid om met die regering te onderhandel oor sy kliënt se waterreg op die hoofwatervoor van Ventersdorp, maar het volstaan met die standpunt dat Ventersdorp geen reg het om water uit te lei op die plaas Roodepoort of Wilson se grond nie. Volgens hom het Taylor aan geen inwoner langs die Schoonspruit 'n serwituut verleen om water vanuit die hoofwatervoor te onttrek nie.(105) Die waterregbeginsel wat Rose-

---

(103) S.S. 1417, R2953/96: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 19/2/1896.

(104) S.S. 1417, R2953/96, S.P.R. 2484/96: H.C. Visser/ Uitvoerende Raad, 10/3/1896.

(105) S.S. 1417, R2953/96, V.R.R./96: Rose-Innes/S. Wierda, 19/3/1896.

Innes in hierdie verband beklemtoon het, was naamlik dat 'n eienaar op wie se plaas 'n fontein ontspring en wat toelaat dat hierdie water na laerliggende plase vloei, nie hierdeur 'n serwituut aan die laerliggende inwoners verskaf nie. 'n Waterstroom kon dus 'n publieke stroom wees tussen twee laerliggende plase en niè 'n publieke stroom tussen die plaas waarop die waterbron ontspring en die buurplaas nie.(106)

Die regering wou eers soveel moontlik inligting versamel rondom die watervoorkwessie voordat 'n beleidstandpunt ingeneem word. Dit was egter reeds duidelik dat die regering geen houvas op Taylor gehad het nie, aangesien daar geen serwituut op sy grond geregistreer was nie. Vrederegter Gey het reeds 'n beraamde waardasie van Taylor se grond gemaak van tussen 4000 en 5000 pond, indien die regering op 'n kooptransaksie sou besluit.(107)

Landdros Tom moes egter die verkoopprys van Taylor se grond vasstel en indien hy nie belang sou stel in 'n verkooptransaksie van die grond met die regering nie sou oorweging geskenk moes word om die waterreg op sy grond aan te koop.(108) Die prokureursfirma Hudson en Hutchinson het in September 1896 die besluit van Taylor bekendgemaak dat hy bereid was om die plaas Roodepoort en sy reg op Wilson se grond te verkoop of te verhuur aan die regering.(109)

---

(106) H. Juta, Waterrights under the Common Law and the Irrigation Act, nr. 32 of 1906, p. 64.

(107) S.S. 1417, R4090/87, S.P.R. 1052/96: C.F. Rorke/M.E. Gey, 4/6/1896.

(108) S.S. 1417, R4090/87: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., T. Krogh/D. Tom, 25/6/1896.

(109) S.S. 1417, R7422/97: Kennisgewing Hudson en Hutchinson/Regering Z.A.R., 10/9/1896.

In sy verslae aan die regering rakende die waterprobleme van Ventersdorp het landdros Tom hoofsaaklik die advies van vrederegter Gey[110] en veldkornet Visser[111] gevolg. Die gevoel moes by Adriaan Röscher en die waterkommissie ontstaan het dat hulle dalk 'n minder belangrike rol in die oë van landdros Tom vervul het. Die toenemende klagtes oor die waterkommissie[112] kon landdros Tom onder die indruk gebring het dat hierdie amptelike plaaslike regeringsliggaam nie meer die steun van die inwoners geniet het nie.

Die regering se ignorering van die versoek en aanbevelings van die waterkommissie in Februarie 1896 om 'n nuwe watervoor aan te lê,[113] moes Adriaan Röscher tot die gevolgtrekking gebring het dat die waterkommissie se rol in Ventersdorp uitgedien was. Om hierdie rede het Röscher die waterkommissie op 26 April 1897 byeengebring met die versoek dat die kommissie moes ontbind. Die algemene gevoel onder die lede was dat die funksies van die waterkommissie net so effektief deur die waterfiskaal hanteer kon word.[114]

Met 'n openbare vergadering op 30 April 1897 word die inwoners volledig ingelig oor die besluite en beplande bedanking van die waterkommissie.[115] Die waterkommissie het tot die gevolg-

---

(110) S.S. 1417, R2665/95, S.P.R. 5922/96: M.E. Gey/D. Tom, 23/3/1895 en D. Tom/M.E. Gey, 10/4/1895.

(111) S.S. 1417, R2665/95, S.P.R. 5922/96: H.C. Visser/D. Tom, 13/4/1895.

(112) S.S. 1417, R2665/95, S.P.R. 5992/96: J.P.A. Engelbrecht/Uitvoerende Raad, 8/3/1895; M.E. Gey/D. Tom, 23/3/1895; Vgl. ook H.C. Visser/D. Tom, 13/4/1895 en S.S. 1417, R8376/95: J.P.A. Engelbrecht/Uitvoerende Raad, 16/8/1895.

(113) S.S. 1417, R7422/97: D. Tom/T. Krogh, 20/7/1896.

(114) S.S. 1417, R7422/97: Waterkommissievergadering, bylae A, 26/4/1897.

(115) S.S. 1417, R7422/97: Notule openbare vergadering Ventersdorp, 30/4/1897, voorlegging bylae B, Waterkommissievergadering, 26/4/1897.

trekking gekom dat die dorpstatus wat Ventersdorp in 1888 ontvang het in werklikheid die beëindiging van die jurisdiksie van die waterkommissie impliseer. Alhoewel die waterkommissie 'n rol as dorpsraad vervul het, het die kommissie geen bevoegdhede van 'n dorpsraad ooreenkomstig die regulasies vir dorpe in die Suid-Afrikaanse Republiek van 1896 nie. Die ontoereikende waterregulasies van Ventersdorp het die taak van die kommissie verder bemoeilik aangesien hierdie regulasies aanvanklik beplan was om aan die plase van die omgewing se besproeiingsbehoeftes te voldoen. Wanneer nuwe watervore buite die dorp uitgegrawe word, val hierdie watervore dus buite die juridiese bevoegdhede van die Ventersdorpse waterregulasies[116] en was die waterkommissie magteloos om daarteen op te tree.

Vir Röscher het die logiese oplossing daarin gelê dat die Uitvoerende Raad die benaming waterkommissie in die Ventersdorpse waterregulasies moet vervang met dorpsbestuur. Die waterkommissie sou egter sy verpligtinge nakom totdat 'n dorpsbestuur deur die inwoners aangewys word. Die inwoners was verdeeld oor die gedagte dat die waterfiskaal die funksies van die waterkommissie moes oorneem. Die inwoners wat in 'n groot mate vertroud was met die funksionering van die waterkommissie as plaaslike bestuur was bevrees dat hulle met die ontbinding van die waterkommissie seggenskap in hulle eie plaaslike aangeleenthede sou verloor.[117] Alhoewel die waterkommissie nie op hierdie stadium enige verdere stappe geneem het om sy bedanking met die regering af te handel nie, was die inwoners se vrees dat hulle beheer oor eie sake sou verloor met die instelling van 'n dorpsbestuur, ongegrond. Volgens die grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek kon dorpsbesture op versoek

---

(116) S.S. 1417, R7422/97 en R6769/97: bylae C, Waterkommissievergadering, 26/4/1897.

(117) S.S. 1417, R7422/97: Notule openbare vergadering Ventersdorp, 30/4/1897.

van die plaaslike inwoners tot stand gebring word. 'n Burgemeester sou aan die hoof van 'n dorpsbestuur staan wat saam met 'n raad van 6 - 8 lede deur die inwoners verkies sou word. In dorpe waar geen dorpsbestuur funksioneer nie, sou die dorp onder die beheer en toesig van 'n landdros staan wat kontrole sou uitoefen oor die aktiwiteite van plaaslike amptenare.(118) Indien Ventersdorp dus sou oorgaan tot die verkiesing van 'n dorpsbestuur, sou hulle geen seggenskap in plaaslike sake verloor nie, maar verder 'n beter geordende plaaslike bestuursinstelling daarstel. Die "Regulaties voor de Dorpen in de Zuid-Afrikaansche Republiek" van 1896 sou verder die waterbeheer van die dorp op 'n hegter grondslag plaas aangesien die waterregulasies van Ventersdorp(119) nie voorsiening maak vir gesondheidsregulasies vir die dorp nie.

Die watervoorkwessie het ondertussen gesloer en byna 'n jaar nadat Rose-Innes namens Taylor sy bereidwilligheid verklaar het om met die regering te onderhandel, gee hy in September 1897 'n uiteensetting aan die mynkommissaris van Johannesburg rakende 'n moontlike kooptransaksie. W.P. Taylor was bereid om die volgende gronde aan die Suid-Afrikaanse Republiek te verkoop:

1. Taylor se deel van die plaas Roodepoort nr. 22 en die westelike gedeelte van R.C. Wilson se grond wat aan hom behoort het;

2. die plaas wat aan Roodepoort nr. 22 gegrens het: Ventersdraai nr. 28;

---

(118) J.A. Schagen van Leeuwen: De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1896, "De Grondwet der Z.A.R.," Wet nr. 2 van 1896, art. 164, 167, 173, pp. 57 - 58.

(119) J.A. Schagen van Leeuwen: De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1896. "Regulaties voor de Dorpen in de Z.A.R." pp. 303 - 304. Vgl. pp. 101 - 102.

3. die plaas Waterzoek nr. 29 en 'n gedeelte van die grond van Oog van Schoonspruit nr. 575.(120)

Hierdie gronde wat 'n oppervlakte van tussen 10,000 - 11,000 morg beslaan het, word vir 'n bedrag van 40,000 pond aan die regering te koop aangebied. Rose-Innes wat deeglik bewus was van die waarde van die hoofwatervoor vir die inwoners van Ventersdorp moedig die regering aan dat hierdie kooptransaksie slegs tot voordeel van die inwoners en die ontwikkeling van Ventersdorp sou strek.(121)

Vir eerste staatsklerk Krogh was hierdie bedrag absoluut buitensporig - veral as vrederegter Gey se aanbeveling van tussen 4,000 en 5,000 pond in aanmerking geneem word.(122) Krogh het dadelik verklaar dat die regering nie belang stel om die gronde aan te koop nie, maar slegs om besitreg op die waterregte te bekom.(123)

Rose-Innes was egter nie bereid om verder met die regering te onderhandel tensy daar nie 'n besliste aanbod van die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek se kant af sou kom nie.(124) Die rigting wat Krogh in hierdie onderhandelings ingeslaan het, het plaasgevind sonder dat die Uitvoerende Raad daarin geken is. Hy het begin bekommerd raak dat die regering dalk Rose-Innes se aanbod wou oorweeg en besluit dus om eers hierdie saak aan die Uitvoerende Raad voor te lê voordat 'n finale antwoord aan Rose-Innes gegee sou word.(125)

---

(120) S.S. 1417, R13659/97: Rose-Innes/J.C. van der Merwe, 22/9/1897 en dieselfde voorstelle deur J.B. Gray, vgl. S.S. 1417, R10196/98: J.B. Gray/Uitvoerende Raad, 11/8/1898.

(121) S.S. 1417, R13659/97: Rose-Innes/J.C. van der Merwe, 22/9/1897.

(122) S.S. 1417, R6769/97, M.R. 76/97: M.E. Gey/T. Krogh, 14/5/1897.

(123) S.S. 1417, R4090/87: T. Krogh/Rose-Innes, 14/10/1897.

(124) S.S. 1417, R4090/87: Rose-Innes/T. Krogh, 21/10/1897.

(125) S.S. 1417, R4090/87: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., T. Krogh, 5/11/1897.

Rose-Innes het besef dat, indien hy groter druk op die Ventersdorpinwoners sou uitoefen, die regering dalk hieronder kon swig en die gronde van Taylor aankoop waarvoor hy 'n kommissie van Taylor sou ontvang. Daarom rig hy in Oktober 1897 'n skrywe aan die waterkommissie waarin hy onomwonde verklaar dat Ventersdorp geen waterregte op die gronde van sy kliënt het nie. Hy was bereid om 'n tydelike ooreenkoms met die inwoners aan te gaan totdat Taylor wat in Engeland woonagtig was, dit bekragtig het. Vir die gebruik van water uit die hoofwatervoor moes die inwoners 'n maandelikse heffing van 100 pond byeenbring.(126)

Die inwoners van Ventersdorp moes vinnig na alternatiewe oplossings begin soek en vrederegter Gey bring 'n nuwe moontlikheid na vore en beveel by landdros Tom aan dat laer af op die grond van R.C. Wilson 'n nuwe watervoor aangelê kon word.(127) Vir landdros Tom was hierdie nuwe oplossing onaanvaarbaar aangesien al sy aanbevelings aan die regering gesentreer het rondom die aankoop van Taylor se gronde as enigste oplossing van hierdie probleem. Tom besoek Ventersdorp op 29 November 1897(128) en oortuig Gey dat, ter wille van die gesondheidstoestand van die gebied, die aankoop van Taylor se gronde 'n absolute noodsaaklikheid was.(129)

---

(126) S.S. 1417, R15438/97: Rose-Innes/Waterkommissie, 28/10/1897.

(127) S.S. 1417, R15438/97: M.E. Gey/D. Tom, 1/11/1897. Die waterkommissie het reeds in 1896 dieselfde voorstel aan die Uitvoerende Raad gemaak wat geen aandag van die regering ontvang het nie. Vgl. S.S. 1417, R2953/96: A. Röscher/Uitvoerende Raad, 12/2/1896.

(128) S.S. 1417, R15438/97: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., verslag van besoek landdros Tom aan Ventersdorp, 29/11/1897.

(129) S.S. 1417, R15328/97: M.E. Gey/D. Tom, 2/12/1897.

Na aanleiding van sy besoek aan Ventersdorp dui landdros Tom in sy verslag aan die regering aan dat hy slegs twee oplossings vind vir die waterprobleme van Ventersdorp. Die een het gelê in die aankoop van Taylor se grond terwyl die oprigting van 'n windpomp 'n bydrae kon lewer om water uit die hoofvoor na die dorp te kanaliseer. Hy deel ook die standpunt van die inwoners dat Taylor se grondprys heeltemal buitensporig is. Vir landdros Tom het die aankoop van Taylor se grond die verdere moontlikheid ingehou, na aanleiding van vertroulike inligting waaroor hy beskik het, dat steenkool op een van Taylor se stukke grond aanwesig was. In hierdie verband sou die aankoop van die grond vir Ventersdorp én die Suid-Afrikaanse Republiek dus onbeperkte moontlikhede ingehou het.(130)

Op 13 Desember 1897 stuur James B. Gray, die nuwe regsverteenwoordiger van Taylor, 'n telegram aan Adriaan Röscher waarin die waterkommissie in kennis gestel word dat die hoofwatervoor se water vir Ventersdorp afgekeer gaan word. Röscher het besef dat Ventersdorp 'n krisis in die gesig staar en stuur dadelik hierdie telegram aan W.J. Leyds om dit onder die regering se aandag te bring.(131) Gray het dus ook dieselfde metode as Rose-Innes(132) gevolg om groter druk op Ventersdorp en sodoende die regering te plaas om die Taylor-grond aan te koop.

Eerste staatsklerk Krogh het onmiddellik opdrag gegee aan landdros Tom dat die ou dam van Ventersdorp wat buite die grense van Taylor se gronde geval het, as noodmaatreël dadelik herstel moes word.(133) Vir byna agt maande moes die inwoners

---

(130) S.S. 1417, R4090/87: D. Tom/T. Krogh, 2/12/1897.

(131) S.S. 1417, R1964/98: J.B. Gray/A. Röscher, 13/12/1897 en A. Röscher/W.J. Leyds, 13/12/1897.

(132) S.S. 1417, R15438/97: Rose-Innes/Waterkommissie, 28/10/1897.

(133) S.S. 1417, R17225/97: T. Krogh/D. Tom, 14/12/1897.

met hierdie noodmaatreël tevrede wees om met die minimum hoeveelheid drinkwater tot hulle beskikking klaar te kom. 'n Inwoner van die dorp, C.A. Weber, kom egter met 'n verrassende nuwe gedagte na vore in 'n memorie in Augustus 1898 aan die regering. Die doeltreffendheid van 'n nuwe watervoor word ernstig betwyfel aangesien 'n nuwe watervoor nie hoog genoeg aangelê kon word om die vloei van die water te verbeter nie. Die bestaande watervoor kon eerder effektief en doelmatig na die dorp herlei word. Weber maak die bewering dat die aankoop van Taylor se gronde slegs tot voordeel van private grondspekulateurs sal wees aangesien laasgenoemde groep groot winsmoontlikhede hierin sien.(134)

Die Webermemorie het geensins die goedkeuring van al die inwoners weggedra nie, aangesien Adriaan Röscher se seun, A.S. Röscher, ernstig by die Uitvoerende Raad beswaar maak teen hierdie memorie wat deur grondeienaars sonder enige waterregte opgestel was. Volgens Röscher het Weber die ondertekenaars van die memorie blykbaar onder die indruk gebring dat hierdie memorie die saak van die verklaring van Ventersdorp as distrik van Potchefstroom sou verstewig.(135)

Op 11 Augustus 1898 herhaal J.B. Gray die aanbod van Taylor aan die Uitvoerende Raad dat hy steeds bereid was om sy gronde aan die regering te verkoop.(136) Gray moes op hierdie stadium besef het dat die uitgerekte onderhandelings moontlik nuwe alternatiewe na vore kan bring wat hierdie transaksie deur die mat kon laat val.

---

(134) S.S. 1417, R9977/98: C.A. Weber/Staatsekretaris, 5/8/1898.

(135) S.S. 1417, R10102/98: A.S. Röscher/D. Tom en Uitvoerende Raad, 8/8/1898.

(136) S.S. 1417, R10196/98: J.B. Gray/Uitvoerende Raad, 11/8/1898.

Selfs die regering was in die war of hulle die Taylor-gronde moes aankoop of nie. Die registrateur van aktes, J.C. Minnaar, gee egter op 19 Augustus duidelike riglyne aan die regering wat hulle besluitneming in 'n groot mate beïnvloed het. Hy was oortuig dat Taylor se agente die regering in 'n hoek gedryf het om 'n buitensporige prys vir hierdie grond te betaal. Minnaar het alle moontlikhede ondersoek om die regering se posisie te beredder en selfs die raad van B.H. Swart van Klerksdorp hieroor gevra. B.H. Swart se bewering dat die regering die hoofwatervoor eenvoudig kon oorneem weens die feit dat dit langer as 'n derde eeu in gebruik was, het geen substansie bevat nie aangesien geen beëdigde verklarings van inwoners in hierdie verband verkry kon word nie.(137)

B.H. Swart het egter ook misgetas aangesien die eienaar van 'n fontein wat toegelaat het dat die water deur die laerliggende inwoners benut word vir 'n tydperk van 30 jaar nie 'n serwituut aan hierdie inwoners verskaf nie. Die enigste afleiding wat van 'n 30-jaartermyn gemaak kon word, is naamlik of die stroom wel 'n publieke stroom is of nie. 'n Waterstroom kan as 'n publieke stroom beskou word tussen twee laerliggende plase, maar word as 'n nie-publieke stroom beskou tussen die eienaar van die fontein en die laerliggende inwoners.(138)

Die regering het dus besef dat hulle, wetties gesproke, geen houvas op Taylor se gronde gehad het nie, maar dat die bedrag van 40,000 pond ook vir hulle onaanvaarbaar was. Op 20 Augustus 1898 word die Webermemorie deur die Uitvoerende Raad behandel en 'n besluit word geneem dat die regering geen wysiging aan die bestaande watervoor gaan oorweeg nie en verder nie van Taylor se aanbod gebruik sal maak nie.(139) J.P.A. En-

---

(137) S.S. 1417, R.K. 1759/98: J.C. Minnaar/Staatsekretaris, 19/8/1898.

(138) H. Juta, Waterrights under the Common Law and the Irrigation Act, nr. 32 of 1906, pp. 64 en 68.

(139) S.S. 1417, R3039/98: F.W. Reitz/C.A. Weber, 20/8/1898.

gelbrecht wat al 'n bekende korrespondent met die regering was, kla steeds in September 1898 dat hy 'n gebrek aan water op sy grond in Ventersdorp ondervind. Hy skryf hierdie toestand waar die dorp se watervoorraad uiters beperk was, uitsluitlik toe aan die gebrekkige funksionering van die waterkommissie.(140) Dat die regering se geduld met Engelbrecht oor sy aanhoudende klagtes opgeraak het, blyk uit 'n skrywe van F.W. Reitz in Oktober 1898 waarin hy Engelbrecht daarop wys dat die regering sy klagtes deeglik ondersoek het en tot die gevolgtrekking gekom het dat sy klagtes ongegrond was.(141) Op 4 Februarie 1899 besluit die waterkommissie op 'n buitengewone vergadering om uitvoering te gee aan 'n besluit van 1897(142) om hulle bedanking onmiddellik van krag te maak.(143)

Vrederegter Gey wou die gevoel van die inwoners toets met 'n openbare vergadering op 14 Februarie oor die voortbestaan van die waterkommissie in Ventersdorp. Reeds met die aanvang van die vergadering het Röscher aan die inwoners bekendgemaak dat die waterkommissie al op 4 Februarie amptelik opgehou het om in die dorp te funksioneer. Röscher het aanbeveel dat die regering die waterregulasies van Ventersdorp moes herroep en die dorp reorganiseer ooreenkomstig die Regulasies van Dorpe in die Suid-Afrikaanse Republiek van 1896.(144)

---

(140) S.S. 1417, R11615/97: J.P.A. Engelbrecht/Staatsekretaris, 8/9/1898.

(141) S.S. 1417, R4090/87: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., F.W. Reitz/J.P.A. Engelbrecht, 12/10/1898.

(142) S.S. 1417, R7422/97, Waterkommissievergadering, bylae C, 26/4/1897.

(143) S.S. 1417, R2294/99: Notule buitengewone vergadering waterkommissie, 4/2/1899.

(144) S.S. 1417, R4090/87, R15111/98: Notule openbare vergadering Ventersdorp, 14/2/1899.

Die besluit van die regering om nie 'n nuwe watervoor te bou nie, impliseer dus dat die bestaande voor herstel moes word. Hierteen het die inwoners onomwonde hulle ontevredenheid te kenne gegee, omdat hierdie taak slegs aan hulle opgedra was. Hulle was bereid tot hulpverlening mits die regering bandiete en 150 pond beskikbaar sou stel vir hierdie skoonmaakaksie.(145) Hierdie oplossing het vir die regering die minste finansiële uitgawes beteken en kon op die lange duur dalk die mees permanente oplossing bied.

Ook die regering het hierdie gedagte om die bestaande watervoor te herstel as die mees aanvaarbare oplossing beskou en op 28 Julie 1899 keur die Ouditeur-Generaal 'n bedrag van 150 pond en die verskaffing van bandiete aan Ventersdorp goed om die skoonmaakaksie van die hoofwatervoor af te handel.(146)

Met die ontbinding van die waterkommissie in 1899 word 'n tydperk in die plaaslike geskiedenis onder leiding van Adriaan Röscher afgesluit. Die waterkommissie se poging as plaaslike bestuur om 'n skakelingspatroon tussen die vrederegter, veldkornet, hoofwaterfiskaal van die Schoonspruit en die plaaslike waterfiskaal te bewerkstellig, het uiteindelik nie geslaag nie. Onderlinge persoonlike vetes tussen hierdie amptenare het bygedra tot die vertraging van bevredigende oplossings van die waterprobleme in die gebied.

Dat geen suksesvolle kompromie tussen die inwoners en die waterkommissie bereik kon word nie, kan toegeskryf word aan eise van individue wat belangriker as die algemene saak van

---

(145) S.S. 1417, R4090/87: M.E. Gey/D. Tom, 22/4/1899.

(146) S.S. 1417, A.K.R./3302/99: Goedkeuring Ouditeur-Generaal J.S. Marais, 28/7/1899. Geen stawende dokumentasie kon opgespoor word om te bepaal of hierdie skoonmaakaksie voor die Tweede Vryheidsoorlog bevredigend afgehandel is nie.

Ventersdorp geword het. Dat J.P.A. Engelbrecht meer belang in die oplossing van sy eie probleme gehad het, kom na vore in die talle memories uit sy pen wat die regering bereik het.(147)

Maar om hierdie eksperimentele poging in die plaaslike bestuur van water as onbeduidend te verwerp, sou teenstrydig wees met 'n objektiewe beskouing oor die groeiproses wat die plaaslike inwoners van Ventersdorp ondergaan het.

Vir Ventersdorp het die waterkommissie 'n besondere rol vervul as 'n eie verkose plaaslike bestuur wat die inwoners se waterbelange moes hanteer. Alhoewel die meetbare suksesse van die waterkommissie beperk was, bly die plaaslike demokratiese instelling steeds die norm by die ordening van plaaslike aangeleenthede soos toe die Ventersdorpinwoners in 1897 hulle kommer uitgespreek het dat hulle beheer oor hulle plaaslike sake sou verloor met die ontbinding van die waterkommissie.(148)

Die Ventersdorpinwoners het met die watervoorprobleem tot die besef gekom dat W.P. Taylor as uitlander wat in Engeland woonagtig was, deur middel van sy agente alles in sy vermoë gedoen het om sy gronde teen die hoogste moontlike prys aan die regering te verkoop. In hierdie proses is selfs ongeregverdigde druk op die inwoners toegepas deur die waterbron van die dorp af te sluit ten einde sy doelwit te bereik. Dat hierdie optrede van W.P. Taylor en sy agente die anti-Britse gevoel in Ventersdorp op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog verstewig het, is vanselfsprekend.

---

(147) S.S. 1417, R11615/97: J.P.A. Engelbrecht/Staatsekretaris, 8/9/1898.

(148) S.S. 1417, R7422/97: Waterkommissievergadering, bylae C, 26/4/1897.

# HOOFSTUK 5

# INTERNE WATERPROBLEME, WATERREëLINGS EN VERDELINGS IN KLERKSDORP

## 5.1 Klerksdorp verkry dorpstatus

Klerksdorp, as 'n vroeë Voortrekkervestigingspunt in die Transvaal, het 'n besondere stadige ontwikkeling getoon. Sedert 1839 het Klerksdorp die voorkoms van 'n tipiese landbouedersetting gehad wat langs die Schoonspruit ontwikkel het. Terwyl die Schoonspruit die middelpunt van die bestaan van hierdie nedersetting gevorm het, het geen grootskaalse akkerbou- of veeteeltaktiwiteite hier plaasgevind nie.

Klerksdorp het na 1853 opvallender in amptelike dokumentasie na vore gekom slegs "wanneer die inwoners met mekaar oor waterregte oorhoops geraak het."(1) Die eerste werklike tekens van 'n geordende ekonomiese infra-struktuur in Klerksdorp het in 1865 plaasgevind toe James Taylor 'n handelsonderneming in die dorp begin het. Nadat Taylor in 1871 'n vennootskap met Thomas Leask getree het, word hierdie onderneming die middelpunt van die handel en 'n versamelpunt van jagters vanuit Matebeleland en Masjonaland. Francois Coillard 'n sendeling wat in 1879 'n besoek hier afgelê het, het Klerksdorp beskou as "a wretched hamlet stretching along the river for two or three miles." Klerksdorp se groei was beperk tot enkele huise met "Taylor en Leask" as die poskantoor en handelsentrum van die dorp.(2)

---

(1) A.N. Pelzer, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel I, p. 140.

(2) J.G. Orford, "A street called Boom - some glimpses of pioneer Klerksdorp", in Contree, nr. 2, Julie 1977, p. 14.

Waar die landdros van Potchefstroom, wyksveldkornet en kommandant voor 1880 wet en orde in die gebied moes handhaaf,[3] kry Klerksdorp in 1881 nog 'n regeringsamptenaar in die persoon van George Siddle as vrederegter. Teen 1885 was Klerksdorp steeds 'n landboudorp met transportry as een van die vernaamste verdienstes van die inwoners. Die houtbosse langs die Schoonspruit het 'n aanloklike bedryf geword daar die hout op die diamantdelwerye van Kimberley vir tot 60 pond per vrag verkoop kon word. Hierdie nuwe bedryf het meegebring dat die akkerbou min ontwikkeling getoon het, aangesien talle boere hulle tot die transportrybedryf begeef het.[4]

Na meer as veertig jaar het die goue era van Klerksdorp in 1886 aangebreek met die bekendmaking van A.P.J. Roos, kleinseun van een van die oorspronklike nedersetters, dat goud in die omgewing van die Klerksdorpgrond ontdek is.[5] Die gerugte van hierdie goudvondste het dadelik sy invloed op die landbounedersetting gehad. Nadat die eerste publieke delwery op die plaas Rietkuil nr. 626 op 11 Julie 1887 geproklameer is, het 'n groot stormloop van fortuinsoekers na die dorp plaasgevind.[6] Die voordeel wat hierdie toestroming van tydelike inwoners vir Klerksdorp ingehou het, lê daarin dat die plaaslike leiers noodwendig vir hierdie instroming voorsiening moes maak. Dit het daartoe gelei dat aspekte soos dorpsbeplanning, watervoorsiening en gesondheidsdienste in hierdie proses dringend aandag moes kry.

Die ontdekking van goud het die besitreg op en eienaarskap van die dorpsgronde skielik die fokuspunt van die inwoners

---

(3) Kyk hoofstuk 2, voetnoot 21, p. 24.

(4) A. Brown, Golden Heritage, p. 20.

(5) S.S. 1385, R261/87, V.R.R. 913/87: A.P.J. Roos/Paul Kruger, 23/8/1886.

(6) A. Brown, Golden Heritage, p. 182.

gemaak. Die styging in grondpryse van erwe van vyf-sjielings tot selfs eenhonderd pond het hierdie dokumentasie uiteraard in belangrikheid laat toeneem.(7)

Die inwoners van Klerksdorp was op daardie stadium òok onbewus van die regering se voorneme om die hele gebied as regeringsgrond verklaar te kry met die oog op grootskaalse mynbouontwikkeling. As teenmaatreël teen die grondeise van die inwoners kondig die regering in 1886 aan dat 'n nuwe dorp buite Klerksdorp tot stand gaan kom, naamlik Schoemansrust op die plaas Witpoort. Die regering was oortuig dat geen goudneerslae in hierdie gebied aanwesig was nie en dit dus ideaal was vir die hervestiging van die Klerksdorpinwoners. Ten spyte van proteste van die plaaslike inwoners het die regering voortgegaan met die registrasie van hierdie nuwe dorp en 1,000 erwe te koop aangebied. Met hierdie beplande dorpstigting het die regering geensins die basiese beginsel van watervoorsiening vir die dorp in aanmerking geneem nie.(8)

B.H. Swart en J.J. Roos het besef dat 'n groter ordening van bestaande dorpsgrond noodsaaklik was en het reeds in 1886 die regering versoek dat 'n landmeter dié grond as 'n dorp moes uitmeet. Teen die begin van 1887 het landmeter Perrson 66 blokke uitgemeet as die nuwe dorp van Klerksdorp en kort hierna is die 800 erwe met 'n openbare veiling vir 28,000 pond verkoop.(9) Hierdie nuwe erwe het die toenemende bevolkingsdigtheid van Oudorp verlig en die nuwe intrekkers het hulle in hierdie woongebied begin vestig. Op 11 Julie 1887 rig Swart en Roos 'n versoek tot die Uitvoerende Raad dat Klerksdorp as 'n dorp verklaar moet word met die voorbehoud dat die bestaande eienaars hulle regte op water en weiding en pros-

---

(7) A. Brown, Golden Heritage, p. 182.

(8) A. Brown, Golden Heritage, p. 22. Die beplande dorpstigting by Witpoort het nooit gerealiseer nie en word in 1905 deur die regering van die Transvaalkolonie as onprakties en onuitvoerbaar beskou.

(9) A. Brown, Golden Heritage, p. 23.

pekteringsregte op hulle gronde sou behou. Verder moes die regering grond beskikbaar stel vir die oprigting van 'n kerk en die beplanning van 'n plein vir die dorp.(10)

Die regering het op 13 Julie 1887 met Swart en Roos as verteenwoordigers van die Klerksdorpse grondeienaars 'n ooreenkoms bekragtig waarvolgens Klerksdorp as 'n dorp verklaar word.(11) Saam met twee stukke geïnspekteerde staatsgrond van 11,000 morg word 'n gedeelte van Elandsheuwel en 'n deel van die grond van weduwee Britz(12) as die Klerksdorpse dorpsgrond verklaar. Die regering het aan homself die reg toegeëin om grond aangrensend aan die dorp as publieke delwerye te verklaar of as plase uit te gee, indien geen edelmetale in hierdie omgewing gevind sou word nie.(13) Die Klerksdorpse dorpsgrond word op 7 Julie 1888 as publieke delwerye verklaar en kort hierna vind die eerste openbare loting plaas van kleims op Palmietfontein in die buitewyke van die dorp.(14) Verskeie mynmaatskappye het teen 1888 met optimistiese entoesias-

---

(10) S.S. 1289, R3005/87 by R5131/86 in R4494/87: B.H. Swart en J.J. Roos/Uitvoerende Raad, 11/7/1887.

(11) S.S. 1289, R5131/86: Staatsprokureur/Registrateur van Aktes, 13/7/1887. Goedgekeur ooreenkomstig Volksraadsbesluit, art. 1092, 14/7/1887. Die amptelike proklamering as dorp vind plaas op 12/9/1888. Vgl. R. Marx, Memorandum - Watter is die oudste dorp in Transvaal?, Nov. 1985, p. 3.

(12) S.S. 1385, R5131/86: C. Maré/E. Bok, 13/10/1887. Die Britzfamilie het beweer dat Sophia Britz nooit haar grond aan die Klerksdorpinwoners afgestaan het volgens die Inspeksierapport van 14/12/1850 nie. E. Bok het die Britzfamilie gelyk gegee en bepaal dat geen goudkleims op hierdie grond uitgegee mag word nie; vgl. S.S. 1385, R1495/88: E. Bok/D. Tom, kopie telegram I B fol. 73/88, 20/2/1888. Kyk hoofstuk 2, p. 22.

(13) S.S. 1289, R5131/86: Staatsprokureur/Registrateur van Aktes, 13/7/1887.

(14) A. Brown, Golden Heritage, p. 23.

me met hulle aktiwiteite begin. Die vernaamste myne wat op hierdie stadium met goudontginning begin het, was "Otterfontein Gold Prospecting and Developing Syndicate, Sheba, Worcester Hope, Nooitgedacht, Klerksdorp, Hartbeest Union en Rietfontein Highveldmyn". Die Klerksdorpse Effektebeurs het spoedig te doen gekry met 'n lewendige belangstelling in aandele-transaksies van die onderskeie myne. Die eerste delwerskomitee onder leiding van die mynkommissaris word ook in 1888 in die lewe geroep om die belange van die delwers in Klerksdorp te hanteer.(15)

Binne twee jaar na die ontdekking van die eerste goudvondste het die landelike karakter van Klerksdorp verander en in 'n kosmopolitiese delwersgemeenskap ontwikkel. Weens die gebrekkige ontwikkeling en beplanning van Klerksdorp in die eerste vyftig jaar van sy bestaan, het die dorp nou met bevolkingsgetalle te doen gekry waarvoor hy nie gereed was nie.

## 5.2 Die Klerksdorp-waterskema

Die koms van die goudmynbedryf na Klerksdorp het nie net vir die mynbedryf probleme ingehou nie, maar ook vir die inwoners van die dorp. Die inwoners èn die mynbedryf van Klerksdorp was afhanklik van die Schoonspruit vir hulle voortbestaan. Met die oprigting van stampmeulens langs die spruit is hierdie probleem nog verder vergroot. Die voorsiening van water vir die inwoners en vir die mynbedryf het in hierdie proses in belangrikheid toegeneem.

Teen 1888 het die wisselvallige voorafgaande reënseisoene die watervlak van die Schoonspruit ernstig laat daal - tot groot kommer van die dorpsinwoners en plaaseienaars van die

---

(15) J.G. Orford, "A street called Boom - some glimpses of pioneer Klerksdorp", in Contree, nr 2, Julie 1977, p. 15.

omgewing. Tydens droogtetye het die vloei van die spruit feitlik tot stilstand gekom. Die stilstaande poele het 'n onhigiëniese toestand geskep, aangesien die water onbruikbaar vir huishoudelike doeleindes geword het.(16)

Die onderskeie mynmaatskappye het reeds stampmeulens langs die spruit opgerig en die toenemende vlaag van optimisme oor die toekoms van die goudmynbedryf sou noodwendig aanleiding gee tot die oprigting van meer stampmeulens. Hierdie situasie sou die besoedeling van die spruit verder vererger en 'n groot bedreiging vir die gesondheidstoestand van die dorp inhou. Vrederegter G. Siddle dra hierdie onrusbarende toestand aan die regering oor nadat hy verneem het van die voorneme van 'n mynmaatskappy om by die regering aansoek te doen om 'n konsessie om vars en skoon water aan Klerksdorp te voorsien.(17) Hierdie skrywe van Siddle moes dien as aansporing om die regering te oortuig dat die plaaslike inwoners sodanige projek in Klerksdorp ten volle sou ondersteun.

H.L. Lindsay, L. Emmanuel en J.J. de Beer doen op 3 Julie 1888 formeel aansoek by die regering om 'n konsessie aan die "Anglo Transvaal Land and Gold Company" te verleen om die watervoorsiening van Klerksdorp te beplan. Die aansoekers was oortuig dat, waar die regering na die goudontdekking in Johannesburg probleme met watervoorsiening vir die groeiende bevolking daar ondervind het, die vroegtydige beplanning in Klerksdorp talle van hierdie probleme sou uitskakel. Die wisselvallige watervlak van die Schoonspruit gedurende die droë seisoene noodsaak die beplanning van 'n waterwerk met reservoirs om vir die bevolking voldoende water in droogtetye te voorsien.(18)

---

(16) S.S. 1660, R5622/88: G. Siddle/Uitvoerende Raad, 20/6/1888.

(17) S.S. 1660, R5622/88: G. Siddle/Uitvoerende Raad, 20/6/1888.

(18) S.S. 1661, R5826/88, V.R.R. 386/88: L. Emmanuel, J.J. de Beer en H.L. Lindsay/Uitvoerende Raad, 3/7/1888.

Staatsekretaris W.J. Leyds wat reeds etlike jare vertroud was met die waterprobleme langs die Schoonspruit, was die gedagte om water uit die spruit of die Vaalrivier te onttrek, goedgesind. Aangesien die opset in Klerksdorp geheel en al verskil het van dié in Johannesburg, sou eiesoortige voorwaardes in 'n konsessie vervat moes word met die "Anglo Transvaal Land and Gold Company".(19) Leyds wat reeds besig was om aan 'n konsepkonsessie vir die Volksraad te werk, het veral klem gelê op 'n deeglike ondersoek na die bodemgesteldheid van die omgewing vanwaar water uit die Vaalrivier of spruit onttrek sou word.(20)

Die Volksraad het op 17 Julie 1888 in beginsel die toestaan van 'n konsessie aan die mynmaatskappy goedgekeur totdat 'n formele ooreenkoms met hierdie maatskappy bekragtig sou word.(21)

Die regering het kort hierna, in September 1888 aan Maurice Douthwaite van Potchefstroom, as verteenwoordiger van die maatskappy, 'n konsessie van vyftig jaar verleen vir die voorsiening van drinkwater aan Klerksdorp. Die regering het sy posisie in hierdie konsessie deeglik verskans en kon, indien die maatskappy in gebreke sou bly om doeltreffend water te voorsien of om die ooreenkoms na behore uit te voer, die konsessie eenvoudig laat verval. Douthwaite moes verder 'n bedrag van 1000 pond as waarborg deponeer dat die maatskappy hierdie oreenkoms ten volle sou uitvoer.(22)

---

(19) S.S. 1661, R5625/88, 770/88: W.J. Leyds/E. Bok, 11/7/1888.

(20) S.S. 1661, R5625/88, 770/88, 993/88: W.J. Leyds/E. Bok, 11/7/1888.

(21) S.S. 1661, R6213/88: Aantekeninge Gouvernements kantoor Z.A.R., 17/7/1888.

(22) S.S. 1661: "Overeenkomst, Waterleidingsconcessie", 27/9/1888, p. 108.

Hierdie maatskappy met sy hoofkantoor in Engeland sou bekend staan as die "Klerksdorp Waterworks and Land Company".(23) Die konsessie het bepaal dat die maatskappy water uit die Vaalrivier of spruit sou onttrek om water aan die ou en nuwe dorpsgebiede van Klerksdorp te voorsien.(24) Die plaas Modderfontein nr. 142 van ongeveer 8,000 morg, sou deur die maatskappy gehuur of gekoop word met die oog op die oprigting van die waterwerke.(25) Die maatskappy het hom ook verbind om by te dra tot die plaaslike ontwikkeling deur die skepping van spoorweg- en telefoonfasiliteite vir die dorp ten einde die effektiewe funksionering van die maatskappy te bevorder.(26)

Die snelgroeiende delwersbevolking van Klerksdorp het die regering reeds in 1888 genoodsaak om doeltreffende gesondheidsregulasies vir die dorp op te stel.(27) Hierdie gesondheidsregulasies word in 1889 verder uitgebrei om voorsiening te maak vir 'n gesondheidskomitee(28) wat die bevoegdheid verkry om belastings te hef en strafmaatreëls toe te pas by die

---

(23) S.S. 1661: "Memorandum of Association of the Klerksdorp Waterworks and Land Company Limited, The Companies Acts, 1862 - 1888", 27/9/1888, p. 126.

(24) Klerksdorp Mining Record, 31/8/1889: "Waterschemes".

(25) S.S. 1661: "Memorandum of Association of the Klerksdorp Waterworks and Land Company Limited, The Companies Acts, 1862 - 1888", art. 2, 27/9/1888, p. 127.

(26) S.S. 1661: "Memorandum of Association of the Klerksdorp Waterworks and Land Company Limited, The Companies Acts, 1862 - 1888", art. 6, 27/9/1888, p. 127.

(27) H.A. Ameshoff, De Locale Wetten der Z.A.R., 1888 - 1889, U.R.-besluit, art. 605, 7/11/1888, p. 146.

(28) A. Brown, Golden Heritage, p. 66. Die gesondheidskomitee was die voorloper tot die latere stigting van 'n munisipaliteit in Klerksdorp in 1903 met J.A. Neser as die eerste burgemeester.

oortreding van die gesondheidsregulasies.[29] Die inwoners van Klerksdorp het nou die geleentheid gekry om hulle eie verteenwoordigers in die gesondheidskomitee te verkies om hulle belange in dorpsake te hanteer. Die mynkommissaris en die distriksgeneesheer sou ex-officio lede van die komitee wees.[30]

Die feit dat die mynkommissaris die mynbelange in die gebied hanteer het en as permanente voorsitter van die gesondheidskomitee opgetree het, moes hom noodwendig nouer betrokke maak by die plaaslike bestuursaangeleenthede.[31]

Die mynkommissaris het sedert die ontwikkeling van die mynwese in Suid-Afrika, 'n omvattende taak gehad. Na die ontdekking van diamante in Kimberley het die mynkommissaris die regsbevoegdheid gehad van 'n landdros in alle siviele en kriminele sake op die delwerye. As hooftoesighouer oor die delwerye het hy ook die nodige delwerslisensies aan potensiële delwers uitgereik.[32] Teen 1885 word die pligte van die mynkommissaris verder omskryf en hy verkry onder andere groter bestuursbevoegdhede oor die gesondheidstoestande op die delwerye. Hy moes verder aan delwersgriewe aandag gee en alles in sy vermoë doen om die ontwikkeling van die delwerye te stimuleer en te bevorder. Die uitoefening van die regsbevoegdheid in kriminele en siviele sake het steeds onder sy jurisdiksie geval.[33]

---

(29) H.A. Ameshoff, De Locale Wetten der Z.A.R., 1888 - 1889, p. 146. In 1895 word die gesondheidsregulasies uitgebrei om Oudorp, Elandsheuwel en toekomstige gebiede van uitbreiding onder die gesondheidskomitee se jurisdiksie te plaas. Vgl. hieroor H.J. Coster, De Lokale Wetten en Volksraadsbesluiten der Z.A.R., 1895, p. 310.

(30) H.A. Ameshoff, De Locale Wetten der Z.A.R., 1888 - 1889, pp. 146 - 147.

(31) S.S. 7744, R3448/99: J.A. Neser/Gesondheidskomitee Klerksdorp, 20/12/1898.

(32) J.S. Kotze, Geskiedenis van die Wes-Transvaalse diamantdelwerye, p. 85.

(33) J.S. Kotze, Geskiedenis van die Wes-Transvaalse diamantdelwerye, pp. 85 - 86.

Die delwerskomitee van nege lede het onder die beheer van die mynkommissaris gestaan en hulle moes 'n eed van getrouheid voor die mynkommissaris aflê. Private grondeienaars wie se grond as publieke delwerye verklaar is, het ook sitting op die delwerskomitee verkry. Die mynkommissaris het van tyd tot tyd regulasies saam met die delwerskomitee opgestel met die doel om die belange van die delwersbevolking te bevorder.(34)

Die mynkommissaris kon met die goedkeuring van die regering en in oorleg met die hoof van mynwese regulasies opstel met die oog op die waterverdelings op die delwerye. Geen delwer sou egter eiendomsreg verkry op enige water uit 'n rivier, waterloop of watervoor nie. Die regering kon egter waterregte op regeringsgrond of privaat geproklameerde grond toeken, indien dit in die algemene belang van die bevolking sou wees. Slegs houers van mynpagte en behoorlik ontginde delwerkleims sou geregtig wees op waterregte. Indien 'n delwer aansoek wou doen om waterregte, moes hy dit driemaal in die Staats Courant en eenmaal in die plaaslike koerant laat publiseer.(35)

In Klerksdorp het die mynkommissaris 'n aktiewe rol in die beplanning en ordening van die dorp gespeel. Met die regeringskonsessie aan die "Anglo Transvaal Land and Gold Company" om drinkwater aan die dorp te voorsien, sou die mynkommissaris die aktiwiteite van hierdie maatskappy kontroleer ten einde te verseker dat die regering se belange in dié verband beskerm sou word.(36)

---

(34) H.A. Ameshoff, De Locale Wetten der Z.A.R., 1888 - 1889, pp. 110 - 111.

(35) Notulen van der Tweeden Volksraad der Z.A.R.: "Wet op het Delven van en Handeldrijven in edele metalen en edelgesteenten in die Z.A.R.", 9/6/1897, pp. 696 - 697.

(36) S.S. 1661, R5625/88, B.B. 18/88: W.H. Neethling/Mynkommissaris, 27/9/1888.

Net so dikwels as wat die vloei van die Schoonspruit in droogtetye byna tot stilstand gekom het, so dikwels het die spruit sy walle oorstroom om die deurgang deur die spruit byna onmoontlik te maak en sodoende die handel en mynwese benadeel het.(37) Met die beplanning van 'n brug oor die Schoonspruit het die mynkommissaris, as woordvoerder van die dorp, die regering oortuig van die belangrikheid van die uitvoering van die projek.(38) Hierdie brug wat Oudorp met Klerksdorp verbind het, is eers op 30 April 1893 amptelik deur die inwoners in gebruik geneem.(39)

Die gesondheidskomitee as plaaslike bestuursliggaam het 'n leningsbevoegdheid by die regering gehad om projekte in belang van die algemene welsyn van die dorp aan te pak. In hierdie verband het die mynkommissaris volle insae in die finansiële sake van die gesondheidskomitee gehad en het as amptelike onderhandelaar met die regering opgetree om lenings vir die gesondheidskomitee te bekom.(40) Vanweë die groot bevolkingskonsentrasie in die gebied moes die mynkommissaris waaksaam wees om te voorkom dat aansteeklike siektes onder die delwersbevolking ontstaan of versprei. Hy het dan ook nie geskroom om die nodige maatreëls deur die gesondheidskomitee te neem om te voorkom dat siektes na Klerksdorp versprei sou word nie.(41)

---

(37) Klerksdorp Mining Record, 21/2/1891: "The Bridge".

(38) S.S. 2219, R860/90: G. Siddle/Staatsekretaris, 16/1/1890.

(39) Klerksdorp Mining Record, 1/11/1892: "The Bridge".

(40) Kp. nr. 152: Sekr. Gesondheidskomitee/Mynkommissaris, 10/11/1897, p. 239.

(41) Kp. nr. 152: Sekr. Gesondheidskomitee/Mynkommissaris, 27/5/1898, pp. 427 - 428. Met die uitbreek van pokke in 1898 op die plaas Buffeldoorn ongeveer 15 km. vanaf Klerksdorp, het die mynkommissaris noodmaatreëls ingestel om die verspreiding van hierdie epidemie te voorkom.

F.R. Despard as besturende direkteur van die "Klerksdorp Waterworks" maatskappy het in 1889 na Engeland vertrek om die nodige aanvangskapitaal van 250,000 pond vir die maatskappy te vind.(42) Alhoewel die voorsiening van skoon drinkwater deur die "Klerksdorp Waterworks" veel sou bydra om die gesondheidsposisie van die dorp te verbeter, sou oewereienaars en boere met waterregte nie so geredelik hulle regte aan hierdie maatskappy afstaan nie.

Gedurende droë seisoene het die Schoonspruit ongeveer agt kilometer buite Klerksdorp naby Rietkuil feitlik tot stilstand gekom. Die water vloei dus nie verby die dorp nie, maar dam hier in groot voorrade op vanweë die feitlik waterpasligging van die spruit. Hierdie water was meer as voldoende ook vir die mynbedryf, maar laasgenoemde kon nie hiervan gebruik maak nie vanweë die feit dat die oewereienaars laer af met die spruit oor waterregte vir landboudoeleindes beskik het. In werklikheid kon hierdie boere tydens droë seisoene geensins van die water vir besproeiing of akkerboudoeleindes gebruik nie.(43)

Met die toenemende industriële en mynbedrywighede het hoofregter C.J. Kotze sekere riglyne neergelê om die landbou te beskerm. Eienaars van stampmeulens was verbied om al die water uit die publieke stroom te onttrek en in dié proses die laerliggende oewereienaar te ontneem van sy gelyke regte van besproeiing vir landboudoeleindes. Hierdie waterregbeginsel word gegrondves op die feit dat Suid-Afrika 'n droë en wisselvallige klimaat het en dat besproeiing een van die onvervangbare gebruike van water is en wat voorkeur bo alle industriële gebruike moes kry.(44)

---

(42) Klerksdorp Mining Record, 31/8/1889: "Waterschemes".

(43) Klerksdorp Mining Record, 24/5/1890: "The Waterscheme".

(44) C.G. Hall, The origin and development of waterrights in South Africa, p. 51.

# DIE KLERKSDORP WATERSKEMA

## ANGLO TRANSVAAL LAND & GOUD GEZELSCHAP A.

## KLERKSDORP WATER WERKEN

### ALGEMEENE PLAN

1889

G. Pretorius M. Inst. C.E., F.f.S. de-
London 14/2/89

ROODEPOORT

Schoon Spruit

SUDE STADS-DISTRIKT

NIEUW STADS-DISTRIKT

ELANDSHEUVEL

NOOITGEDACHT

WITKOP

KLERKSDORP

Battery

Hospital

Vergaarbak

15" POMP PIJP

POMP PLAATS

VAAL RIVER

Zon M 43 R.

144 M. 56 R.

182 M. 68 R.

SCHAAL 1" - 200 ROEDEN

PROFIL VAN RIVER NAAR DE VERGAARBAK LANGS POMP-PIJP

Pomp Plaats

Vergaarbak

Vaal River

S.2/90

VERTIKAAL SCHAAL 1" - 40 VOETEN

Vir F.R. Despard as besturende direkteur van die "Klerksdorp Waterworks" was dit reeds vroeg duidelik dat hy die goedgesindheid van die grondeienaars langs die Schoonspruit moes verkry ten einde sy waterskemaprojek suksesvol af te handel. In die lig hiervan nooi hy op 21 Junie 1890 'n groep grondeienaars uit na 'n openbare vergadering op Klerksdorp met die doel om hulle te oortuig dat hulle regte met die waterskema nie benadeel sou word nie, maar dat hulle inderdaad groot voordele hieruit sou kry. Die opberging van water deur middel van reservoirs wat gedurende goeie reënseisoene gedoen kon word, moes vir hierdie grondeienaars aanvaarbaar gewees het, aangesien hulle in droogtetye oor feitlik geen water beskik het nie.(45)

Despard wou 30,000 gallon water per uur uit die spruit pomp wat genoeg water sou voorsien vir 80 stampmeulens van die goudmyne. Indien hierdie water hergebruik kon word, kon hierdie hoeveelheid water 400 stampmeulens bedien. Die maatskappy Howard Farrar het reeds die planne en spesifikasies vir die pompinstallasies opgetrek wat teen 'n koste van 14,000 pond gebou sou word. Die reservoir sou 116,000 gallon water kon stoor om aan Klerksdorp 20,000 gallon water per uur te voorsien. Die inwoners het tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie indrukwekkende projek geensins hulle waterregte sou beïnvloed nie, maar dat dit eerder 'n konstante watervoorsiening vir die gebied beteken het.(46)

Vanaf 1889 tot 1890 het die gebrekkige watervoorsiening vir die goudmynbedryf ernstige afmetings begin aanneem. Die myne was afhanklik van swak gekonstrueerde gronddamme vir die funksionering van hulle reduksiewerke en die beperkte water-

---

(45) Klerksdorp Mining Record, 24/5/1890: "The Waterscheme".

(46) Klerksdorp Mining Record, 24/5/1890: "The Waterscheme".

voorraad het hulle probleme verder vererger. Droogtetye het daartoe bygedra dat talle kleiner maatskappye weens die gebrek aan voldoende water noodwendig hulle bedrywighede moes inkort of staak.(47) Dit was egter gou duidelik dat die hoë-graaderts wat in die Klerksdorpomgewing gemyn is, se lewens-duurte beperk was weens die feit dat die myne steeds dieper moes ontsluit om hulle winsgrense te verhoog. Net soos dit die geval was aan die Witwatersrand het die onkoste van die myne in Klerksdorp hulle winsgrense begin oorskry. Teen 1890 het die plaaslike myne gesamentlik 'n opbrengs van 6790 fyn ons goud geproduseer - wat heeltemal onvoldoende was om myne lewensvatbaar te hou.(48) Teen die einde van 1890 het die meeste myne hulle produksie gestaak met uitsondering van die Buffeldoornmyn.(49)

Die ineenstorting van die goudmynbedryf het noodwendig sy invloed op die ontwikkeling van Klerksdorp gehad. Finansiële instellings het hulle vertroue in die goudmyne begin verloor en hulle kapitaal uit die gebied onttrek. Ook die "Klerksdorp Waterworks" het met ernstige finansiële probleme te doen gekry sodat Despard teen Maart 1891 nog nie daarin kon slaag om voldoende fondse in Europa te bekom om sy maatskappy lewensvatbaar te kry nie. Douthwaite wat besef het dat die konsessie van die regering in 1892 sou verval, het aan die Uitvoerende Raad 'n pleidooi gerig om sy maatskappy nog een jaar grasie te verleen ten einde die nodige fondse in die hande te kry.(50)

Die regering het hulle onverbiddelik aan die konsessie-ooreenkoms van 1888 gehou sodat Despard se prokureurs in Augustus

---

(47) A. Brown, Golden Heritage, p. 188.

(48) C.B. Jeppe, Gold Mining on the Witwatersrand, vol. I, p. 27.

(49) A. Brown, Golden Heritage, p. 42.

(50) S.S. 1661, R5625/88, R3333/91: C.M. Douthwaite/Uitvoerende Raad, 16/3/1891.

# KLERKSDORP 1896

**(S 3/1514 uit R 15716/96)**

Claims

Claims

Claims

OUD-DORP

Main-road

ERVEN - ELANDSHEUVEL

oud-dorp
(ERVEN)

claims (Cartis) Klerksdorp Prop. mines

claims (Cartis) Klerksdorp Prop. mines

Bridge

claims (Cartis) Klerksdorp Prop. mines

SCHOONSPRUIT

claims Cartis
(200)

oud-kerkhof

claims (Cartis) Klerksdorp Prop. mines

Kimberley Road

Cartis (claims) Klerksdorp Prop. mines

ELANDSHEUVEL

street

Square

Klerksdorp

Stands

Pitt

(Locatie)

claims
Klerksdorp Proprietary Mines
(428)

Locatie

ROODEPOORT

street

Begraaf-plaats

claims van
A. E. Lucas (69 claims)
(Spoorweg Emplacement)

Brick-stands

R. Blake
(30)

Dyer

Taylor

claims
Jooste

Myinpacht
Gold Estates

1892 weer eens 'n poging aangewend het om die regering oor te haal om hulle slegs twee jaar kans te gee voordat hulle met die waterskema sou begin. Die moontlikhede vir die "Anglo Transvaal Land and Gold Company" as moedermaatskappy, om fondse in Europa te bekom, het op hierdie stadium rooskleuriger begin word.(51)

'n Regeringskennisgewing word in Januarie 1893 deur W.J. Leyds gepubliseer waarin bekend gemaak word dat die konsessie van die Suid-Afrikaanse Republiek met die "Anglo Transvaal Land and Gold Company" verval, omdat hierdie maatskappy sy ooreenkoms met die regering nie nagekom het nie.(52) Agtien maande daarna word die maatskappy onder likwidasie geplaas en Douthwaite wend 'n desperate poging aan om sy 1,000 pond as waarborg van die regering terug te kry.(53) Die regering kon egter geen grondige rede vind om aan sy versoek te voldoen nie en so was Douthwaite ook sy 1,000 pond kwyt.(54)

Die geweldige droogte wat die Suid-Afrikaanse Republiek tussen 1895(55) en 1896(56) geteister het, het op die inwoners van Klerksdorp 'n groot invloed gehad vanweë die beperkte watervoorraad van die Schoonspruit. In Oktober 1896 word vyf memories onderteken deur 354 inwoners en aan die Uitvoerende Raad gestuur waarin die gebrek aan drinkwater vir huishoudelike gebruik onder die regering se aandag gebring is. Die inwoners het self noodmaatreëls begin tref om putte op

---

(51) S.S. 1661, R1674/89: De Jongh en Stegman/Uitvoerende Raad, 10/8/1892.

(52) S.S. 1661, R5225/88: Gouwermentskennisgewing nr. 5, Pretoria, 13/1/1893.

(53) S.S. 1661, R17164/94: M. Douthwaite/Staatsekretaris, 12/6/1894.

(54) S.S. 1661, R5625/88: Staatsekretaris/De Jongh en Stegman, 5/1/1895.

(55) H.J. Coster, De Locale Wetten der Z.A.R., 1895, p. 357.

(56) S. Wierda, Waterboorrapport, 1896 - 1897, p. 1.

hulle erwe te grawe as 'n tydelike oplossing, maar die droogtes het daartoe bygedra dat selfs hierdie putte opgedroog het. Vir die memoraliste het die enigste oplossing vir hierdie probleem gelê in die oprigting van 'n waterskema om Klerksdorp van skoon drinkwater te voorsien.(57)

Veldkornet A.P.J. Cronjé van Klerksdorp kry op 8 April 1897 die geleentheid om met drie lede van die Uitvoerende Raad naamlik J.H.M. Kock, J.H.M. Wolmarans en P.A. Cronjé 'n onderhoud te voer ten einde die groot aantal memories oor waterklagtes van die inwoners met hulle te bespreek. 'n Pleidooi word aan die regering gerig om doeltreffende waterwerke te ontwikkel. Cronjé was bereid om sodanige projek vir die dorp te inisieer.(58) Vir die regering sou Cronjé se aansoek(59) talle probleme oplos en staatsprokureur Coster wat dadelik begin het om 'n ooreenkoms voor te berei, wou die tydsduur tussen die ooreenkoms en die amptelike aanvangstydperk inkort om 'n vertraging van die waterwerke te beperk.(60)

In die regering se vroeëre ooreenkoms met die "Anglo Transvaal Land and Gold Company" van 1888 is geensins melding gemaak van enige benadeling van waterregte van die Oranje Vrystaat, indien water uit die Vaalrivier onttrek sou word nie. Met die verkiesing van President M.T. Steyn in Maart 1896 as Staatspresident wat ten gunste van nouere samewerking met die Suid-Afrikaanse Republiek was,(61) sou in hierdie ooreenkoms met

---

(57) S.S. 1661, R1749/97: Klerksdorpinwoners/Uitvoerende Raad, 4/2/1897.

(58) S.S. 1661, R5625/88, U.V.R. 13/95, B.B. 577/97, afd. B, H.T.D. de Kock/Staatsekretaris, 9/4/1897.

(59) S.S. 1661, R5225/88 uit R6246/97: J. Wessels/Staatsekretaris, 29/4/1897. J. Wessels (prokureur van Pretoria) het namens A.P.J. Cronjé met die regering onderhandel.

(60) S.S. 1661: "Overeenkomst Waterleidings Concessie", 27/9/1888, p. 108. Vgl. ook voetnoot 62.

(61) A.N. Pelzer, "Kruger en Rhodes", in D.W. Kruger e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 377.

Cronjé, wat oorweeg het om water uit die Vaalrivier te onttrek, deeglik seker gemaak word dat die waterregte van die Vrystaat nie in hierdie proses geskaad sou word nie. Cronjé moes verder seker maak dat hy die nodige toestemming van die grondeienaars langs die Schoonspruit verkry voordat hy met die waterskema sou begin.(62)

A.P.J. Cronjé kry toestemming in Junie 1897 van die grondeienaars van Klerksdorp deur middel van hulle agent William Ferguson Readman dat hulle bereid was om met Cronjé 'n ooreenkoms te sluit rakende sy beplande waterskema vir Klerksdorp.(63) Volgens hierdie ooreenkoms sou Cronjé 'n dam bou of deur middel van pompe water uit die Schoonspruit aan die noordekant van die dorp onttrek vir die verskaffing van water aan Klerksdorp. Hierdie waterwerke van Cronjé kon egter nie op die dorpsgronde opgerig word nie en hy kon nie meer as die helfte van die water uitkeer vir die funksionering van sy waterwerke nie. Gedurende die maande September, Oktober en November moes die Schoonspruit onbelemmerd vloei om voorsiening te maak vir die landboubehoeftes van die oewereienaars laer af langs die spruit. Enige dam wat in die spruit gebou sou word, moes beplan word ooreenkomstig die voorskrifte van die Waterregulasies van die Schoonspruit van 1887. Indien die kontrakteur enigsins verhinder sou word deur oorstromings van die spruit om met die projek voort te gaan, moes 'n nuwe dam gebou word op die plaas Elandsheuwel(64) waar die eerste Voortrekkers die uitkeerdam gebou het.

Cronjé was oortuig dat hy nou die nodige formaliteite afge-

---

(62) S.S. 1661, R5625/88, ad. S.P.R. 2671/94, afd. B: H. Coster/Staatsekretaris, 29/5/1897.

(63) S.S. 1661, R5625/88 uit R6246/97: "Bizondere Lastgeving", W.F. Readman/A.P.J. Cronjé, Junie 1897.

(64) S.S. 7744, R15108/97: Ooreenkoms J.A. Neser/W.F. Readman, 20/10/1897. J.A. Neser (prokureur Klerksdorp) het as regsverteenwoordiger van A.P.J. Cronjé opgetree.

handel het en stuur besonderhede oor sy ooreenkoms met die Klerksdorpinwoners in November 1897 aan die Uitvoerende Raad vir goedkeuring.(65)

Alhoewel die goedkeuring van die grondeienaars van Klerksdorp verkry is ten opsigte van die beplande waterskema, was die inwoners van Elandsheuwel glad nie geneë met die gedagte dat 'n uitkeerdam op die plaas Elandsheuwel gebou word nie. 'n Hernude stryd wat al met die Voortrekkerstigting in Klerksdorp ontstaan het, sou grootliks bydra tot probleme wat A.P.J. Cronjé met sy beplande waterskema sou ondervind.

## 5.3 Die stryd om waterregte tussen Klerksdorp en Elandsheuwel

Die vroeë Klerksdorpgeskiedenis word in so 'n mate deur die water van die Schoonspruit oorheers dat 'n neiging bestaan om water as die allesoorheersende faktor in die ontstaansgeskiedenis van die dorp te sien. Die wisselvallige reënval, droogtetoestande en die oormatige watergebruik deur die Ventersdorpinwoners het daartoe bygedra dat die water van die Schoonspruit vir die Klerksdorpinwoners die oorlewingsfaktor in hulle geskiedenis geword het.

Soos reeds aangetoon het die eerste waterverdelingsooreenkoms in 1839 plaasgevind op die plaas Elandsheuwel tussen die onderste inwoners (die huidige Klerksdorp) en die boonste eienaar as eerste nedersetter C.M. du Plooy. Hiervolgens is aan die Klerksdorpinwoners die vergunning gemaak om 'n watervoor te grawe oor die boonste deel van die plaas Elandsheuwel en 'n dam in die spruit te bou om die nodige water vir huis-

---

(65) S.S. 1661, R5625/88 uit R6264/97: J. Wessels/Staatsekretaris, 22/11/1897.

houdelike gebruik en besproeiing aan al die inwoners te voorsien.(66) Volgens 'n oud-veldkornet van Klerksdorp, B.H. Swart, was hierdie watervoor reeds voor 1852 in die dorp in gebruik.(67)

President M.W. Pretorius het reeds in 1859 tot die besef gekom dat die ordening en regulering van die water langs die Schoonspruit slegs kan plaasvind deur doeltreffende waterregulasies vir die gebied op te stel. Daarom publiseer hy in 'n "Goewermentskennisgeving" die "Water Regulatien voor de plaatsen van Schoonspruit en instructien voor den Waterfiskaal te Klerksdorp" op 28 Oktober 1859. Die beoogde ordening deur Pretorius van die waterprobleme het egter nie met die waterregulasies 'n werklikheid geword nie en inwoners het steeds voortgegaan om die water van die spruit na willekeur te gebruik.(68)

Soos reeds aangedui het een van die inwoners van Elandsheuwel, A. le Grange, hom weinig aan die waterregulasies gesteur en ongestoord water uit die voor onttrek. Dit het in 1863 aanleiding gegee tot 'n hofsaak met D. Jacobs as erfeienaar van Klerksdorp. Hierdie hofsaak is ten gunste van die Klerksdorpinwoners uitgewys sodat Elandsheuwel slegs twee dae water uit die voor kon onttrek. Veldkornet B.H. Swart het na hierdie hofsaak in oorleg met die landdros van Potchefstroom regulasies vir die beheer van die water tussen Klerksdorp en

---

(66) S.S. 774, R3448/99, V.R. 505/99: Aantekeninge Gouvernementskantoor Z.A.R., uit R4889/99 en R3448/99, 5/7/1899.

(67) S.S. 7744, R3448/99: Verklaring B.H. Swart, bylae C, 4/3/1899.

(68) Kyk hoofstuk 2, pp. 35 - 36.

Elandsheuwel opgestel waardeur Klerksdorp vyf dae se voorkeur-watergebruik ontvang het.(69)

Cronjé se gedagte om 'n uitkeerdam op die plaas Elandsheuwel te bou ten einde die waterskema vir Klerksdorp ten uitvoer te bring, het egter die teenstand van die Elandsheuwelinwoners ontlok aangesien hulle nou begin het om aanspraak te maak op die helfte van die water uit die watervoor.(70) Wet nr. 11 van 1894 moes die standpunt van hierdie inwoners beslis beïnvloed het aangesien die wet bepaal het dat die hoërliggende eienaar, vanwaar die water in kanale versprei word, geregtig was om tot soveel as 50% van die water uit die voor vir eie gebruik te onttrek.(71)

Ten einde die verdeeldheid in die Klerksdorpgemeenskap op te los, hou mynkommissaris J.H. Kock in November 1898 'n vergadering met die verteenwoordigers van die Klerksdorpgrondeienaars om riglyne te bepaal om die probleem met Elandsheuwel te besleg.(72) Die vergadering was van mening dat die 1863-waterreëling wat B.H. Swart met die landdros van Potchefstroom aangegaan het,(73) die basis van enige onderhandelings met Elandsheuwel moes vorm. B.H. Swart het egter getwyfel of hierdie uitgangspunt die probleem sou oplos aangesien die

---

(69) Kyk hoofstuk 2, p. 37.

(70) S.S. 7744, R3448/99: J.A. Neser/Gesondheidskomitee Klerksdorp, 20/12/1898.

(71) C.G. Hall, Waterrights in South Africa, p. 65.

(72) S.S. 7744, R3448/99, Notule vergadering Klerksdorp, bylae D, 16/11/1898.

(73) S.S. 7744, R3448/99, Notule vergadering Klerksdorp, bylae D, 16/11/1898.

meeste inwoners nie meer in besit was van die 1863-waterbriewe wat hy aan hulle uitgereik het nie.(74) Verder het landdros Tom self sy kommer teenoor Swart uitgespreek of die 1863-regulasies nog van krag kon wees en was hy ten gunste van 'n kommissie om eers die regsgeldigheid van hierdie regulasies te ondersoek. Op grond van hierdie gedagte van Tom besluit die Klerksdorpverteenwoordigers om so 'n kommissie te benoem wat sou bestaan uit B.H. Swart, A.P. Roos, W. Fourie en Strasheim.(75)

Die feit dat mynkommissaris Kock nie 'n afgevaardigde van Elandsheuwel na hierdie vergadering uitgenooi het nie, het die spanning tussen die twee groepe inwoners verder verhoog. J.A. Neser as die verteenwoordiger van die Elandsheuwelinwoners het onmiddellik by die gesondheidskomitee beswaar aangeteken teen hierdie kommissie wat deur die Klerksdorpinwoners aangewys was om sonder die nodige magtiging van die Elandsheuwelgroep, die waterverdeling en -regulasies te ondersoek. Aangesien die ou dam op die Elandsheuwelplaas gebou was, het hy die standpunt gehandhaaf dat hierdie inwoners die reg het om soveel water as wat hulle sou benodig, uit die voor te onttrek. Neser was bereid om die gesondheidskomitee te dagvaar, indien hulle nuwe waterregulasies tussen Klerksdorp en Elandsheuwel in werking wou stel.(76)

Die nuwe mynkommissaris B.D. Pienaar het besef dat 'n oplossing van hierdie probleem sonder om Elandsheuwel daarby te

---

(74) S.S. 7744, R3448/99, Notule vergadering Klerksdorp, bylae D, 16/11/1898. Vgl. ook S.S. 177, R1586/69: Instruksies van die waterfiskaal, art. 12, 28/10/1859.

(75) S.S. 7744, R3448/99, Notule vergadering Klerksdorp, bylae D, 16/11/1898.

(76) S.S. 7744, R3448/99: J.A. Neser/Gesondheidskomitee, 20/12/1898.

betrek slegs tot verdere geskille en probleme aanleiding sou gee. Nadat hy met Neser 'n onderhoud gevoer het, het Neser in Februarie 1899 homself bereid verklaar om 'n vergadering met die Klerksdorpverteenwoordigers by te woon ten einde 'n eerbare oplossing vir hierdie geskil te verkry. Aangesien Neser as eienaar direk betrokke was by die onttrekking van water uit die voor, het hy voorgestel dat sy regsverteenwoordiger namens hom optree by sodanige vergadering. Die Klerksdorpgroep sou verteenwoordig word deur veldkornet A.P.J. Cronjé, J.P. Masureik en B.H. Swart.(77) Met die vergadering van 25 Februarie het B.H. Swart die byeenkoms onverrigtersake beëindig aangesien hy van mening was dat geen ooreenkoms met Elandsheuwel aangegaan kon word indien Neser, as algemeen aanvaarde woordvoerder van Elandsheuwel, nie persoonlik die vergadering kon bywoon nie.(78)

Veldkornet A.P.J. Cronjé het intussen 'n indringende ondersoek begin loods na die waterposisie van Klerksdorp. Sy bevindinge het daarop neergekom dat die Klerksdorpinwoners se tuine deurgaans verdroog was en nie oor voldoende water beskik het nie.(79) Die betrokke grondeienaars was so ontstoke oor hulle waterposisie dat 27 van hulle aan B.H. Swart en A.P. Roos magtiging verleen om namens hulle in enige regsgeding teen Elandsheuwel as hulle verteenwoordigers op te tree.(80)

Die inwoners van Klerksdorp was nou vasbeslote om 'n einde te maak aan die miskenning van hulle waterregte en hulle be-

---

(77) S.S. 7744, R3448/99: Notule vergadering gesondheidskomitee Klerksdorp, 14/2/1899.

(78) S.S. 7744, R3448/99: Notule gesamentlike vergadering Klerksdorp en Elandsheuwel, 25/2/1899.

(79) S.S. 7744, R3448/99: "Certifikaat A.P.J. Cronjé", bylae H, 3/3/1899.

(80) S.S. 7744, R3448/99: Magtiging 27 grondeienaars van Klerksdorp/B.H. Swart en A.P. Roos, 3/3/1899.

sluit om aan die Uitvoerende Raad 'n memorie te stuur waarin hulle waterregte aan die regering uiteengesit sou word.(81) B.H. Swart en A.P. Roos het in die memorie namens die inwoners verklaar dat Swart die goedkeuring van Elandsheuwel verkry het met die waterverdeling van 1863. Volgens hierdie ooreenkoms wat landdros Bodenstein op 22 Julie 1864 bekragtig het, sou Klerksdorp die reg gehad het om vyf dae water uit die voor te onttrek. Elandsheuwel het tot ongeveer 1898 hierdie ooreenkoms eerbiedig, maar sedertdien onverpoosd voortgegaan om water buite hulle toegestane tye te gebruik.(82)

Dat mynkommissaris Pienaar dit kennelik nagestreef het om die verdeeldheid tussen die inwoners te beëindig, word sterk beklemtoon in sy skrywe aan eerste staatsklerk Krogh. Vir Pienaar kon hierdie probleem slegs opgelos word indien die 1863-waterverdeling in die bestaande Waterregulasies van die Schoonspruit (1887) as wet opgeneem word.(83)

Vir B.H. Swart en A.P. Roos was dit duidelik dat hierdie probleem nie met gedurige memories en ondersoeke opgelos kon word nie, maar dit slegs kon bydra om 'n oplossing van die aangeleentheid te vertraag tot voordeel van Elandsheuwel. Daarom vra hulle in Maart 1899 goedkeuring van eerste staatsklerk Krogh om hulle te woord te staan ten einde die standpunt van die Klerksdorpinwoners persoonlik onder die regering se aandag te bring. Krogh wat bereid was om met Swart en Roos 'n onderhoud te voer, het daarna tot die gevolgtrekking gekom dat die

---

(81) S.S. 7744, R3448/99, V.R. 505/99: B.H. Swart en A.P. Roos/Uitvoerende Raad, 6/3/1899.

(82) S.S. 7744, R3448/99, V.R. 505/99: B.H. Swart en A.P. Roos/Uitvoerende Raad, 6/3/1899.

(83) S.S. 7744, R3276/99: B.D. Pienaar/T. Krogh, 7/3/1899.

Uitvoerende Raad 'n kommissie moes benoem om verklarings van die inwoners af te neem en aan te hoor voordat die regering finaal uitsluitsel oor hierdie saak sou kon gee.(84) Die Uitvoerende Raad het die aanbeveling van Krogh aanvaar en op 28 Maart het F.W. Reitz begin met die samestelling van 'n kommissie om hierdie taak vir die regering af te handel.(85)

B.H. Swart, erkende gemeenskapsleier van Klerksdorp, het sy toevlug tot die regering geneem om 'n kommissie van ondersoek daar te stel om as arbiter tussen Klerksdorp en Elandsheuwel op te tree. Ontnugter het hy besef dat persoonlike individuele belange onversoenbaar was met gemeenskaplike belange.

## 5.4 Die Neethling-kommissie se ondersoek na die Klerksdorp - Elandsheuwel waterverdeling

Die regeringskommissie wat bestaan het uit spesiale landdroste W.H. Neethling (Klerksdorp-voorsitter) en J.H. Maartens (Lichtenburg) en veldkornet A.P.J. Cronjé (Klerksdorp) het op 15 Mei 1899 begin met 'n diepteondersoek na die watergeskil tussen Klerksdorp en Elandsheuwel. Die hooffigure in hierdie ondersoek was J.A. Neser wat namens Elandsheuwel en homself opgetree het, terwyl B.H. Swart en A.P. Roos as Klerksdorpse verteenwoordigers opgetree het. Neser sou ter verdediging van hulle saak poog om aan die staat te bewys dat Elandsheuwel geregtig was op die helfte van die water uit die Schoonspruitvoor wat na Klerksdorp toe vloei.(86)

---

(84) S.S. 7744, R3276/99: T. Krogh/Uitvoerende Raad, 12/3/1899.

(85) S.S. 7744, R3448/99, V.R.B. 1021/99: F.W. Reitz/ J.H. Maartens, 28/3/1899.

(86) S.S. 7744, R3448/99: Neethling-kommissie, Klerksdorp, 15/5/1899.

Vir spesiale landdros Neethling moes hierdie omvattende ondersoek waaroor feitlik geen dokumentêre bewyse bestaan het nie, 'n probleemsituasie geskep het. As spesiale landdros van Klerksdorp sedert 1888[87] het hy as sulks ook die hooffigure in hierdie saak geken en besef dat elkeen sou poog om slegs die bes moontlike vir Klerksdorp of Elandsheuwel te beding.

Een van die eerste getuies wat Neser in sy verdedigingsbetoog gebruik het, was Willem Stefanus van Tonder wat op daardie stadium op die plaas Doornkuil in die distrik Lichtenburg gewoon het. Van Tonder het 'n 2/5-deel van Elandsheuwel in 1858 geërf en sedert sy okkupasie van die plaas tot 1890 het Elandsheuwel slegs twee dae per week waterleidingsregte gehad. Hy bevestig ook die standpunt van B.H. Swart dat Andries le Grange hom weinig aan hierdie reëling gesteur het en uiteindelik in 'n hofgeding met Klerksdorp betrokke geraak het. Die uitslag van hierdie hofsaak kon hy nie in herinnering roep nie, maar hy weet egter dat B.H. Swart aan elke inwoner 'n waterbrief gegee het waarin die waterverdeling uiteengesit was.[88] Hierdie verklaring sou Neser weinig in sy betoog help, aangesien dit in 'n groot mate ooreengestem het met die weergawes van B.H. Swart.[89]

J.A. Neser wat 'n 1/5-deel van Elandsheuwel besit het, het sy betoog gegrond op die feit dat geen serwituut op die Elandsheuweldam of -watervoor op enige transportakte van Elandsheuwel geregistreer was nie.[90] Neser as praktiserende prokureur

---

(87) S.S. 1632, R7790/88: Regeringsaanstelling W.H. Neethling as spesiale landdros Klerksdorp, 23/8/1888 en W.H. Neethling/Mynkommissaris Witpoort, kennisgewing van aanstelling, 25/8/1888.

(88) S.S. 7744, R3448/99: Verklaring W.S. van Tonder, 15/5/1899.

(89) S.S. 7744, R3448/99, B.B. 415/99, V.R.R. 351/99: B.H. Swart/T. Krogh, 8/3/1899.

(90) S.S. 7744, R3448/99: Verklaring J.A. Neser, 15/5/1899.

het waarskynlik besef dat hy met hierdie betoog die saak in die guns van Elandsheuwel kon laat swaai. Volgens "De Wet op Servitute" van 1886 moes alle ongeregistreerde serwitute voor die einde van daardie betrokke jaar op alle koopkontrakte en transportaktes aangebring word.(91) Hierdie serwituut is nie op die transportaktes van Elandsheuwel in 1886 aangebring nie; die "Regulaties voor de plaatsen aan Schoonspruit en Instructie voor den waterfiscaal" van 1887 maak ook geensins melding van 'n waterreëling tussen Klerksdorp en Elandsheuwel nie.(92)

Vir Neser het die veranderde en meer intensiewe akkerboumetodes die vroeëre waterverdeling van 1863 onprakties en onuitvoerbaar gemaak. Elandsheuwel kon slegs met hulle normale landbouproduksie voortgaan, indien hulle oor die helfte van die water van die voor beskik.(93) Neser het in hierdie verband glad nie rekening gehou met die toenemende bevolkingsgroei sedert die goudontdekking in 1886 nie wat uiteraard verdere eise aan die watervoorraad van Klerksdorp gestel het.

Andries le Grange se seun, Louis Jacob le Grange, het 'n vae verklaring aan die Neethling-kommissie voorgehou en kon slegs onthou dat die ondertekening van B.H. Swart se waterbriewe groot ontevredenheid by die Elandsheuwelinwoners uitgelok het. Onder kruisverhoor kon hy ook nie onthou of B.H. Swart hom gedwing het om 'n waterbrief te onderteken nie.(94)

Neser het verder in sy verdediging Johannes M. Neysschen gebruik wat in 1862 die gedeelte van Elandsheuwel bewoon het waarop die dam en watervoor deur die eerste Voortrekkers ge-

---

(91) De Volkstem, 1/7/1886: "De Wet op Servitute".

(92) S.S. 1121, R5790/85: "Bijvoegsel tot de Staats Courant der Z.A.R.", 24/8/1887, pp. 2 - 5.

(93) S.S. 7744, R3448/99: Verklaring J.A. Neser, 15/5/1899.

(94) S.S. 7744, R3448/99: Verklaring L.J. le Grange, 15/5/1899.

bou was. Volgens Neysschen was die Klerksdorpinwoners verantwoordelik vir die woelinge oor water, aangesien hulle gedurig gekla het oor die hoeveelheid water wat hulle uit die watervoor gekry het. Hy het ook 'n waterbrief van B.H. Swart onder protes onderteken, maar was glad nie bewus van die inhoud van die waterbrief nie. Hierdie waterverdeling was vir hom uiteindelik so onaanvaarbaar dat hy sy grond later aan C.J. Theunissen verkoop het.(95)

Met die voortsetting van die kommissie se ondersoek op 16 Mei het Neser onder kruisverhoor ook tot die gevolgtrekking gekom dat Andries le Grange voor die hofsaak van 1863 die water uit die voor na willekeur en tot sy eie voordeel gebruik het. Neser het altyd onder die indruk verkeer dat die beginsel van eweredige waterverdeling(96) die norm was waarvolgens water uit die voor onttrek kon word, aangesien daar geen serwituut op sy plaas geregistreer was nie.(97)

B.H. Swart wat die laaste bydrae gelewer het en verantwoordelik was vir die daarstelling van die waterreëlings tussen Klerksdorp en Elandsheuwel, het in sy betoog aangedui dat die ondertekening van die waterbriewe uiteraard die beperking geïmpliseer het wat op Elandsheuwel se watergebruik geplaas was. Hierdie waterverdeling het volgens Swart met die goedkeuring van die Klerksdorp en Elandsheuwelinwoners plaasgevind.(98)

---

(95) S.S. 7744, R448/99: Verklaring J.M. Neysschen, 15/5/1899.

(96) C.G. Hall, The origin and development of Waterrights in South Africa, p. 54, waarvolgens 'n beginsel neergelê is wat bepaal het dat grondeienaars langs 'n standhoudende stroom, 'n gemeenskaplike reg op water het, maar dat elke eienaar se reg beperk word deur die regte van ander eienaars.

(97) S.S. 7744, R3448/99: Kruisverhoor J.A. Neser, 16/5/1899.

(98) S.S. 7744, R3448/99: Verklaring B.H. Swart, 16/5/1899.

Aangesien die persoonlike element altyd aanwesig sal wees met die aflegging van verklarings oor die verkryging van water, maak dit hierdie verklarings van 1899 des te moeilik om te beoordeel. Hierdie verklarings kan geredelik verwerp word as onbeduidend en niksseggend, maar verskaf tog 'n historiese lyn in die evaluering van die geskil tussen Klerksdorp en Elandsheuwel. Die historiese geldigheid van hierdie verklarings dwing 'n mens om die fokuspunt te verbreed aangesien talle van hierdie verklarings op oorlewering rugsteun.

Historiese teenstrydighede word ook in hierdie verklarings aangetref. J.M. Neysschen het beweer dat volgens oorlewering C.M. du Plooy die eerste ooreenkoms met die Voortrekkers in 1839 gesluit het terwyl J.J. Roos wat 60 jaar in die gebied woonagtig was, verklaar het dat H. Grobler hierdie ooreenkoms aangegaan het.(99)

Die gebrek aan datums en detail blyk uit talle verklarings. So kon drie verklaarders glad nie die uitspraak van die 1863-hofsaak in herinnering roep nie.(100) Slegs B.H. Swart se verklaring toon 'n besondere geloofwaardigheid aangesien hy self die betrokke onderhandelings met die inwoners van Elandsheuwel en die landdros van Potchefstroom in 1863 hanteer het.(101)

Alhoewel die verklarings dikwels vaag en onoortuigend was, gee dit tog 'n beeld van die geestelike ingesteldheid van die inwoners van Klerksdorp. Dat 'n gebrekkige samehorigheidsgevoel onder die inwoners bestaan het, word duidelik weerspieël

---

(99) S.S. 7744, R3448/99: Verklarings J.M. Neyschen, 15/5/1899 en J.J. Roos, 16/5/1899.

(100) S.S. 7744, R3448/99: Verklarings W.S. van Tonder, L.J. le Grange en J.M. Neyschen, 15/5/1899.

(101) S.S. 7744, R3448/99: Verklaring B.H. Swart, 16/5/1899.

in die hofsaak van 1863 oor die waterverdeling van die dorp. Passiewe weerstand as vorm van verset teen die plaaslike reëlings word vergestalt in die hardkoppige weiering van Andries le Grange om aan die waterregulasies gehoor te gee. Individualisme en eiebelang vorm een van die basiese karaktertrekke van die Klerksdorpinwoners van hierdie tydvak wat in 1899 herbevestig word.

## 5.5 Die Neethling-kommissieverslag oor die waterverdeling tussen Klerksdorp en Elandsheuwel

Uit die getuienis en verklarings wat voor die regeringskommissie afgelê is, het die kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat daar sedert die vroeë vestiging van inwoners in die gebied wel 'n ooreenkoms bestaan het tussen Klerksdorp en Elandsheuwel. Die watervoor het oor die Elandsheuwelgrond geloop en hierdie inwoners was sedert 1863 geregtig daarop om twee dae water uit die voor te onttrek. Volgens die wet op serwitute van 1886 is geen serwituut op die waterregte van Elandsheuwel geregistreer nie. Hierdie plaaslike reëling is ook nooit in Wet nr. 17 van 1887 ten opsigte van die waterverdeling van die Schoonspruit as wetgewing vasgelê nie.(102)

Die kern van die inwoners van Elandsheuwel se besware het daarin gelê dat hulle Klerksdorp se bevoegdheid betwis het om oor hulle lot ten opsigte van waterregte te beslis. Die kommissie kon nie daarin slaag om stawende dokumente rakende die waterprobleme uit hierdie vroeë tydvak te vind nie, maar was oortuig dat daar wel sodanige dokumentasie moes bestaan het. Die vernaamste aanbeveling van die kommissie aan die regering was dat die plaas Elandsheuwel onder die jurisdiksie van die waterfiskaal van Klerksdorp geplaas moes word en nu-

---

(102) S.S. 7744, R3448/99: W.H. Neethling/Uitvoerende Raad, 17/5/1899.

we waterregulasies vir Klerksdorp opgestel word wat die goedkeuring van die inwoners sou wegdra.(103)

Spesiale landdros Neethling was oortuig dat hierdie plaaslike probleem deur die inwoners self op 'n eerbare manier opgelos kon word. Die hooffigure in hierdie watergeskil naamlik B.H. Swart, A.P. Roos en J.A. Neser het ag geslaan op hierdie pleidooi van Neethling en bereik op 17 Mei 'n kompromis oor die verdeling van die water tussen Klerksdorp en Elandsheuwel. Hierdie kompromisvoorstelle is in die vorm van 'n memorie ook aan Neethling oorhandig om onder die regering se aandag te bring.(104)

Ten einde hierdie kompromie te bereik het B.H. Swart en A.P. Roos ingestem dat Elandsheuwel 'n 1/4-deel van die waterstroom mag verkry wat vanaf Maandag tot Saterdag deur die inwoners benut kon word. Die memoraliste het aangevoer dat die regering wat reeds groot voordeel uit die plaaslike goudmynbedryf verkry het, die inisiatief behoort te neem om 'n nuwe watervoor en dam vir Klerksdorp te bou. Indien die regering nie bereid sou wees om hierdie projek aan te pak nie, sou Klerksdorp 'n 2/3-deel en Elandsheuwel 'n 1/3-deel van die kostes finansier ten einde die watervoorsiening van die dorp op 'n hegte grondslag te plaas.(105)

Die waarnemende staatsprokureur L.J. Jacobs wat die verslag van die Neethling-kommissie en die memorie van die inwoners bestudeer het, het in Augustus 1899 tot die gevolgtrekking gekom dat Elandsheuwel onder die Waterregulasies vir die

---

(103) S.S. 7744, R3448/99: W.H. Neethling/Uitvoerende Raad, 17/5/1899.

(104) S.S. 7744, R3448/99: J.A. Neser/W.H. Neethling, 17/5/1899.

(105) S.S. 7744, R3448/99: J.A. Neser/W.H. Neethling, 17/5/1899.

Schoonspruit (Wet nr. 17 van 1887) val. Hy bekragtig verder die reëling in die memorie van die inwoners dat Klerksdorp op 'n 3/4-deel van die water uit die voor geregtig sou wees.(106)

Daar word op hierdie stadium geen melding gemaak van die voorstelle van die inwoners rakende die bou van 'n nuwe watervoor en dam nie. Die naderende Anglo-Boereoorlog het verder enige ontwikkeling ten opsigte van waterbeplanning en voorsiening in Klerksdorp in die wiele gery.(107)

---

(106) S.S. 7744, R2597/99: L. Jacobs/T. Krogh, 30/8/1899.

(107) In 1909 het die munisipaliteit van Klerksdorp met 'n watervoorsieningskema vanuit 'n put naby Palmietspruit begin teen 'n koste van R40,000. Die "Klerksdorp Vaal River Waterworks" het eers in 1940 naby Orkney tot stand gekom, vgl. hieroor A. Brown, Golden Heritage. p. 68.

# HOOFSTUK 6

## SLOTBESKOUINGE EN BEVINDINGE: WATERVERDELING AAN DIE SCHOONSPRUIT, 1839 TOT 1899

Die waterverdeling aan die Schoonspruit toon in 'n sekere sin 'n besondere uniekheid in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. Hierdie was die enigste gebied waar die owerheid oor 'n afstand van byna 70 kilometer die water van 'n stroom tussen die inwoners moes verdeel en beheer.

Die verspreiding langs die Schoonspruit bevestig die vermoede dat die eerste nedersetters aan die waterpotensiaal van die spruit getwyfel het en op soek was na groter waterbronne.(1) Dit blyk egter dat met die vestiging na 1839 van die eerste nedersetters by Elandsheuwel die owerheid nie voldoende rekening gehou het met die verspreiding van nuwe intrekkers hoër op langs die spruit in die rigting van Ventersdorp nie. Deur dié verspreiding is die spruit as't ware in twee eenhede verdeel: 'n groep nedersetters wat die hoërliggende deel van die spruit (Ventersdorp) beset het en 'n groep langs die laerliggende gedeelte (Klerksdorpomgewing). Die gunstige posisie van die Ventersdorpinwoners by die oog van die Schoonspruit het meegewerk dat hulle in droë seisoene weinig waterprobleme ondervind het en sodoende kon hulle onverstoord hulle normale kwota water uit die spruit onttrek. Die uitgangspunt van die owerheid was dus later in die negentiende eeu daarop ingestel om die waterregte van die laerliggende oewerbewoner te beskerm.

Met die toenemende vestiging van nedersetters in Ventersdorp in die vyftigerjare het hierdie plaaseienaars hulle weinig ge-

---

(1) Kyk hoofstuk 2, p. 23.

steur aan die regulasie wat Jacob de Klerk in 1840 toegepas het: elke plaas kon slegs oor een dam en watervoor beskik.(2) Die onafhanklike houding van die Ventersdorpse nedersetters word verder weerspieël in hulle poging onder leiding van J.H. Venter, om reeds in 1859 'n dorp op die plaas Elandskuil tot stand te bring.(3)

Die gebrekkige administratiewe koördinering en ordening van die Schoonspruit, wat grootliks toegeskryf kan word aan die destyds gebrekkige kommunikasiestelsel, het aan die landdros van Potchefstroom heelwat hoofbrekens besorg. Voor die verskyning van die Staats Courant in September 1857 het die landdros die tydrowende taak gehad om die Volksraadsnotule af te skryf en aan elke veldkornet in sy wyk te besorg. Na die weeklikse verskyning van die Staats Courant moes die veldkornet nog steeds al die amptelike kennisgewings, wette en besluite mondelings aan die inwoners van sy wyk oordra.(4)

Dit het dikwels gebeur dat die publiek nie op hoogte was van die optredes van die owerheid nie. Om hierdie probleem te oorbrug, was die Volksraad later verplig om die veldkornet van 'n paar kopieë van die Volksraadsnotule te voorsien ten einde sy taak in sy wyk te vergemaklik. Volksraadsnotules was tydens wyksvergaderings die besprekingspunte met die veldkornet as die persoon wat aan sy mense moes probeer verduidelik hoedanig die betrokke wetgewing hulle sou raak. Die reaksie van die inwoners is gewoonlik vergestalt in 'n verslag of memorie wat die veldkornet eerste onderteken het. Dit was

---

(2) Kyk hoofstuk 2, p. 21.

(3) Kyk hoofstuk 3, p. 42.

(4) Die hiernavolgende omskrywing oor die skakeling tussen die Volksraad en die veldkornet, is ontleen aan W.A. Kleynhans, Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek, pp. 4 - 6 en 19.

ook duidelik dat sommige veldkornette dit moeilik gevind het om die wette korrek te interpreteer en hulle taak is verder bemoeilik deurdat hulle moes byhou by die talle wysigings van bestaande wette wat plaasgevind het.

In die plaaslike geskiedenis van Klerksdorp en Ventersdorp is die memoriestelsel ten volle benut. Hierdie memories vorm uiteraard die grondslag vir die beoordeling van die strydvrae oor waterkwessies waarmee die inwoners toenemend te doen gekry het. Die groot getal memories en teenstrydige memories het dikwels nie net by die regering nie, maar ook by die plaaslike inwoners verwarring veroorsaak. Leiersfigure in die gemeenskappe het die inwoners oortuig van besondere rigtings wat ingeslaan behoort te word soos dit duidelik in die memories na vore kom. Die individualistiese eiebelang van die enkeling en gemeenskap word deur die Klerksdorp-Ventersdorpmemories weerspieël.

Die tydperk 1839 tot 1899 word gekenmerk deur pogings vanaf regeringskant om deur 'n beleid van konsensus die inwoners langs die Schoonspruit se waterprobleme te hanteer. Die regering se simpatieke hantering van die talle memories en skrywes van die inwoners uit die Schoonspruitgebied bevestig die standpunt van die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek dat die volkstem belangrik is in die besluitnemingsproses van die owerheid. Beide die Joubert-[5] en Neethlingkommissies[6] van ondersoek het uiteindelik daarin geslaag om tussen botsende groepe langs die spruit kompromieë te sluit in belang van die ontwikkeling van die gebied. Vir die ekonomiese oplewing van die Suid-Afrikaanse Republiek en die toenemende landbou- en mynbedrywighede van Ventersdorp en Klerksdorp na 1885, was die effektiewe oplossing van die waterprobleme van die Schoonspruit dus belangrik.

---

(5) Kyk hoofstuk 3, pp. 74 - 77.

(6) Kyk hoofstuk 5, pp. 158 - 159.

Die gebrekkige dokumentering van waterregulasies, grondtransaksies en serwitute in die vroeë geskiedenis van Klerksdorp en Ventersdorp het grootliks bygedra tot botsings en tweedrag wat tussen die inwoners ontwikkel het. Die nie-bekragtiging van regulasies in 1861 deur die Volksraad het die Klerksdorp-Ventersdorpgeskil ten grondslag gehad.(7)

Die waterregulasies wat in 1861 deur M.W. Pretorius en later in 1887 in die Schoonspruitgebied toegepas is, is uitsluitlik opgestel met die doel om die waterverdeling tussen die plase langs die spruit te orden. In hierdie proses is glad nie aandag geskenk aan die verskansing van die watervoorsiening van Ventersdorp en Klerksdorp nie. Indien 'n serwituut in 1886 op die waterreg van Elandsheuwel geplaas was,(8) sou die Klerksdorp-Elandsheuwelvete (1898 - 1899) vermy kon gewees het. Ook sou 'n serwituut op die gronde van W.P. Taylor waarop die Ventersdorpwatervoor geleë was(9) die waterkrisis van Ventersdorp in die tydperk 1896 tot 1899 voorkom het.

Die aandeel van die plaaslike inwoners in die watergeskiedenis van die Schoonspruit hoef geensins onderskat te word nie. Alhoewel die insette van die inwoners dikwels persoonlik gekleur was, het konstruktiewe oplossings wel na vore getree. In 'n poging van die regering om 'n nuwe watervoor vir Ventersdorp te verkry, het die inwoners uiteindelik die oplossing vir die regering daargestel deur voor te stel om saam te werk en die bestaande watervoor effektief te herstel.(10) Alhoewel regeringsbetrokkenheid wel 'n rol gespeel het in die Klerksdorp-Elandsheuwelgeskil, het die inwoners uiteindelik self 'n

---

(7) Kyk hoofstuk 3, pp. 66 - 68.

(8) Kyk hoofstuk 5, p. 155.

(9) Kyk hoofstuk 4, pp. 117 - 118.

(10) Kyk hoofstuk 4, p. 128.

eerbare kompromis bewerkstellig deur hulle eie waterverdeling daar te stel.(11)

Na die ontdekking van goud in 1885 in die Klerksdorpomgewing het die water van die Schoonspruit die lewensaar vir die voortbestaan en ontwikkeling van hierdie dorp geword. Die toenemende eise wat die mynbedryf en die stygende inwonergetal aan die beskikbare water van die spruit gestel het, moes noodwendig die gesondheidsposisie van die inwoners bedreig het. Anders as in die Suid-Afrikaanse Republiek het die regering van die Kaapkolonie reeds in 1879 begin met 'n projek om een vyfde leningsvoorskot aan plaaslike besture toe te staan vir die verskaffing van water vir huishoudelike en besproeiingsgebruike in dorpe.(12) Dit is opvallend dat die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek nie drastiese stappe geneem het om 'n doeltreffende waterskema vir Klerksdorp daar te stel nie. Die regering het wel in 1887 aan die "Anglo Transvaal and Land Company" 'n konsessie verleen om water aan die dorp te voorsien, maar het weinig simpatie gehad met hierdie maatskappy toe hulle nie betyds buitelandse kapitaal byeen kon bring om hierdie waterskemaprojek van stapel te stuur nie.(13) Die uitgerekte vete tussen Klerksdorp en Elandsheuwel in die tydperk 1898 tot 1899 het ook A.P.J. Cronjé se waterskema skipbreuk laat ly.(14)

Ondanks die gebrek aan 'n doeltreffende waterskema het die gesondheidskomitee, as plaaslike bestuur van Klerksdorp, daarin geslaag om met die toepassing van gesondheidsregulasies 'n gesondheidstandaard daar te stel. Alhoewel die gesondheids-

---

(11) Kyk hoofstuk 5, p. 159.

(12) R.A. Snethlage, "Memorandum vruchtbaarmaking van den grond door bevloeiing of irrigatie" in Groenboeke der Z.A.R., nr. 175, p. 10.

(13) Kyk hoofstuk 5, p. 144.

(14) Kyk hoofstuk 5, pp. 147 - 153.

komitee deur die inwoners verkies is, was hierdie komitee afhanklik van die mynkommissaris, as regeringsamptenaar en voorsitter van die komitee, om die belange van die dorp te bevorder. Juis vanweë sy posisie as amptelike regeringsonderhandelaar het die mynkommissaris egter nie sy posisie onnodig in die gedrang gebring deur buitengewone eise aan die regering te stel nie. Dit wil soms voorkom asof die mynkommissaris meer belang by die handhawing van vrede en orde onder die Klerksdorpinwoners gehad het[15] as die daarstelling van 'n ontwikkelende en vooruitstrewende dorp.

In die Ventersdorpgebied het die waterkommissie as plaaslik verkose bestuur sedert 1889 die wye steun van die inwoners geniet. Dié kommissie het die rol van 'n dorpsraad vervul, maar het oor geen besondere bevoegdheid soos 'n dorpsraad beskik nie. Met die gevolg dat 'n aspek soos gesondheidsdienste nie aandag gekry het nie. Die beperkte jurisdiksie van die waterkommissie het verder meegebring dat hulle magteloos was om beheer uit te oefen oor watervore wat buite die dorpsgrense uitgegrawe is.[16] Die plaaslike inwoners se kritiek teen die waterkommissie het mettertyd sy rol en funksie in Ventersdorp bevraagteken. Sedert 1896 het die landdros van Potchefstroom hierdie plaaslike bestuur geïgnoreer en in wateraangeleenthede op die advies van die vrederegter en veldkornet staatgemaak. Die feit dat die landdros, deur middel van sy plaaslike amptenare, die plaaslike aangeleenthede in Ventersdorp hanteer het, dui op die miskenning van die demokratiese regte van die inwoners van Ventersdorp wat die waterkommissie, ten spyte van sy beperkte jurisdiksie, as die plaaslike spreekbuis beskou het.[17]

---

(15) Kyk hoofstuk 5, p. 149.

(16) Kyk hoofstuk 4, p. 120.

(17) Kyk hoofstuk 4, p. 119.

Die "Regulasies voor de plaatsen aan Schoonspruit en instructie voor den Waterfiscaal" 1887 kan as 'n besondere keerpunt in die watergeskiedenis van die Schoonspruit beskou word. Die regering het hierdeur sy posisie bevestig as die amptelike kontroleur van water. Die sukses van hierdie waterregulasies het grootliks gesentreer rondom effektiewe kontrole en beheer deur die hoofwaterfiskaal as amptelike regeringsamptenaar.

Vanweë die omvangrykheid van sy funksies as kontroleur van die damme en watervore langs die Schoonspruit oor 'n afstand van 70 kilometer, was daar al met die instelling van hierdie pos in 1887 twyfel oor die moontlikheid dat een persoon dit suksesvol sou kon implementeer.(18) Inderdaad was dié twyfel geregverdigd en het die onvermoë van die hoofwaterfiskaal die skyf van kritiek van die plaaslike inwoners langs die spruit geword.(19)

Na 'n tydperk van byna vyftig jaar van besproeiing deur die oewerbewoners langs die Schoonspruit ontstaan die vraag nou in watter mate hierdie besproeiingsaktiwiteite die akkerbou bevorder het en as sulks 'n bydrae tot die ekonomie van die Suid-Afrikaanse Republiek gelewer het. Gebrek aan statistiese opgawes deur die Suid-Afrikaanse Republiek oor die landbou en veeteelt maak dit onmoontlik om te bepaal in hoedanige mate vooruitgang wel in hierdie gebied plaasgevind het. Die feit dat die regering teen 1889 aansienlike bedrae bestee het aan die invoer van mielies en meel, dui op 'n beperkte produksie in die Suid-Afrikaanse Republiek.(20) Dit is dus moontlik dat ook die Schoonspruitgebied 'n lae produksiepeil gehandhaaf het.

---

(18) Kyk hoofstuk 3, pp. 79 - 80.

(19) Kyk hoofstuk 4, pp. 104 - 105.

(20) R.A. Snethlage, "Memorandum vruchtbaarmaking van den grond door bevloeiing of irrigatie" in Groenboeke der Z.A.R., nr. 175, p. 8.

Slegs Potchefstroom se gebruik van water uit die Mooirivier met sy netwerk kanaalstelsels het 'n positiewe landbou-infrastruktuur in die Suid-Afrikaanse Republiek getoon. Die effektiewe benutting deur die boere van hierdie kanaalstelsel het meegebring dat Potchefstroom produkte uitgevoer het na Kimberley en die Oranje-Vrystaat.(21)

Teen 1895 het die waterbeplanning en -navorsing in die Suid-Afrikaanse Republiek veel te wense oorgelaat, 'n feit wat uiteraard die landbouekonomie as sulks moes beïnvloed het. Ondoeltreffende damme, kanale, 'n gebrek aan reservoirs en swak beheer oor afloopwater het meegebring dat besproeiing nooit werklik tot sy reg gekom het nie. Waar die deursnee boer in die vyftigerjare ten minste 5,000 akker nodig gehad het om 'n bestaan vir hom en sy gesin te verseker, het die boer teen die einde van die eeu steeds dieselfde grootte plaas nodig gehad om sy voortbestaan te verseker.(22)

Die behoefte aan 'n sentrale koördinerende regeringsliggaam teen 1899 het 'n vereiste geword om besproeiing, wateraanlegte en die instandhouding van waterbronne op 'n hegte grondslag te plaas.

Maar vanweë die individualistiese karaktertrekke van die inwoners van die Schoonspruitgebied kon die regering moeilik daarin slaag om individuele belange met landsbelange te versoen. In 'n verslag oor besproeiing in die negentigerjare meld F.G. Gamble tereg dat "the South African farmer or Boer, whether of Dutch or French extraction, is extremely suspicious of all Government interference or control. Indeed some farmers

---

(21) R.A. Snethlage, "Memorandum vruchtbaarmaking van den grond door bevloeiing of irrigatie" in Groenboeke der Z.A.R., nr. 175, p. 7.

(22) C.M.C. Wilcocks, Report on irrigation in South Africa, 1901, p. 5.

thought the Irrigation Act to be a dodge whereby the Government hoped to get their farms away from them."(23)

Water, wat in ons geskiedenis 'n belangrike rol gespeel het in die ontstaan en ontwikkeling van gemeenskappe, het aanleiding gegee tot 'n waterregbeginsel naamlik dat water òf privaat- òf algemene besit was. Ten spyte van waterregulasies, -wette en -beperkings wat sedert die volksplanting aan die Kaap ontstaan het, was die sedelike veroordeling van oneerlikheid in wateraangeleenthede nie deel van die normatiewe in die watergeskiedenis in die negentiende eeu nie.

Die individualistiese egoïs - aan die oewers van die Schoonspruit en ook elders in ons land - het dikwels in die watergeskiedenis die gemeenskap oor die hoof gesien en die samehang tussen enkeling en gemeenskap tot eie voordeel misken.

---

(23) R.A. Snethlage, "Memorandum vruchtbaarmaking van den grond door bevloeiing of irrigatie" in Groenboeke der Z.A.R., nr. 175, p. 10.

# BRONNE

## 1. LITERATUUR

Boëseken, A.J.: "Jan van Riebeeck en sy stigtingswerk, 1652 - 1662." In Krüger, D.W. e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika. Tweede uitgawe, Nassou, Kaapstad, 1965.

Bosman, I.D.: "Die Groot Trek, 1838 - 1854." In Krüger, D.W. e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika. Tweede uitgawe, Nassou, Kaapstad, 1965.

Brown, A.: Golden Heritage. Prinforme, Stilfontein, 1983.

Cachet, F. Lion: De Worstelstrijd der Transvalers : Aan het volk van Nederland verhaald. Amsterdam, 1882.

Denny, G.A.: The Klerksdorp Gold Fields : Being a description of the geologic and of the economic conditions obtaining in the Klerksdorp district, South African Republic. Macmillan and Company, New York, 1897.

Guest, H.M.: Klerksdorp, fifty years of Mining. The New Klerksdorp Record, Klerksdorp, 1938.

Guest, H.M.: Portfolio of Klerksdorp views. Printer Stationer, Klerksdorp, 1910.

Guest, H.M.: Voortrekkerdorp. Potchefstroom Herald/Klerksdorp Record, Klerksdorp, 1939.

Hall, C.G.: The origin and development of waterrights in South Africa. University Press, Oxford, 1939.

Hall, C.G.: Waterrights in South Africa. Juta, Cape Town, 1933.

Jeppe, C.B.: Gold Mining on the Witwatersrand. Vol. I, Cape Times, Cape Town, 1946.

Juta, H.: Waterrights under the common law and the Irrigation Act Nr. 32 of 1906. Juta, Cape Town, 1907.

Krüger, D.W., Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika. Tweede uitgawe, Nassou, Kaapstad, 1965.

Krüger, D.W.: "Britse kolonies en Boererepublieke, 1854 - 1872." In Krüger, D.W. e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika. Tweede uitgawe, Nassou, Kaapstad, 1965.

Meintjes, J.: The Voortrekkers : The story of the Great Trek and the making of South Africa. Cassell, London, 1973.

Pelzer, A.N.: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel I: Wordingsjare. A.A. Balkema, Kaapstad/Amsterdam, 1950.

Pelzer, A.N.: "Kruger en Rhodes." In Krüger, D.W. e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika. Tweede uitgawe, Nassou, Kaapstad, 1965.

Preller, G.S.: Voortrekker wetgewing: Notule van die Natalse Volksraad, 1839 - 1845. Van Schaik, Pretoria, 1924.

Ras, A.C.: Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestigingswerke, 1652 - 1713. Registeruitgawe nr. 2, Tafelberguitgewers, Kaapstad, 1959.

(Stadsraad) Stellenbosch, 1679 - 1929. Hortors, Stellenbosch, 1929.

Steyl, G.C.: "Van die placaate tot 'n moderne waterwet." In Venter, F.A., e.a. (reds.), Water. Afrikaanse Pers Boekhandel vir Ministerie van Waterwese, Johannesburg, 1970.

Van der Merwe, P.J.: Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770 - 1842. W.P. van Stockum en Zoon, Den Haag, 1937.

Van der Merwe, P.J.: "Van verversingspos tot landbou-kolonie." In Krüger, D.W. e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika. Tweede uitgawe, Nassou, Kaapstad, 1965.

Van der Walt, A.J.H.: "Die eeu van die veeboer-pionier, 1707 - 1779" en "Die Groot Trek tot 1838." In Krüger, D.W. e.a. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika. Tweede uitgawe, Nassou, Kaapstad, 1965.

Venter, F.A.: Water. Afrikaanse Pers Boekhandel vir Ministerie van Waterwese, Johannesburg, 1970.

Yssel, J.A.: Gedenkboek eeufeesvierings Ysselfamilie van Elandskuil, 1851 - 1951. Hayne en Gibson, Johannesburg, 1951.

## 2. ONGEPUBLISEERDE BRONNE

Haasbroek, D.J.P.: Die Geskiedenis van Potchefstroom, 1838 - 1881. M A-verhandeling, P U vir C H O, 1955.

Kleynhans, W.A.: Die rol van memories in die Zuid-Afrikaansche Republiek. D. Phil-proefskrif, U P, 1964.

Kotze, J.S.: Geskiedenis van die Wes-Transvaalse diamantdelwerye. M A-verhandeling, P U vir C H O, 1972.

Potgieter, F.J.: Die vestiging van die Blanke in Transvaal, 1837 - 1886, met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing. D. Phil-proefskrif, P U vir C H O, 1955.

Marx, R.: Memorandum : Watter is die oudste dorp in Transvaal? Klerksdorp, November 1985.

Scott, J.B.: The Eastern Cape, 1700 to 1800 : a general survey. M A-verhandeling, U P E, 1968.

Van Aswegen, H.: Geskiedenis van Ventersdorp. Stadsraad van Ventersdorp, s.a.

Van Coller, H.P.: P.A. Cronjé : 'n lewenskets. D. Phil-proefskrif, U P, 1946.

Van den Bergh, G.N.: Memorandum : Ontstaansdatum van Klerksdorp. Potchefstroom, Mei 1985.

## 3. KOERANTE

Die Volkstem: 8/6/1886, 21/4/1887, 23/6/1887, 25/6/1887, 14/7/1887 en 9/12/1938.

Klerksdorp Mining Record (1889 - 1890), die Record of Klerksdorp and the Western Transvaal (15/9/1916), later Western Transvaal Record, 15/5/1984, 8/6/1984, 17/5/1985 en 7/6/1985.

The Potchefstroom Herald: 29/3/1912 en 23/5/1978.

Die Vaderland: 31/1/1984, 1/2/1984, 6/3/1984, 27/3/1984 en 10/5/1985.

Die Beeld: 23/3/1984.

## 4. TYDSKRIFARTIKELS

Brown, C.: "Eureka en Sheba", in Lantern, Jaargang XIX, nr. 1, Pretoria, September 1969.

Calitz, P.: "Die eerste stukkie Suid-Afrikaanse bodem is op 1 Mei 1652 omgespit", in Landbouweekblad : Feesjaaruitgawe, Jaargang 33, nr. 1706, 26/3/1952.

Graham, T.: "Oudste of nie?", in Overvaal Museumnuus, vol. 12, nr. 2, Junie 1985.

"Klerksdorp Mining Fields 1887 - 1957", spesiale bylae tot Western Transvaal Record, Mei 1957.

Lintvelt, H.G.: "Die Vryburgers was die eerste Suid-Afrikaners", in Die Huisgenoot : Feesuitgawe, deel XXXVI, nr. 1563, 7/3/1952.

Marx, R.: "Wanneer is Klerksdorp gestig?", in Overvaal Museumnuus, vol. 11, nr. 4, Desember 1984.

Marx, R.: "Oorsprongsdatum wek polemiek", in Overvaal Museumnuus, vol. 12, nr. 3, September 1985.

Orford, J.G.: "A street called Boom - some glimpses of pioneer Klerksdorp", in Contree, nr. 2, Junie 1977.

Van den Bergh, G.N.: "Is Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal?", in Contree, nr. 18, Pretoria, Julie 1985.

## 5. REGERINGSPUBLIKASIES

Ameshoff, H.A.: De Locale Wetten der Z.A.R., 1888 - 1889: Volksraadsbesluiten, Proklamaties en Regeringskennisgevingen. Staatsdrukkerij der Z.A.R., Pretoria, 1890.

Coster, H.J.: De Locale Wetten: Volksraadsbesluiten der Z.A.R., 1895. Staatsdrukkerij der Z.A.R., Pretoria, 1896.

Jeppe, F.: De Locale Wetten der Z.A.R.: Volksraadsbesluiten der Z.A.R., 1886 - 1887. Staatsdrukkerij der Z.A.R., Pretoria, 1888.

Notulen der verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Tweeden Volksraad der Z.A.R., aanvangende den 3 den Mei 1897. Staatsdrukkerij der Z.A.R., Pretoria, 1897.

Schagen van Leeuwen, J.A.: De Locale Wetten: Volksraadsbesluiten der Z.A.R., 1896. Staatsdrukkerij der Z.A.R., Pretoria, 1897.

Snethlage, R.A.: "Memorandum Vruchtbaarmaking van den Grond door Bevloeiing of Irrigatie", in Groenboeke der Z.A.R., nr. 175, Staatsdrukkerij der Z.A.R., Pretoria, 1895.

Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek: 1881 (nr. 16), 24/8/1887, 17/2/1888, 10/7/1889 en 1/8/1894.

Wetten van die Unie van Zuid-Afrika, 1912. Goevermentsdrukker, Kaapstad, 1912.

Wierda, S.: Waterboorrapporte, 1896 - 1897. Staatsdrukkerij der Z.A.R., Pretoria, 1897.

Willcocks, C.M.C.: Report on Irrigation in South Africa. Argus Company, Cape Town, 1904.

## 6. ARGIVALE BRONNE

Alle geraadpleegde argivale bronne (nrs. 6.1 - 6.7) is in die Transvaalse Argiefbewaarplek te Pretoria beskikbaar.

6.1 Argief van die Staatsekretaris van die Z.A.R. (S.S.): Staatsekretaris Inkomende Stukke en Staatsekretaris Uitgaande Stukke.

| Band | | Datum |
|---|---|---|
| S.S. 24 | : | Januarie - Maart 1859 |
| S.S. 29 | : | Oktober - November 1859 |
| S.S. 41 | : | Januarie - Maart 1862 |
| S.S. 42 | : | Maart - Junie 1862 |
| S.S. 90 | : | Julie - Augustus 1867 |
| S.S. 105 | : | Januarie - Augustus 1868 |
| S.S. 117 | : | Maart - Desember 1869 |
| S.S. 133 | : | April - Junie 1871 |
| S.S. 188 | : | Mei - Junie 1875 |
| S.S. 282 | : | Mei 1878 |
| S.S. 360 | : | September 1879 |
| S.S. 958 | : | Julie 1884 |
| S.S. 1121 | : | Oktober - November 1885 |
| S.S. 1051 | : | Maart - April 1885 |
| S.S. 1289 | : | Oktober 1886 |
| S.S. 1385 | : | April 1887 |
| S.S. 1417 | : | Junie 1887 |
| S.S. 1488 | : | November 1887 |
| S.S. 1503 | : | November - Desember 1887 |
| S.S. 1604 | : | April 1888 |
| S.S. 1632 | : | Junie 1888 |
| S.S. 1660 | : | Junie 1888 |
| S.S. 1661 | : | Junie 1888 |
| S.S. 2178 | : | Desember 1888 |
| S.S. 2219 | : | Januarie 1890 |
| S.S. 3184 | : | Januarie 1892 |
| S.S. 6898 | : | Desember 1897 |
| S.S. 7744 | : | Maart 1899 |

6.2 Uitvoerende Raadsbesluite, 1857 - 1864. (U.R.)

6.3 Volksraadsbesluite, 1853. (V.R.B.)

6.4 Argief Klerksdorpse Delwerye. (Kp.)

6.4.1 Kp. nr. 145 : Veldkornet Inkomende stukke, 1889 - 1899.

6.4.2 Kp. nr. 152 : Gesondheidskomitee, 1897 - 1900.

6.5 Argief Landdros Potchefstroom.

6.5.1 Transportaktes, verklarings van kopers, 1885.

6.5.2 Aktes van Transport, nr. 58, 1868 - 1869.

6.5.3 Landdros Briewe kopieboek, Julie 1869 - Augustus 1872.

6.5.4 Landdros Inkomende stukke 1860 - 1866, deel II. Briewe van Veldkornetten.

6.5.5 Landdros Inkomende stukke, band 3, 1864 - 1867.

6.5.6 Landdros Inkomende stukke, 1870.

6.5.7 Landdros Inkomende stukke, 1880.

6.6 Lautsversameling, band 16: Nederlandse koerante.

6.7 Waterhof Register 363, nr. 3: Schoonspruit.

6.8 Argief Klerksdorpse Stadsraad.

6.8.1 Notule 1078ste Stadsraadsvergadering, 30/1/1984.

6.8.2 Korrespondensie 10/1/4/1 : 28/6/1985.
Korrespondensie 10/1/4/1 : 15/7/1985.
Korrespondensie 10/1/4/1 : 13/9/1985.

7. KAARTE

7.1 Departement van Waterwese, Potchefstroom, nr. 2626: Wes-Rand.

7.2 Kaarte in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria.

7.2.1 S.S. 958 : Ventersdorp watervoor, p. 110.

7.2.2 S.S. 1417 : Sketskaart voorgestelde watervoor Ventersdorp, p. 87.

7.2.3 S.S. 133 : Sketskaart van Klerksdorp 1871, p. 205.

7.2.4 S.3/1514 uit R15716/96 : Klerksdorp 1896.

7.2.5 S.2/90, R2807/89 uit R5625/88 : "Anglo Transvaal Land en Grond Gezelschap, Klerksdorp Water Werken, tekening 1403, Algemene Plan." Pritchard Civil Engineer, London, 14/2/1889.

# SYNOPSIS

The settlement of the first Voortrekkers on the banks of the Schoonspruit at more or less 1838 laid the foundation for the establishment of the Elandsheuwel settlement (the later Klerksdorp). The unpredictable rainfall and the often limited flow of the Schoonspruit contributed to the fact that new arrivals moved upstream where they had already established in large numbers in the vicinity of the present Ventersdorp in the middle of the nineteenth century.

Hence the spruit was practically divided into two units: a group of settlers who occupied the higher reaches of the spruit (Ventersdorp) and a group along the lower reaches (Klerksdorp region). The favourable location of the Ventersdorp inhabitants at the origin of the Schoonspruit contributed to the fact that they had fewer water problems during the dry seasons, hence they could withdraw freely their normal quota of water out of the spruit. Later in the nineteenth century the authorities were determined to protect the proposed water rights of the inhabitants of the lower reaches.

With ever increasing settlement of settlers in Ventersdorp during the fifties there farm owners paid scant attention to the regulations which Jacob de Klerk applied in 1840: each farm was allowed only one dam and irrigation ditch. The independant attitude of the Ventersdorp settlers was further reflected in their attempt, under the leadership of J.H. Venter, to found a town on the farm Elandskuil in 1859.

The fact that Klerksdorp and Ventersdorp experienced similar problems in respect of water and similar requirements in respect of water supply, didn't enhance their co-operation.

Since 1859 there came to the fore along the banks of the Schoonspruit two self-interested groups. Klerksdorp and Ventersdorp each wanted to handle and promote their own interests.

The scanty documentation of the water regulations, property transactions and servitudes in the earlier history of Klerksdorp and Ventersdorp largely contributed to the clashes and discord that developed among the inhabitants. The non-confirmation of regulations by the "Volksraad" in 1861 resulted in the Klerksdorp Ventersdorp controversy.

Adriaan Röscher who settled in Ventersdorp in 1874 ultimately became the founder of Ventersdorp and the architect of the water regulations for Ventersdorp and the Schoonspruit.

The "Regulasies voor die plaatsen aan Schoonspruit en instructie voor den Waterfiscaal" of 1887 can be recognised as an unique turning point in the history of the water of the Schoonspruit. By this the government confirmed its position as the official controller of water. The success of these water regulations largely centered around the effective control and administration by the chief water-bailiff as official government servant.

The water regulations that were applied by M.W. Pretorius in 1861 and later in 1887 in the Schoonspruit area, were exclusively composed with the aim to determine the division of water between farms along the spruit. In this process no attention was given to the entrenchment of the water supply of Ventersdorp and Klerksdorp.

In Ventersdorp a serious water crisis developed in 1896 as a result of the fact that W.P. Taylor as foreigner, placed a limit on the withdrawal of water out of the main water ditch of the farm, "Oog van Schoonspruit".

After the discovery of gold in 1885 in the vicinity of Klerksdorp the water of the Schoonspruit became the stream of life for the future existance and development of this town. The increasing demands, that the mining industry and the increasing population imposed on the available water of the spruit, in-

evitably threatened the hygienic position of the inhabitants. In 1887 the government gave concession to the "Anglo Transvaal and Land Company" to supply water for the town, but they had very little sympathy with this company when they could not raise foreign capital timeously to launch this hydro project. The drawn out feud between Klerksdorp and Elandsheuwel during the period 1898 to 1899 also wrecked the water scheme of A.P.J. Cronjé.

Water that played a very important historical role in the origin and development of societies resulted in a principle relating to water rights, namely that water was either in private or communal possession. In spite of moral condemnation existing since the colonization of the Cape in respect of regulations, acts and limitations were not part and parcel of the normal history of water in the nineteenth century.